

**DIE  
TRADISIONELE  
CHRISTENDOM**

**Waarheid of Misleiding?**

**Ewald Frank**

©Kopiereg deur:

Uitgewers: Freie-volksmission e. V.  
P.O. Box 100707, 47707 Krefeld, Germany

ISBN 3-920824-03-2

\*\*\*\*\*

Eerste Duitse Uitgawe: Vroeg 1992  
Eerste Engelse Uitgawe: Herfs 1993  
Eerste Afrikaanse Uitgawe: Lente 2019

*As U Woord nie meer geldig is nie,  
Waarop sal my geloof dan rus.  
Dit gaan nie vir my oor 'n duisend wêrelde nie,  
Maar slegs om U Woord te doen.  
(N.L. GRAAF V. ZINZENDORF)*



## INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD .....	7
<b>INLEIDING</b> .....	<b>9</b>
HOOFSTUK 1 .....	12
<b>DIE PROEFSTELLING – AKTUELE GEESTELIKE ONDERSOEK</b>	
HOOFSTUK 2 .....	22
<b>DIE VROEË CHRISTENDOM EN DIE DAAROPVOLGENDE PERIODES</b>	
HOOFSTUK 3 .....	29
<b>TRAGIESE KOERSWISSELING</b> — <b>DIE BEGIN VAN DIE ONHEILSGESKIEDENIS</b>	
HOOFSTUK 4 .....	38
<b>DIE ONGEGRONDE AANSPRAKE VAN DIE POUS</b>	
HOOFSTUK 5 .....	46
<b>WIE IS MARIA?</b>	
HOOFSTUK 6 .....	51
<b>WAT IS DIE "MARIOLOGIE"?</b>	
HOOFSTUK 7 .....	59
<b>DIE REFORMASIE — 'N NUWE BEGIN</b>	
HOOFSTUK 8 .....	64
<b>DIE GODHEID</b>	
HOOFSTUK 9 .....	69
<b>DIE GETUIENIS VAN GOD SELF</b>	
HOOFSTUK 10. ....	72
<b>DIE GEES-LIGGAAMLIKHEID VAN GOD</b>	
HOOFSTUK 11. ....	75
<b>DIE HEERLIKHEID VAN DIE HERE</b>	
HOOFSTUK 12 .....	77
<b>... VAN GOD UITGEGAAN</b>	
HOOFSTUK 13. ....	83
<b>DIE NAAM VAN DIE HERE</b>	
HOOFSTUK 14 .....	87
<b>NUTTIGE VERGELYKINGS</b>	

HOOFSTUK 15.....	90
<b>JESUS IS DIE HERE</b>	
HOOFSTUK 16.....	94
<b>WIE JESUS BELY ...</b>	
<b>IS DIT 'N REGTE OF VERKEERDE BELYDENIS?</b>	
HOOFSTUK 17.....	99
<b>DIE MENS JESUS CHRISTUS</b>	
HOOFSTUK 18.....	105
<b>DIE DOOP</b>	
HOOFSTUK 19.....	113
<b>DIE NAGMAAL</b>	
HOOFSTUK 20.....	120
<b>DIE SONDEVAL</b>	
HOOFSTUK 21.....	129
<b>DIE REGVERDIGING</b>	
HOOFSTUK 22.....	134
<b>VERNUWING EN WEDERGEBOORTE</b>	
HOOFSTUK 23.....	139
<b>DIE HEILIGING</b>	
HOOFSTUK 24.....	144
<b>DIE DOPING MET DIE GEES</b>	
HOOFSTUK 25.....	155
<b>DIE UITVERKIESING — VOORUITBESTEMMING</b>	
HOOFSTUK 26.....	162
<b>EEN DAG BY GOD — EENDUISEND JAAR</b>	
HOOFSTUK 27.....	171
<b>DIE ROMEINSE WÊRELDRYK EN DIE BESONDERE BETEKENIS DAARVAN</b>	
HOOFSTUK 28.....	193
<b>SLOTSOM EN DIE MYSTERIEUSE GETAL 666</b>	
EPILOOG.....	204
BIBLIOGRAFIE .....	205

## Voorwoord

Dit is op grond van die beweging wat in Europa duidelik gevorm word, wat behels die samekoms van 'n godsdienstige en politieke konstellasië, wat wêreld-omvangreikend is, dat ek verplig voel om hierdie publikasie te skryf. Ek is heel oortuig daarvan dat hierdie onderwerp wat ek nou aanroer huidiglik hoogs aktueel is. Meer tydlig kan dit waarskynlik nie aan die mense oorgedra word nie. Om tot die kern te kom, was dit nodig om kritiese temas openlik aan te spreek en historiese feite aan te bied. Die ontwikkeling van die Christendom, sedert sy ontstaan, moet weer onder die soeklig geplaas word. Ek sien dat die tyd nou gekom het om die waarheid aan die lig te bring. Ek het probeer om op 'n eenvoudige en verstaanbare manier vir almal te skryf, sonder om opsetlik gebruik te maak van enige hoogdrawende teologiese of filosofiese woordeskate.

Aangesien hierdie boek in baie tale en lande gepubliseer word, wil ek die volgende opmerking maak: Ek respekteer alle godsdienste en wêreldbeskouinge waarvan mense oortuig is, selfs al glo ek persoonlik anders. Dit is wat ek voortdurend beoefen het tydens my sendingreise, wat my na meer as 100 lande geneem het. Om die waardigheid van elke mens te respekteer, moet sonder twyfel wees, selfs wanneer die geloof en handelingswyse van ander vir ons vreemd en eienaardig lyk. Daarom, as die koei dan heilig is vir meer as 800 miljoen Hindoes, moet 'n mens dit kan aanvaar. As die streng godsdienstige Hindoes in die oggend die as van die mis van die heilige koei aan hul voorhoofde smeer, kan niemand hulle verhinder om dit te doen nie. Wanneer die godsdienste van die Sikhs almal vra om hul skoene uit te trek en 'n voetbad te neem voordat hulle by die Goue Tempel van Amritsar ingaan, moet almal van ander godsdienste dit doen as hulle dit wil besoek. By die Moslem heiligdomme, net soos in die tempels van ander godsdienste, het ek altyd opgetree volgens die gebruike wat op daardie plekke van krag is.

So het ek ook byna altyd in Christelike kringe oop deure gekry en by konferensies van verskillende gelowe gepraat regoor die wêreld. Ek het as gas-spreker opgetree by van die mees uiteenlopende kerke.

In 'n Rooms-Katolieke kerk in Suid-Afrika, waarin ek gepreek het, het ek my ook aan die tradisionele verloop van hul erediens onderwerp. Ek respekteer letterlik elke wêreldbeskouing wat enigiemand kan hê, en erken almal se reg om self te besluit wat hy wil glo en wat hy wil doen.

By verskeie geleenthede het ek in St Peter's Basilica gesien hoe mense van oor die hele wêreld die voete van die Petrus-standbeeld soen. Ek het daar, soos elders, baie ander dinge gesien. By hierdie geleenthede het ek dikwels 'n diep innerlike pyn gevoel vir hierdie mense. Ons sal in hierdie boek behandel wat reg is en wat verkeerd is. Daar word aan die volwasse leser oorgelaat om 'n persoonlike oordeel daaroor te vorm.

Ek was gedwing om in die eerste plek die "wêreldinstansie", die Rooms-Katolieke, te ondersoek op grond van die Woord van God, vanuit die Heilige Skrif te verlig en dit in die aanskoue van die Woord te plaas. Dit is slegs in die lig van die goddelike openbaring dat ons die waarheid kan sien en dus so die moontlikheid bekom om misleidings en foute te herken.

Die eis van die Roomse Kerk om die enigste een te wees wat kan red, is vervat deur min of meer al die ander Christelike denominasies, wat hulle of hardop bely of stilweg bedink. Almal wil mense op hul eie manier red, en dit is presies wat onmoontlik is om te besef. 'n Kerk wat hulle op Christus, Petrus en die apostels beroep, moet egter getoets word ten opsigte van hul aanprake.

Ek wens elke leser 'n ryk seëning van die Almagtige God toe.



# INLEIDING

Dit is nie so maklik om vandag mense te nader om met hulle te praat oor die tema van God en geloof in Hom nie. Sommige beskou hierdie onderwerp as verouderd, heeltemal verouderd. Ander soek die goddelike in hulleself en in die natuur, ander ontken die bestaan van 'n God, terwyl ander slegs van 'n hoër mag praat. Vreemd genoeg, in 'n ramp-situasie vra diegene wat sê dat hulle nie glo nie: "Hoe laat God hierdie dinge toe om te gebeur?"

Sedertdien dit bekend geword het dat alles wat in die naam van God gedoen was en nog steeds gedoen word, onder die dekmantel van godsdiens, verloor meer en meer mense hul vertroue in geregtigheid omdat hulle die godsdienstige instelling op dieselfde vlak as God plaas. Oor die eeue heen het historici, in baie boeke, volumes gevul oor die foute wat op verskillende tye deur godsdienstige mense gemaak is. Maar wat dapper skrywers onlangs aan die lig gebring het, is in der daad oorweldigend.

In alle godsdienste is daar mense wat bewus is dat daar nie net 'n aardse domein is nie, maar ook 'n bo-aardse domein. Dit is duidelik dat die mens nie gebore is om dood te gaan nie, maar om te lewe. Trouens, in werklikheid is daar eintlik min mense wat regtig oortuig is daarvan dat alles met die dood eindig. Maar selfs diegene wat dit glo, sal later uitvind, in die uur van die dood, dat hulle verdwaal het.

Elke persoon is gebore in 'n bestemde land, onder 'n spesifieke godsdiens of 'n sekere visie van die wêreld, dit wil sê, met 'n ideologie en neem natuurlik aan dat dit reg is.

Die byna onbegryplike vordering van die menslike geslag met die ontwikkeling vanaf die perdekar, tot en met die modernste vuurpyl-lanseerder, vanaf koets-bestuurders tot ruimtevaarders, bevestig wat die HERE God sowat sesduisend jaar gelede gesê het gedurende die bou van die toring van Babel: "... *nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie*" (Gén. 11:6). Die gevolg was dat die mens meer en meer in homself begin glo het en in sy eie vermoë, en terselfdertyd het hy vir God en Sy Woord al hoe sterker betwyfel en meer en meer verwerp.

God se teëstander het reeds in die tuin van Eden die Woord van die Skepper met *"Is dit ook so dat God gesê het ...?"* in twyfel getrek, sonder om dit te ontken (Gén. 3:1). Vandag is dit hy wat filosofe inspireer in hul intellektuele en wetenskaplike oorwegings en hul verskillende argumente, wat rebellie teen hulle Skepper veroorsaak. Die Woord van God word deur baie mense bevraagteken omdat hulle kyk na die mislukte menslike optrede van diegene wat daarop aanspraak maak dat hulle God verteenwoordig.

Elkeen wie daarvan oortuig is dat daar geen Skepper is nie, maar dat die hele skepping ontstaan het uit 'n ontploffing wat plaasgevind het, sal noukeurig na die plek moet soek waar so 'n ontploffing plaasgevind het! Elkeen wat glo dat alle lewende wesens uit 'n oorspronklike sel ontstaan het, moet ook sê wie die oorspronklike sel in die lewe geroep het. Hulle wat die teorie van evolusie ondersteun, moet ons ook verlig oor waarom daar nog altyd verskillende vorme van minderwaardige lewe is, aangesien alles sou voortgaan om te ontwikkel. Die Skepper het in Génesis 1 vers 24 gesê: *"Laat die aarde lewende wesens voortbring volgens hulle soorte ..."*, en selfs vandag is dit so. Alles wat in die wêreld tot lewe kom, is letterlik 'n wonderwerk van die skepping wat elke dag miljoene kere herhalend gebeur.

Bewerings wat die ewig-blywende werklikhede, wat elke dag gedemonstreer word, omseil, kom almal van dieselfde bron af. Hulle streef na dieselfde doel, dit wil sê, om wat die Bybel sê oor die skepping van die wêreld, ongeloofwaardig te maak en ook om die Skepper as oorbodig aan te bied.

Die volgende feit is ook noemenswaardig: Geen profeet wat uit God gestuur word, kan gevind word in die geskiedenis wat 'n nuwe oriëntering van bybelse geloof gevestig het nie, of wie die grondlegger van 'n nuwe godsdiens was nie. Nog Enoch, nog Noag, Abraham of Moses, Elia of Jesaja, geen profeet wat werklik van God gestuur is, het ooit 'n godsdiens gestig nie. Hierdie belangrike feitlike bevinding is van die allergrootste betekenis. Al hierdie profete het net oorgedra wat hulle van God ontvang het. Daarom vorm die hele Ou Testament 'n harmonieuse geheel. Net een het die gesag gehad om te praat en te handel, die HERE God, wat Sy planne toevertrou het aan diegene wat Hy self geroep het. Sulke manne was Sy mondstukke. Hulle het in verskillende tye geleef en hul deel van profesie gebring vir die

vervulling van die plan van verlossing, wat God vooraf aangekondig het. Alhoewel hulle in verskillende eeue en millennia verskyn het, vind ons geen teenstrydigheid in hul geskrifte nie, maar alles is in volkome ooreenstemming.

Die apostels, wat van God gestuur is, was ook nie stigters van godsdienste nie. In nederigheid en eenvoud het hulle onweerlegbare bewyse gebring dat die profesieë van die Ou Testament tot die uiterste vervul was. Maar wat die grondslag van die Gemeente van Christus en die opbou daarvan betref, het hulle hulself ten volle oorgegee aan die HERE van die Heerlikheid wat gesê het: "... *Ek sal My gemeente bou*" (Matt. 16:18). Hierdie taak was nie aan Petrus of Paulus of enigiemand anders toevertrou nie.

Die HERE het ongetwyfeld verskeie bedieninge in die Gemeente geplaas vir die opbouing daarvan (Efé. 4:11; IKor. 14:28, ens.). Die bybelse Gemeente is nie 'n menslik-georganiseerde instelling nie, maar 'n lewende organisme. Dit is die enigste geestelike instelling van God op aarde en bestaan uit verlore mense, mense wat genade voor Hom gevind het.

Dit word ook die Tempel van God genoem (Efé. 2:21), of die Huis van God (Heb. 3:6). God leef nie in 'n tempel of 'n heilige gebou wat met mensehande gemaak is nie (Jes. 66: 1-2; Hand. 7: 48-50). Hy woon net in die harte van diegene wat aan Hom behoort. Daarom is dit absoluut noodsaaklik dat ons terugkeer na die oorsprong, die aanvang, om te ervaar wat die Gemeente van God werklik is (ITim. 3:15), hoe sy glo, wat sy leer, hoe sy doop, ens. Slegs die Boek van die Waarheid, die Bybel, die Woord van God, gee ons die antwoord op hierdie onderwerp. Dit is ook op hierdie grondslag en bewus van my volle verantwoordelikheid voor God, dat hierdie boek geskryf is.

Weens die verskeie bestaande bybelvertalings, elk met hul eie eienskappe, het ek uiteindelik besluit om amper uitsluitlik dié van Dr. Hermann Menge te gebruik (vir die Franse vertaling: Darby)\*.

---

\*Omdat die MENGE Bybel slegs in Duits verskyn, gebruik ons in hierdie Afrikaansvertaalde uitgawe die 1933/53 Bybel-weergawe — tensy anders aangedui.

# Hoofstuk 1

## DIE PROEFSTELLING —

### AKTUELE GEESTELIKE ONDERSOEK

As ek aangemoedig is om openlik te skryf, is dit omdat dinge vandag nie net as vanselfsprekend aanvaar kan word nie. 'n Treffende voorbeeld is in September, 1988, deur die media gegee, aangaande die "Kleed van Turyn". Vir eeue was dit bekend as absoluut outentiek en vereer as 'n relik. Die hele wêreld was verbaas om te verneem dat, na hierdie kleed ondersoek was in Engeland, die VSA en Switserland, het al drie — onafhanklik van mekaar — tot die eenparige gevolgtrekking gekom dat dit dateer uit die middeleeue en dat dit glad nie die kleed van Jesus Christus kan wees nie. Maar deur middel van 'n verklaring is mense aangemoedig om voort te gaan om hierdie vervalste voorwerp te vereer asof dit 'n ware oorblyfsel was en so volhard hulle in hierdie ontmaskerde valsheid.

In Oktober 1988 het die afgevaardigde Eerw. Ian Paisley van Noord-Ierland in die Europese Parlement te Strasbourg gedoen wat geen protestant sedert die tyd van die Hervorming gewaag het nie. Hy het 'n plakkaat vertoon waarop dit geskryf was: "Johannes Paulus II — Antichris". Deur hierdie gebaar het hy 'n oproer veroorsaak. Hy het teen die pous se optrede daar betoog. Die media het daarvoor geskryf en die meeste dagblaaie het foto's gepubliseer met voorbladverslae. Die volgende dag het daar egter baie min mense nog daarvoor gepraat en uiteindelik het almal weer hul gang gegaan. Daar is daaglik iets nuut om oor te berig.

Ongelukkig het geleerdes en leke God en kerk te alle tye "in dieselfde mandjie" geplaas, en omdat die ontnugtering wat deur die aan-Hom-toegeskryfde instelling tot stand gekom het, so groot was, het beide God en die instelling vir baie verlore geraak. 'n Droewige en betreurenswaardige terugslag, waarvan baie mense slagoffers was. Ek sal daardie aand wat ek in 'n kibboets sowat 15 kilometer wes van Jerusalem gespandeer het, nooit vergeet nie. As toerleier het ek die toergroep, na ons aandete, byeengeroep vir 'n kort oordenking.

'n Aantal ander gaste het by ons aangesluit, onder wie ook Jode. Dit het vir my geen probleem geskep nie, en ek lees toe 'n paar gedeeltes in die Skrif uit die Ou Testament wat vervul was in die Nuwe Testament. Skielik het 'n Joodse immigrant uit Warskou, wat innerlik aangegryp was, uitgeroep: "Ek het die Nuwe Testament gelees, en ek kon geglo het dat Jesus Christus ons Messias was, as Hy net nie 'n katoliek was nie, omdat die Pole – wat katolieke is – ons soveel seergemaak het!". Ons was almal verskrik. Ek sê toe: "Mevrou, die Messias was nie 'n Katoliek nie. Hy was die Verlosser wat in die vlees kom het, en Maria was ook nie 'n katoliek nie". Sy kon dit nie begryp nie.

Veral op godsdienstige gebied laat die onkundigheid die hare orent staan. Christenskap sonder 'n persoonlike en lewende verhouding met Christus, het 'n godsdiens geword, wat, soos sommige beweer, opium vir die mense is. Hierdie daarlegging is geskryf om alles wat onbybels is, wat valslik 'Christelik' genoem word, te ontbloot en om te wys dat godsdienstige legendes net dit bly wat dit eintlik is, maak nie saak hoe lank gelede dit ontstaan het nie.

Wanneer dit gaan om geloof in God en Sy Plan met die mensdom, moet ons die Boek van boeke raadpleeg. Die uitdrukking: "Ek glo niks en niemand nie!", is net waar wanneer dit met die mens verband hou, maar dit kan nie op die Almagtige en op Sy Woord toegepas word nie. Hy is en bly die enigste geloofwaardige. Sy Woord is die Waarheid wat vervul en bevestig is, en daarom is die Bybel, wat die Woord van God is, ons Absoluut. Dit styg uit bo alle twyfel. God is nie dood nie, soos sommige beweer nie; Hy lewe, en alles wat lewe, lewe deur Hom. Sy Woord is vandag nog, soos dit destyds was, 'n lewende werklikheid.

Daar was ten alle tye mense wat besondere opdragte gehad het om uit te voer. In die geskiedenis van die mensdom sluit dit in digters en komponiste, konings en keisers, soldate en politici, selfs die staatsmanne van ons tyd. Dit is dieselfde met die wetenskaplike- en ander navorsings. Daar kan hier 'n hele lys van uitvinders opgetrek word, wat bekend is aan almal, waarsonder die wêreld vandag 'n ander voorkoms sou hê. Ons vind ook in die Ou Testament en aan die begin van die Nuwe Testament, manne van God wat gedurende hulle leeftyd spesiale opdragte gehad het, om in die verloop van die geskiedenis van die verlossing uit te voer. In die eeue wat die apostels gevolg het, tot by die Raad van Nicaea (325 nC), staan daar ook sekere persoonlikhede uit.

In die middeleeue was daar ook mense wat belangrike rolle in die geskiedenis van die kerk gespeel het. Maar die name van die diene wat sedert die ontstaan van die Reformasie na vore gekom het, is veral vir ons bekend.

Manne wat op besondere wyse deur God begenadig was, het altyd 'n globale opdrag ontvang, vir alle mense, wat ver bo alle grense van kerke en godsdienste en tot voordeel van almal is. Dit stem ooreen met die laaste sendingsopdrag van die HERE Jesus, wat die hele wêreld ingesluit het: "*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies ...*" (Matt. 28:19). Die een wat werklik van God gestuur word, verkondig die Woord van God in ooreenstemming met al die profete en apostels. Wie nuwe leerstellinge bring en 'openbaringe' wat nie deur die Heilige Skrifte ondersteun kan word nie, word outomaties gediskwalifiseer. God kan nie Homself weerspreek nie, en kan ook nie Sy voorneme verander nie. In alles wat gedoen of geleer word, moet die volgende vrae gestel word: "Is dit korrek?", "Is dit so geskryf?", of: "Wat sê die Skrif hieroor?"

Ons is nie hier geïnteresseerd in die idees van mense nie, maar net in dit wat God geopenbaar het deur sy gesante wat Hy in 'n hoorbare stem tot Sy diens geroep het. Dit was aan die ou-testamentiese profete toegestaan, om die verloop van die geskiedenis van verlossing vooruit te spreek. Die apostels se taak, daarteen, was om op hulle beurt die vervulling van daardie profesieë wat in die verlede gespreek was, aan te kondig. Elkeen het, volgens die roeping en die mandaat wat hy ontvang het, die verantwoordelikheid gehad om aan ons, volgens hulle bediening, die doel van God, Sy plan van verlossing, duidelik te wys. Dit is in die Heilige Skrif vasgelê, en so praat die lewende Woord met almal vandag wat hulself daaraan oorgee om deur die Gees van God aangespreek te word. Dit is nie nodig dat enige mens hierdie Woord aan 'n ander mens moet interpreteer en verduidelik nie; Dit is genoeg dat almal vanuit die hart glo, op die manier wat die Skrif sê, en op hierdie manier sal hulle deur God self geleer word (Jes. 54:13; Joh. 6:45). Ons wil nie hier die leerstellige denke van 'n organisasie of onafhanklike kerk aanbied nie, wat nog te sê van 'n sekte! Ons wil net God se standpunt weergee, soos Hy dit in Sy Woord aan ons oorgelaat het.

Diegene wie die kerk-geskiedenis bestudeer het, weet baie goed hoe onderskeidelik historici van dieselfde tydperk, die optrede van persone en gebeurtenisse, beoordeel en beskryf het. Die onderwerp onder bespreking is nie nuut nie. Maar wat 'n bybel-gelowige Christen seermaak, is die feit dat die kritici selfs die Nuwe Testament in twyfel trek. Dat die verskillende dele van die Nuwe Testament, die evangelies en die briewe aanvanklik in Hebreeus, Aramees of Grieks geskryf was, en die geheel uiteindelik later as die 'kanon' in die Griekse taal oorgeskryf is, is nie beslissend op sigself nie. Wat seker is, is dat God self aan die Hebreërs bekend was. Moses en Aäron is beveel om vir Farao te sê: *"Die HERE, die God van die Hebreërs, het ons ontmoet ..."* (Ex. 3:18). Dat Jesus Christus nie Grieks nie, ook nie Aramees nie, maar die Hebreeuse taal gepraat het, is duidelik; of dit nou plat Hebreeus — wat sommige beweer — of hoë Hebreeus was, kan die geleerdes maar oorstry. Wat vir ons belangrik is, is dat die opgestane HERE steeds Hebreeus praat. Dit is Paulus se getuienis in Handeling 26 vers 14: *"En toe ons almal op die grond val, hoor ek 'n stem met my spreek en in die Hebreeuse taal sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"*

Selfs die argument dat ander briewe in omloop was, maak op geen manier die waarhede ongeldig nie. Dit spreek vanself dat daar in die vroeë Christendom meer briewe kon gewees het wat deur die apostels of deur andere geskryf was. Vanaf die eerste vers van sy evangelie vertel Lukas ons dat baie onderneem het om te skryf oor die gebeure. Daar was natuurlik baie ander beriggewers ook. Die sogenaamde "apokriewe van die Nuwe Testament" het eers later verskyn. Maar die HERE het self voorsiening gemaak dat alleen wat volgens Sy bevel en wil geskryf is ingesluit moes word in die kanon van die Woord van God, alleen dit wat vir ons nodig was.

Die belangrike ding is dat ons die Woord respekteer wat aan ons as die Woord van God oorgelaat is (IThess. 2:13) en dat ons glo dat die hele Skrif deur God geïnspireer is (II Tim. 3:16). Wanneer ons in die Nuwe Testament die frase vind "soos die Skrif sê" of "dit is geskryf", is dit altyd die Ou Testament waarna verwys word. Die Nuwe Testament is egter net soveel deel van die Skrif, dat die twee saam 'n geheel vorm. Ons kan dit lees in Lukas 24, verse 44-45 *"... dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan"*.

In Johannes 5, vers 39 het die HERE aan die Jode van Sy dag gesê: *"Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig"*. Paulus het dit so opgesom: *"... dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte"* (IKor. 15: 3-4).

Die apostel Petrus verwys na Jesaja 40:8 en bring die Woord van die Ou- en die Woord van die Nuwe Testament in 'n gemene deler: *"... maar die woord van die HERE bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is"* (IPet. 1: 23+25). Die Nuwe Testament is die gevolg van die ou-testamentiese profesieë.

Dr. Clarence Larkin, 'n internasionaal erkende bybelkenner, het in sy boek "DISPENSATIONAL TRUTH" gedemonstreer dat ongeveer 109 ou-testamentiese profesieë letterlik met die eerste koms in Christus akkuraat vervul is. Die verwerklikte profesieë is die bevestiging dat die Bybel van goddelike oorsprong is.

As 'n mens 'n saak wil ondersoek, moet jy dit kan benader sonder vooroordeel of gevoelens van afkeer. Wanneer teoloog Carl Schneider skryf: **"Die vervalsings het begin in die tyd van die Nuwe Testament en dit het sedertdien nog nie opgehou nie"** —K. Deschner: DER GEFÄLSCHTE GLAUBE ("Die Vervalste Geloof"), bladsy 20 — het hy heeltemal reg. Dit beteken egter glad nie dat ons 'n vervalste Nuwe Testament het nie, maar dat daar ongemagtigde persone reeds in daardie tyd valse leerstellinge en interpretasies bekendgestel het, soos dit tot nou nog is. Ten spyte van al die verdraaiings, waarop ons hier ingaan, bly die oorspronklike Woord staan, en kan ons dit vir altyd as die oorspronklike Woord aanvaar. Hoe ver kan 'n mens nog gaan, as hulle verwys na die sogenaamde 'vervalste briewe' van Petrus met hierdie vernietigende opmerking: **"Die Heilige Boek, die Bybel, is vol valse dokumente"**? (DER GEFÄLSCHTE GLAUBE, bladsy 20). **Dit is 'n verregaande eis en daarop nog 'n boosagtige leuen.** Dit verwys hier na sogenaamde geleerdes, wat reeds deeglike voorbereidings-werk gedoen het. Dit is vermetel om diegene wat die Nuwe Testament geskryf het, te smaad met niks anders as vervalsings en hulle dus as misleiers te verklaar en gevolglik bybel-gelowiges as mislei aan te gee! Deur sulke misleidende maneuvers kan die stralende Waarheid nie verduister word nie.



Natuurlik was die vier evangeliste eenvoudige manne. Dat hulle onderskeidelike weergawes van die gebeure gedeeltelik uiteenlopend is, bewys net dat hulle nie die een van die ander af gekopieer het nie. Elkeen het geskryf soos hy gelei was om te doen, afhange van of hy dit persoonlik gehoor of self meegeleef het, of, volgens die getuieis wat hy van iemand anders ontvang het. Wat beslissend is, is die feite wat selfsprekend is, en nie die gepaardgaande verskynsels nie.

Die katolieke teoloog en bybelvertaler, Dr. Konstantin Rösch, het die uiteenlopendheid van die vier evangelies vergelyk met die vier lewende wesens: leeu, os, man en arend, soos beskryf word in Openbaring 4 verse 6-8 (MENGE) en ander skrifgedeeltes. Irenaeus het dit reeds in die vroeë Christendom beskryf as simbole van die vier evangelies. Die Bybel is inderdaad in beeld-taal en in gelykenisse geskryf. Matthéus word gesimboliseer deur 'n leeu, Markus deur 'n os, Lukas deur 'n man en Johannes deur 'n arend. In die eerste hoofstuk van Esegieël word ons vertel van die vier lewende wesens wat elkeen 'n man se gesig gehad het (vers 5) en onder hulle vlerke was mensehande (vers 8). Elke lewende wese het vier gesigte gehad, maar het hul slegs met een voorgestel.

Elk van die evangelies beskryf in detail dieselfde voorkoms van die Verlosser; tog bied hulle elkeen Hom aan onder 'n ander gestalte. Intern is al hierdie lewende wesens soortgelyk, alhoewel hulle individueel elk 'n ander gesig wys. So is dit ook met die vier evangelies. Trouens, binne, in die hart, is hulle almal dieselfde. Tog stel die een die HERE as Seun van die mens voor; die ander beklemtoon Sy goddelike krag in die simbool van die leeu, wat die koning onder die diere is; die derde stel Hom voor as die draer van die laste; terwyl die vierde evangelie Hom karakteriseer as die arend wat op die goddelike hoogtes sweef.

Daarom, as een van die evangeliste oor een saak berig terwyl die ander dit nie doen nie, of as een van hulle 'n saak baie belangriker ag as die ander, dan is dit so. Wanneer 'n evangelis skryf dat die HERE 4,000 met sewe brode gevoer het, en 'n ander skryf dat hy 4,000 manne gevoed het sonder om vroue en kinders te tel, is dit omdat beide reg is. Die enigste verskil is dat een meer besonderhede gegee het as die ander. As een beskryf hoe twee blinde manne by die poorte van Jerigo gesond gemaak was en die ander sê dat daar slegs een was,

is albei weereens reg. Een was teenwoordig toe dit gebeur het; Die ander evangelis, wat agterna gekom het, het net een van die geneesde blindes ontmoet, en dit is wat hy aanmeld. 'n Evangelis vertel ons dat albei die rowers wat gekruisig was met Jesus, Hom beledig het (Matt. 27:44); As 'n ander ons vertel dat die rower aan die regterhand van Jesus berou gekry het en vir Hom gesê het: "*Dink aan my, HERE, wanneer U in u koninkryk kom*" (Luk. 23: 39-42), dan is albei weer reg. Aanvanklik het albei Hom bespot, maar een het genade gevind en op die laaste oomblik erken wie dit was wat saam met hulle gekruisig word en Hom aangeroop.

Die reaksie van die HERE aan hom: "*Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees*", word deur die kritici verkeerd verstaan, soos vele ander. Volgens hulle gevolgtrekkings moes Jesus as gevolg daarvan vir 'n paar dae na Sy dood in die Hemel teenwoordig wees, alhoewel die Skrif sê dat Hy na die onderste wêreld neergedaal het. Hulle het nie verstaan dat die plek van die saliges, tot die kruisiging en die inwerkingtreding van die Nuwe Verbond, was nie bo nie, maar benede. Lukas 16 vertel ons duidelik dat die plek waar die heiliges was, van die verdoemdes geskei was deur 'n kloof en geeneen kon toegang tot die ander kant kry nie. Almal wat hul hoop in die Verlosser geplaas het wat sou kom, was in hierdie rusplek soos in 'n gevangenis. Volgens Mattheus 27, vanaf vers 52, was hulle opgewek met Christus. Van daardie oomblik af is die paradys, die plek waar die saliges is, nie meer onder nie, maar bo. Christus het neergedaal na die onderste dele en almal wat gevange was en in Sy koms geglo het, met Hom opgeneem toe Hy opgestyg het (Efé. 4: 8-10).

Ook is daar geen teenstrydigheid wanneer een van die evangeliste berig dat daar by die opstanding van Jesus twee engele aanwesig was en met die vroue gepraat het (Luk. 24:4), en die ander het gesê daar was net een (Matt. 28; Mark. 16:5), of wanneer hulle deur een van die evangeliste binne in die graf gesien word en die ander sien hulle aan die buitekant. Alles stem tog inderdaad ooreen. Binne het die engele die plek aangedui waar die liggaam van Jesus neergelê was; Buite het hulle aangekondig dat Hy opgestaan het. So het dit gebeur. Alhoewel twee teenwoordig was, het slegs een van hulle gepraat en daarom word net daardie een genoem. Daar is, God sy dank, nie net mense wat hulself "kritici" noem nie, maar ook vooraanstaande manne wat ons die harmonie van die Skrif oortuigend getoon het. Dr C.I. Scofield,

'n internasionaal-bekende bybelvertaler en -kenner, is een van hulle. Hy het 'n inleiding tot die evangelies geskryf wat geen twyfel in hierdie verband laat nie.

Kritici het ook glad nie die profetiese karakter van die Nuwe Testament verstaan nie. So het hulle bv. vir Paulus verkwalik dat hy misgis was in sy eskatologiese verwagting toe hy geskryf het: *"Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word ..."* (IKor 15:51). *"ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die HERE ..."* (IThess. 4:15), ensovoorts. Paulus moes in die teenwoordige vorm skryf omdat die Heilige Gees, wat in hom gewerk het, die hele verloop van die geskiedenis van verlossing aan hom bekend gemaak het. Die hele Nuwe Testament is op so 'n manier geskryf dat dit gedurende die hele tydperk van genade, tot die huidige tyd geldig is, dat dit verkondig en geglo kon word tot met die laaste geslag, wanneer die ooreenstemmende bybelgedeeltes oor die "perusia" van Christus vervul word. Dieselfde Paulus skryf oor homself: *"... en die tyd van my heengaan is naby. Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die HERE, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee ..."* (ITim. 4: 6-8).

Daarbenewens was daar altyd mense wat in hulle tyd op die Wederkoms van die HERE gewag het. Hy wat nie op hierdie Wederkoms reken nie, sal nie deel wees van die eerste opstanding nie, want hy dra nie 'n lewende hoop in homself nie. Martin Luther het ook geglo dat die einde naby was en hy het met die koms van Christus rekening gehou. Hy het selfs na die Antichris verwys as die "eind-Christus". Hy het geskryf: **"In hierdie jaar 1540 is die aantal jare presies 5,500. Daarom is die einde van die wêreld te wagte, want die 6de millennium sal nie ten volle bereik word nie, net soos die drie dae waarin die gestorwe Christus nie ten volle uitgeloop het nie"** —H. Heinz: ZWISCHEN ZEIT UND EWIGKEIT ("Tussen Tyd en Ewigheid"), bl. 137. Die gelowige wat 'n lewende hoop in hom dra, verwag die Wederkoms van Christus. Dit is vandag nog die geval. Daar is mense wat as gevolg van die vervulling van bybel-profesieë, ook in hierdie geslag staatmaak daarop.

Die hoogtepunt van blindheid wat by die kritici ingeprent is, word geopenbaar wanneer hulle beweer dat hierdie profesie van Christus:

*"Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur"*, misluk het (Matt. 24:34). Tog word in hierdie gedeelte van die Jode as 'n geslag gepraat en nie as 'n generasie van 'n sekere aantal jare nie. Ten spyte van die wreedste moorde teen die Jode, is hul ras tot vandag in stand gehou, soos dit in God se plan van verlossing bestem is en soos Jesus dit gesê het. Die aanhaling uit Matthéüs 10 vers 23: *"... julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie"*, was heeltemal verkeerd verstaan en verwar met Sy **Wederkoms**. Het Hy nie as die Seun van die mens, wandelend in die midde van die sewe goue kandelare, aan Johannes op die eiland van Patmos in Sy koninklike krag verskyn nie, naamlik in Sy koninklike Majesteit? *"Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters"* (Openb. 1: 14-15). So, dit wat Jesus gesê het, is letterlik gedoen. Met die Woord van God kan elke argument, wat bedoel is om dit te bevraagteken, weerlêgbaar is.

Dit is nie Jesus en die apostels wat verkeerd was in die loop van die kerkgeskiedenis nie, maar bybelkritiese apologete en eksegete. Hulle praat en skryf tot vandag toe dit wat die slagoffers van dieselfde misleiding in hul monde gelê het sonder om daarvan bewus te wees. Maar daarmee openbaar hulle hul onkunde oor God se plan van verlossing. So oortuigend as wat hulle die historiese deel kon verduidelik, naamlik die afwykinge binne die Christendom, veral die universele kerk, misluk hulle beklaenswaardig wanneer dit kom by die Woord en die dinge van die Koninkryk van God. As 'n bybelgelowige Christen, kan 'n mens eenvoudig nie stilweg toekyk, wanneer mense wat geen toegang het tot die Skrif en van wie die geopenbaarde heilsraad-besluite verborge is, alles bevraagteken en dit wat vals en teenstrydig is goedpraat, nadat hulle self mislei was.

Ons het nie 'n historiese bewys van die bestaan van Jesus Christus nodig nie, want Hy is die sentrale punt van die geskiedenis van verlossing, en nie van die geskiedenis soos deur die mensdom vervat nie. Die feit dat Josephus of 'n ander historikus oor Hom geskryf het of nie geskryf het nie, is nie te debatteer nie. Die profete en apostels het van Hom gepraat omdat hulle direkte opdrag ontvang het. Dit is geloofwaardig en genoeg. Van my kant af glo ek almal wat teenwoordig

was, toe iets bonatuurlik gebeur het en wie dit aan ons oorgedra het. Vanaf die geboorte van Christus, tot met Sy hemelvaart, het ons waaragtige getuies, wie met hul eie oë gesien en met hul eie ore gehoor het. Vandag, net soos destyds, swyg hulle oor die bonatuurlike dinge wat God nog op aarde doen. Omdat dit nie in gevestigde kerke en godsdienste gebeur nie, bereik dit nie koerant-beriggewers nie. Vir die gelowige is die gegewe getuienis egter alles genoeg en niemand voel die behoefte om die valse getuies van die Woord, wat baie later gekom het, te hoor nie.

Wanneer kritiese kerkgeskiedkundiges van 'n vervalste en gemanipuleerde geloof skrywe, is dit onmoontlik dat dit oor die vroeë Gemeente en oor die handeling van die apostels, dit wil sê, oor die vroeë Christendom en die nuwe-testamentiese Gemeente sal wees. Die gemanipuleerde en verwronge geloof, die vervalste leerstellings en boodskappe, is dié wat nie met die Heilige Skrif saamstem nie en wat eers later verskyn het.

## Hoofstuk 2

# DIE VROEË CHRISTENDOM EN DIE DAAROPVOLGENDE PERIODES

In die kerkgeskiedenis word die verskeie eeue wat die vroeë Christendom gevolg het, breedvoerig beskryf. Daarom sal ons in ons aanbieding so kort as moontlik met hierdie verskillende tydperke handel. Die duur van hierdie kerkeue kan soos volg verdeel word: Die tyd van die vroeë Gemeente tot ongeveer AD 100 nC. Die volgende tydperk is dié van die post-apostoliese era wat in die tweede eeu begin het en ontwikkel het tot die Raad van Nicaea (325), dan was dit die vestiging van die staatskerk in die Romeinse Ryk, gevolg deur die tydperk tot die Middeleeue. Die Hervorming het daarop gevolg, wat 'n nuwe begin gebring het; daarna kom die verskillende herlewingsbewegings; die inleiding van die volle evangelie en die herstelling van die Gemeente tot haar oorspronklike staat hier voor die Wederkoms van Christus.

Die verskillende aanbiedinge oor die kerkgeskiedenis reflekteer nie 'n eenvormige beeld nie. Baie het net breë vermoedens gestel wat later legendes geword het, en toe as feite deur ander daargestel was. Daarbenewens is dit duidelik dat dinge vir 'n katoliek-georiënteerde geskiedenisstryker heel anders was as dié van die Protestantse oortuiging. 'n Oorsig oor elk van hierdie spesifieke tydperke en hul eie ontwikkeling, is nodig om 'n vergelyking met die vroeë Christendom te maak. Dit is net uit die mond van die apostels dat ons die "leringe van die apostels" ontvang het. 'n Geskrif wat in 1873 in 'n klooster ontdek is en tien jaar later gepubliseer is, wat tussen die jare 80 en 120 nC sou geskryf was, word arbitrêr genoem "DIE LERINGE VAN DIE TWAALF APOSTELS" of die "DIDACHE"; Hierdie geskrif het niks in gemeen met die leringe van die apostels van die HERE Jesus nie. Dieselfde geld vir die "APOSTOLIESE GELOFSBELYDENIS", wat slegs in die 4<sup>de</sup> eeu beplan en voorberei is by verskillende rade. Dit kan nie aan die apostels toegeskryf word nie. Op hierdie manier het die vervalsing en

verdraaiings van die Woord van God onbewustelik plaasgevind, wat egter as waar beskou word. Dit is slegs in die boek van die Handeling van die Apostels, sowel as in die Briewe wat deur die apostels geskryf is, wat in die Nuwe Testament bevat word, waar ons die ware apostoliese leerstelling vind. Die apostels was mense wat die Woord van God gehoor het uit die mond van hulle HERE, en hulle het dit volgens Sy bevel oorgedra. Deur hulle het die nuwe-testamentiese Gemeente die suiwere, onvervalste Woord van God, wat alleen die goddelike Seël dra, ontvang.

Paulus, wat op bonatuurlike wyse geroep en bestem was om 'n uitverkore instrument te word, is deur die HERE self by die vroeë apostels gevoeg. Dit was hy wat op grond van daardie direkte sending van die HERE kon sê: *"Want ek het van die HERE ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het ..."* (IKor. 11:23). Hy skryf die meeste van al die briewe, dit wil sê, presies 100 hoofstukke wat 2,325 verse bevat, terwyl Petrus, byvoorbeeld, 8 hoofstukke met 166 verse geskryf het. Paulus het die evangelie op dieselfde manier ontvang soos die profete die Woord ontvang het — deur openbaring (Gal. 1: 11-12). Dit is hoekom die waarskuwing wat hy in Galasiërs 1 vers 8 gee, deur ons murg en been dring: *"Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!"*. Dit wat nie in ooreenstemming is met die vroeë evangelie van die eerste apostels nie, is onder die vloek. Uit hierdie oogpunt gesien, is dit wat die kritici aanbied en wat ons nou mee te doen het, eintlik 'n verdraaide en dus ook 'n vervloekte Christendom.

Die vier evangeliste getuig van die Verlosser. Hulle beskryf Sy lewe, Sy handeling vanaf Sy geboorte tot met Sy dood, opstanding en hemelvaart. In hierdie verband gee die sinoptieke van die evangelies van Matthéüs, Markus en Lukas ons 'n oorsig, wat mekaar aanvul. Aan die ander kant behandel Johannes nie Bethlehem of die geslagsregister nie, maar hy "vlieg die hoogtes in" onmiddelik en vanaf die eerste vers van die eerste hoofstuk wys hy dadelik wie Christus werklik is. Die vier evangelies gee 'n oorsig van die verlossing wat God in Christus hier op aarde gedoen het. Dit is geloofwaardig omdat dit deur ooggetuies aan ons oorgelaat is, wat ook met hul eie ore gehoor het wat gesê was (IIPet. 1: 16-18; IJoh. 1: 1-3).

In die Handeling van die Apostels word dit eers aan ons gegee hoe die vroeë Gemeente bonatuurlik gestig is deur die uitstorting van die Heilige Gees (hoofstuk 2). Dit gaan eintlik oor 'n gebeurtenis wat vanuit die hemel was. In sy eerste prediking op daardie Pinksterdag, het die geesgevolle apostel Petrus, in opdrag van God, aan die gelowig-gewordenes vertel van die behoefte aan bekering, die noodsaaklikheid van berou, om bybels gedoop te word in water (vers 38) en van dieselfde ervaring van die geestesdoop as wat die 120 beleef het: "... *Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die HERE onse God na Hom sal roep*" (vers 39). God alleen red en voeg dan deur die Heilige Gees, diegene by Sy Gemeente wat gelowiges word (Hand. 2:47).

Die vroeë Gemeente bestaan uit mense wat God werklik belewe het. Diegene wat gelowig geword het, is gedoop in water en dan op bonatuurlik wyse deur die Heilige Gees as lede van een Liggaam gedoop (IKor. 12:13), is voorsien van die gawes van die Gees (IKor. 7: 7-11) en dra die vrugte van die Gees (Gal. 5:22). Net soos God in Christus 'n liggaam gehad het as 'n tempel waarin Hy gewoon het en waardeur Hy opgetree het, het die vroeë Gemeente, as die verlore skare, die Liggaam van die HERE gevorm (IKor. 12:12), waarvan Hy die Hoof is (Kol. 1:18) en hulle het Sy bediening voortgesit. Jesus het gesê: "*Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook*" (Joh. 20:21). Ten einde die veelvuldige opdragte van hierdie Liggaam uit te dra, het Hy apostels, profete, pastore, leraars en evangeliste in die Gemeente aangestel (Efé. 4:11).

In die vroeë Christendom was daar geen hoogwaardigheids-bekleërs nie. Daar was net manne wat die hoë roeping waartoe hulle geroep was, waardig was en wie hul bediening onder leiding en inspirasie van die Heilige Gees uitgevoer het. Die vroeë Christene het geen priesterskappe of predikante as geestelike ampsdraers geken nie, maar intendeel was dit die hele Gemeente van die wedergebore verlostes wat 'n koninklike priesterdom en 'n heilige volk was (IPet. 2:9; Openb. 1:6). Die vyf bedieninge wat ons reeds genoem het, is nie in hul werkinge beperk tot die plaaslike gemeente nie, maar is bedoel vir die algehele Gemeente. Die leiers van die plaaslike gemeente, dws, die opsieners of ouderlinge, het die soewereine plaaslike gemeentes versorg. Diegene onder hulle wat die leiding geneem het,



was bekend as biskoppe en moes getroud wees (ITim. 3. 1-7; Tit. 1: 5-8). Daar was selfs plaaslike gemeentes met verskeie biskoppe, dit wil sê met meer as een ouderling om die gemeente te lei (Fil. 1:1). Dit is in ooreenstemming met Jakobus 5 vers 14, waar daar geskryf word dat wanneer 'n gelowige siek word, hy die ouderlinge van die gemeente moet inroep. Toe Paulus en Barnabas in Jerusalem kom, is hulle daar in die gemeente deur van die apostels en ouderlinge ontvang (Hand. 15:4). In die vroeë Christendom het hierdie goddelike orde van die Gemeente nog geheers.

Ter waargeneming van die praktiese take van die plaaslike gemeente, was diakens aangestel, wie ook getroud moes wees (volgens ITimothéüs 3, verse 8-13). Dit was nodig sodat biskoppe en diakens, uit hul praktiese huweliks- en gesins ervarings, die lede van die gemeente kon adviseer en help met raad om hul verskillende probleme te hanteer. Die vroeë Gemeente ken nie die ampte en funksies van die biskoppe soos dit vandag uitgeoefen word nie. Volgens ITimótheüs 3 vers 15, is die Gemeente van die lewende God, gestig deur Christus, die fonda-ment sowel as die pilaar — dit is die ondersteunende element — van die waarheid. Nie 'n enkele interpretasie of valsheid het enige plek daarin nie. Dit is deur haar dat die wil van God, soos dit in die hemel is, as 'n goddelike instelling ook hier op aarde moet geskied.

In die begin, ná die stigting van die nuwe-testamentiese Gemeente, was daar 'n suiwer verkondiging van die evangelie, met bybelse leerstellinge en die ware beoefening van die Woord wat deur die apostels uitgeoefen was. Die vroeë Gemeente was 'n organisme wat met die lewe van Christus deurdring was en gelei was deur die Gees; dws, sy was nie 'n georganiseerde denominasie nie.

Later moes Paulus en die ander apostels hulself met die dwaal-leringe van valse leraars en verleiers te doen kry. Van toe af het 'n pluralistiese ontwikkeling begin; verskeie geestelike stromings het parallel voortgegaan. Een van hulle het bestaan uit ware gelowiges wat hulleself in lyn gebring het met die Woord en die evangelie wat deur die apostels van God ingestel is; hulle het hierdie dinge in die alledaagse praktyk uitgeleef. Johannes het dit bevestig met hierdie woorde: "... hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling" (I Joh. 4:6).

Die ander geloofsrigtings bestaan uit 'n mengsel van waarhede en interpretasies, wat later in leerstellings verander was. Sulke manne word deur die Heilige Skrif as "valse broeders" aangewys wat ingesluit het sonder om 'n goddelike oproep tot die bediening te ontvang. Paulus maak dit tog so duidelik: "... en dit vanweë die ingesmokkelde valse broeders wat ingesluit het om ons vryheid te bespied ..." (Gal. 2:4). Hulle was manne wat 'n ander Jesus verkondig het, wie 'n ander gees ontvang het en 'n ander evangelie gepreek het (IIKor. 11:4). Petrus waarsku gelowiges teen valse broeders wat insluit met leringe van die verderf (IIPet. 2: 1-3). Apostel Judas praat van hierdie tendens met hierdie woorde: "*Wee hulle, want hulle het die weg van Kain bewandel en om loon, hulleself in die verleiding van Bileam gestort en in die verset van Korag omgekom*" (Judas 11). Die valse broeders het die Woord verdraai en almal die wat mislei was, het ander verder verlei in hul misleiding. So het die verskillende geestelike rigtings ontstaan.

Johannes het in hierdie afwykende strominge die aanvang van die antichris-beweging gesien. "Anti" beteken "teen". Dus, alles wat nie in ooreenstemming met Christus en Sy Woord is nie, is teen Hom en dus *antichristelik*. Hy skryf: "*Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie*" (I Joh. 2:19). Paulus noem sulke mense "*wrede wolwe*" (Hand. 20: 28-30). In Openbaring 2, vers 2, sê dit dat ware gelowiges in staat was om te onderskei: "... en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het". Hoe kon hulle onfeilbaar beproef, om vas te stel of hierdie manne wat beweer het dat hulle apostels was, dit nie was nie? Dit was deur te kyk of hulle gepreek het wat Petrus en Paulus gepreek het. **Die beproewing daarvan moet altyd in vergelyking met die prediking en handeling van die apostels wees, wat die enigste geldige maatstaf is.** Dus was die vraag reeds in daardie tyd al gevra: "Wat is die waarheid, en wat is die vervalsing?".

In die genoemde bybel-gedeeltes, is dit duidelik dat daar afwykende geloofsrigtings parallel met die Gemeente van Jesus Christus ontwikkel het. Voor die einde van die eerste eeu was daar reeds verskillende valse leringe en vermengings. Sommige was onderhewig aan die leringe van Bileam, ander weer aan die leringe van

die Nikolaiëte, en nog ander het geluister na 'n vrou met die naam van Isébel, wat haarself as 'n profetes voorgedoen het en as 'n lerares daargestel het (Openb. 2:20).

Die suiwer leer van die apostels is as 'n erfenis in die Heilige Skrif aan ons oorgelaat, sodat ons presies kan weet wat reg is. Die verskillende leerstellinge wat deur onbevoegde mense ingestel is, word egter vermeld. Die uitdaging: "*Beproof alle dinge*" (IThe. 5:21), is nog steeds geldig. Baie het dit vir hulself eie gemaak, maar dit nie behoorlik in die praktyk beoefen nie. Hulle het ander getoets volgens die vlak van hul eie kennis, volgens die standpunt van hul eie leerstellinge en praktyke, en sodoende het hulle die feit heeltemal uit die oog verloor dat daar by God net een geldige maatstaaf is vir alle dinge en wat gebruik mag word in enige omstandighede, naamlik: **die volle getuïenis van die Woord van God.**

In die tweede eeu het daar langs die Gemeente van die Lewende God, wat altyd geglo en gehandel het soos Christus deur die apostels geleer het, ook verskeie godsdienstige oriëntasies wyd versprei. Die skriftelik-afwykende leeropvattinge, het toenemend populêr geword. Die smalle weg was verbreed en die nou poort was wyd gemaak. Elke rigting het gestrewe om soveel lede as moontlik te werf, soos dit nog steeds die geval vandag ook is. Maar hierdie belofte is vir altyd geldig vir die ware Gemeente van Jesus Christus: "*Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbhae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee*" (Luk. 12:32). Hulle wie aan die klein kudde behoort, luister slegs na die stem van die Goeie Herder, wie Sy lewe vir die skape gegee het; dit is, **hulle luister net na Sy Woord.** Hierdie "ecclesia" was nog altyd die klein groep van diegene wie die oproep gehoor het om uit verwarring te kom en wat die Herder volg sonder kompromie.

In die post-apostoliese tye het Polycarp (†155 nC), wat saam met die apostel Johannes was, asook Irenéus (†202 nC), 'n leerling van Polycarp, hulself as verdedigers van die ware geloof onderskei. Maar by nadere en noukeuriger ondersoek, sien ons dat dit nie meer uitsluitlik om die suiwer erfenis van die vroeë apostoliese geloof gegaan het nie. Die geleidelike afwyking vanaf die goddelike organisme van die vroeë Gemeente, tot die menslike organisasie, kan duidelik gesien word.

Die ontwikkelinge in die derde eeu, tot met die Raad van Nicaea, 325 nC, is teenstrydig. Van buite gesien, het die 'ontaarde' Christendom versprei in al sy vorme, totdat dit deur die staat erken was in die tyd van keiser Konstantyn, sodat dit 'n mag geword het wat ernstig in die hele Romeinse Ryk geneem moes word. Geloof het 'n nuwe filosofie geword. Oosterse tradisies, gemeng met Hellenistiese kultuur, het die kern van die vroeë geloofsinhoud afgewater. Die teenstrydighede met die sogenaamde 'Christologie' het hul verskyning gemaak en dit het die gedagtegang beïnvloed.

## Hoofstuk 3

# TRAGIESE KOERSWISSELING — BEGIN VAN DIE ONHEILSGESKIEDENIS

Vir solank as wat die evangelie op Joodse grond en hoofsaaklik onder die Joodse gemeentes gebly het, was daar geen bespreking oor die Godheid nie. Dit was eers toe die Romeinse, Griekse en heidense gedagtes, uit die oogpunt van hul gode en godinne bygekom het, dat die Christologiese besprekinge gekom het. Die geestelik-profetiese visie, soos dit in die Ou Testament voorgestel was as skaduwee van dinge wat kom en as 'n werklikheid in die Nuwe Testament verskyn het, het al hoe meer verlore geraak, hoewel Tertullianus met nadruk daarop heengewys het: "**... dat die Ou- en die Nuwe Testament ooreenstem en dat profesie die skakel is tussen die Ou en die Nuwe Testament**" —F. Hauss, VÄTER DER CHRISTENHEIT ("Vader van die Christendom"), bladsy 30. Die Christendom was leerstellig meer en meer verskuif vanaf die Joodse fondament, en gaandeweg op die heidendom gestel. Hierdie dinge het in teenstelling met die geloof van die apostels gekom en het die tydperk direk daarna gevolg. Uit die Ou Testament was net dit gebruik wat verband hou met nuwetestamentiese gedeeltes wat teen die Jode gerig kon word. Reeds in die tweede eeu, het geestelik-blinde leiers, net soos die Romeinse keisers, 'n voorliefde vir anti-Judaïsme\* gehad.

Die Romeinse keiser Konstantyn, 'n groot strateeg, het voordeel getrek vir homself uit die wêreldse Christendom, maar dit het nie sy verhouding met die heidendom bederf nie. Hy het die konstruksie van heidense tempels bevorder, sowel as die oprigting van kerke. In die jaar 315 nC, het Konstantyn al die bekering tot Judaïsme as 'n misdaad, strafbaar met die dood verklaar, vir beide die bekeerling én die betrokke Jode. In 321 nC was die viering van Sondag wettig ingestel.

---

\*Om die term "anti-semitisme" slegs teenoor die Jode te gebruik is nie korrek nie, want al die Arabiese volke is ook Semiete.

Maar dit was glad nie genoeg nie: onder die bedreiging van straf, was die Jode gedwing om die Sabbat te ontken en die Sondag te 'heilig'. So het Konstantyn dít geproklameer wat die biskoppe — wat destyds toe alreeds as persone van aansien beskou was — aan hom voorgestel het.

By die Raad van Nicaea in 325 nC was Arius en Athanasius albei hoofsprekers. Hul aanbiedinge is grootliks opgeneem in die kerkgeskiedenis. Dit was duidelik dat Arius geen kennis van Christus gehad het nie. Athanasius daarteenoor, het eerlik getuig dat **"in Jesus God self aan ons verskyn het; dat God self aan ons bekend geword het en ons verlos het; dat ons in Hom die Vader self het ... dat in Jesus die Vader self ons verlos het"** —K. D. Schmidt: GRUNDRISS DER KIRCHENGESCHICHTE ("Gronding van die Kerkgeskiedenis"), bl. 98.

Vanaf hierdie tydstip af het die konstitueering van die Romeinse kerk begin. In die tyd van die Raad van Nicaea was daar nog geen pous en geen kardinaal nie. Ook het daar geen biskoppe van Rome na vore gekom om die voorrange te eis nie. In hierdie opsig is die geskiedenis van die Kerk gedeeltelik geherdateer, gemanipuleer of platweg vervals. Dit was Keiser Konstantyn wat die Raad van Nicaea byeen geroep het en as beskermheer daarvoor opgetree het. Die doel was om in een kerk die verskillende oriëntasies te verenig en dit in diens van die staat te plaas. Die vereeniging van die staat en die kerk het plaasgevind en so het die "staatskerk" ontstaan.

In 380 nC het Theodosius die Grote en Gratianus 'n einde gemaak aan algemene godsdiensvryheid. **"By die Tweede Ekumeniese Raad (381 nC) het die biskoppe die edik bekragtig wat in Februarie 380 nC deur keiser Theodosius I geproklameer is, dat elke Romeinse burger gedwing was om die Trinitariese Christelike geloof te aanvaar soos dit geformuleer was by die Raad van Nicaea in 325 nC ... Die trinitariese geloof, wat die drie-eenheid van God die Vader, Seun en Heilige Gees vervat, is geldig in hierdie vorm as 'n belydenis van geloof vir alle Christene en is verhef tot die rang van verpligte staatsgodsdien"** —B. Harenberg: CHRONIK DER MENSCHHEIT ("Tydsloop van die Mensdom"), bl. 212. **"Gregory van Nyssa was 'n sentrale figuur van die Tweede Ekumeniese Raad van Konstantinopel en hy het die geloofsbelydenis van Nicaea ondersteun. Hy het 'n deurslaggewende rol gespeel in die formulering van die leerstelling van die drie-eenheid"** (bl. 214).

## **"Elke burger was voortaan verplig om 'n ortodokse Christen te wees; heidendom en kettery het misdade teen die staat geword"**

—K.D. Schmidt: GRUNDRISS DER KIRCHENGESCHICHTE ("Gronding van die Kerkgeskiedenis"), bl. 83. Almal wat om gewetensontwil hierdie diktaat nie gevolg het nie en selfs hulle wat nie in hierdie staatsgodsdienste nie ingepas het nie, was gebrandmerk as kettere. Dit was toe die begin van die vervolging van die kant af van die "Christelike Kerk van die Romeinse Ryk", ook teen die bybelse Gemeente.

Onder die leierskap van pous Leo die Grote (440-461 nC) het die universele kerk 'n enorme groei beleef. Dit is hy wat die meeste kerk-historici aanwys as die eerste pous. Die historikus Herder, lys 264 pouse, insluitend Paulus VI en plaas Leo I as 45<sup>ste</sup> pous. Langs die name van die eerste 15, wat volgens sy lys begin met Petrus, plaas hy 'n vraagteken. Die oorweldigende meerderheid protestantse historici plaas hierdie vraagteken langs die eerste 44 name. In elk geval is hulle eenparig om te sê dat die geskiedenis van die pouse eers begin het met Leo I. Hy self moes tydens die Raad van Chalcedon (451 nC) tevrede wees om op gelyke voet met die biskop van Konstantinopel geplaas te word. Selfs daar het ons nog nie die primaatskap van een van hulle gesien nie, maar die weg vir hierdie gedagte was duidelik reeds gebaan.

Die instelling van die "staatskerk" is gedurende die regering van keiser Justinianus (527-565 nC) voltooi, toe hy die priesters as "staatsbeamptes" bevestig het. Dit is duidelik dat Christus nie die stigter van hierdie universele "staatskerk" is nie, maar politieke en godsdienstige heersers, wie se belang dit was om die mag van die Romeinse Ryk in sy geheel in 'n enkele massa saam te voeg. Vanaf die vierde en vyfde eeue sien ons nie net die geskiedenis van die verlore Gemeente van Jesus Christus nie, maar uit die oogpunt van die kerkgeskiedenis gesien, het ons te doen met die verskeie afwykende ontwikkelinge, verbind met hierdie groot universele "staatskerk"; ons het te doen met die mees wreedste rampspoed, veroorsaak deur 'n "heidens-Christelike" wêreldwye instelling.

Die biskoppe het waardigheids-bekleërs geword, toegerus met gesagvolle godsdienstige en politieke magte. Eerstens het almal dieselfde titel gehad omdat hulle hulself as geestelike vaders geag het.

Aangesien Rome beskou was as die hoofstad van die Weste, was die Romeinse biskoppe stelselmatig voorgetrek en hulle het een na die ander verskillende eerbetoningstitels geëis. Hulle het begin met dié van "Pontifex Maximus". Hierdie titel is gedra voorheen deur die heidense hoëpriesters en keisers van die Romeinse Ryk, insluitend Konstantyn. Wat egter hierdie valse ontwikkeling van die pouslike kerk, wat gekombineer is met aansien en magsoosisies, begelei, is vir verskeie redes byna onbegryplik.

**"Sedert die tyd van Boniface VIII (1294-1303), het geloof in die pous selfs heilsnoodwendig geword omdat al die inwoners van die aarde aan hom onder-worpe is. Dit is wat Grégoire VII (1073-1085) ook gesê het in sy 'Dictatus papae': 'slegs die Romeinse pous word tereg universeel genoem'" —H. Heinz: ZWISCHEN ZEIT UND EWIGKEIT ("Tussen Tyd en Ewigheid"), bladsy 176.** Die gevolg was 'n geestelike 'Christendom' waarin geen waarde toegeskryf was aan 'n persoonlike verhouding met Christus nie, maar slegs deur te behoort aan hierdie instelling. Meer en meer was die gesag sistematies weggenem van Christus en die Woord van God af, en oorgedra aan hierdie instelling en sy verteenwoordigers. Net soos Christus die Hoof van Sy Gemeente is, het die huidige pous die opperhoof van hierdie universele kerk geword.

Mense was deur dwang gedoop in hierdie staatskerk en word later lede gemaak met die status dat hulle van geboorte af aan hierdie instelling behoort, sonder dat enige van hulle in staat is om hul eie besluit te neem. Dus, met die nie-bybelse doop, was hierdie praktyk om lede te maak met geweld, die grondslag van die volkskerk. Daarby het ook die bekendstelling van kerklike belasting, die basis van die finansiële mag van die pouslike kerk geskep.

Parallel met wat reeds so vroeg ingestel is, dit wil sê, met die verwikkeling van die "distansiëring vanaf die Woord van God", het die vervreemding vanaf Judaïsme, en later ook vanaf die Joods-Christelike gemeentes plaasgevind. Dit het nie daar gebly nie. Justin, die biskop van Smyrna († 167 nC) het homself alreeds toe al ongunstiglik teenoor die Jode uitgespreek deur te sê dat Christene nou "die Israel van God" was en dat die Jode, aan die ander kant, ongelowiges en afvallig was. Die apostel Paulus het dit baie anders gesien: "*Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis (die Jode) nòg die onbesnedenheid (die nasies)*



*enige krag, maar 'n nuwe skepsel ... en mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!"* (Gal. 6: 15-16). Die apostel Petrus het toe ook reeds in hierdie terme oor hierdie onderwerp gepraat: *"... ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is"* (Hand. 10: 34-35).

Die anti-Joodse polemieë het alreeds baie vroeg begin en al hoe meer aggressief geword. Biskop Ignatius van Antiochië (98-117 nC), het begin met die aanhitting van die anti-Joodse gesindheid. Die slagspreuke wat verteenwoordigers van die kerk reeds in die eerste eeue geuite het, sowel as hul geskrifte, het tot gevolg gehad dat reeds meer as 'n miljoen Jode, wat op daardie tyd al as Christus- en Godsmoordenaars gebrandmerk was, op een of ander manier doodgemaak was. Die gebod: "Jy mag nie doodslaan nie!", was vir die kerk van Rome ongeldig.

Die kerkvader Chrysostomus (354-407 nC) — een van die ergste vyande van die Jode — het geproklameer: **"Met die Jode moet mens so min verkeer soos met die duiwel. Hulle is 'nie beter as varke en bokke' nie ... Die sinagoge is nie bloot 'n teater nie, dit is 'n huis van prostitute, 'n grot van rowers, 'n toevlugsoord vir onrein diere, 'n woonplek van die duiwel ... Christene moet geen Joodse dokter raadpleeg nie, maar "eerder doodgaan", hulle moet wegdraai van hulle "soos van 'n plaag of van alle epidemies wat die menslike geslag bedreig" ..."** — K. Deschner: KRIMINALGESCHICHTE DES CHRISTEN-TUMS ("Misdadaadsgeskiedenis van die Christendom"), Vol. 1, bl. 134.

Cyryllus (†444 nC), patriarg van Alexandrië, het die "finale oplossing" van die Joodse vraag, wat sy hoogtepunt in die 20ste eeu bereik het, reeds toe al opgebring. Cyprianus en Tertullianus, Athanasius en Jerome, Gregory of Nyssa, Ambrose en Augustinus, Justinianus, en baie ander se gevoel vir die Jode het min of meer tot haat toegeneem, wat deur die eeue heen oorgedra is aan die hele geestelikes. Hulle het daarvoor gesorg dat anti-Judaïsme in die bewussyn van al die volke ingeplant word. Die Jode was geblameer vir al die ongeregtighede, sodat mense met alles probeer het om hulle uit te roei.

Wat die Seun van die mens geprofeteer het, was eweneens op Sy dissipels sowel as met die Jode in vervul: *"Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys. En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie. Maar hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat wanneer die uur kom, julle kan onthou dat Ek julle dit gesê het"* (Joh. 16: 2-4).

Die moordenaars was inderdaad daarvan oortuig dat hulle God en die kerk dien deur die trinitêre Christendom van monoteïstiese Judaïsme suiwer te hou. Die vervolging het daarna ook versprei teen die Christene wat hulself verenig het met Christus en wie nie hierdie bloed-besmette stelsel kon aanvaar nie. Selfs die hooggeagte hervormer, Martin Luther, kon nie ontslae raak van die Jode-haat, wat sy vlees en bloed as 'n monnik binnegedring het nie. U sal dit kan lees in DAS JUDENTUM ("Die Judaïsme"), deur J. Gamm, bl. 64: **"Luther het in sy laaste prediking op Februarie 15, 1546, nog oor Joodse dokters gesê, dat hulle middele voorskryf, wat diegene wat dit neem, later doodmaak"**.

Van eeu tot eeu het die haat toegeneem en anti-Joodse slagspreuke het alhoemeer kras geword. Sommige verse was vanuit die Skrif geneem om hierdie wreedhede te regverdig. Wanneer Jesus van ongelowige Jode praat, is dit een ding, maar wanneer Hy praat oor Joodse gelowiges, dan is dit iets anders.

Gegewe wat die Kerk van Rome gedoen het aan Jode, heidene en diegene wat anders geglo het, met die wreede vervolging om haar doel te bereik, is dit nodig om te vra of dit verlossing gebring het of onheil in sy wreedste dimensie ooit. Die oorloë wat uitgevoer is sodat hulle hul sin kon kry, moet ook bygevoeg word. Deur al die vervolgings, moorde, onteiening van eiendom, het sy sodoende in die middel-eeue die eienaar van een derde van die hele Europese grondgebied geword. Sy het ook die eiendom van die lewendes en die dooies "geërf". Prinse en konings het dit nie gewaag om dit teen te staan nie; Intendeel, hulle het ywerig deelgeneem aan hierdie manier van dinge doen. **"Rudolf von Habsburg het in 1286 verklaar dat die Jode, in persoon en eiendom, tot sy skat behoort"** —H.-J. Gamm: DAS JUDENTUM, bl. 84.

Al die vloeke wat voortdurend uitgespreek was, veral deur pouse, biskoppe en die hele kurie, was die grondslag vir Jode en ander gelowiges om deurentyd genadeloos deur die Roomse Kerk vervolgt te word. By die laaste oordeel sal geopenbaar word of die ses miljoen Jode wat tydens die Derde Ryk in Europa vermoor was, net op bevel van die Duitse volk gedood was, en of dit ook op die rekening van die Rooms-Katolieke Kerk gedoen was. Vir die katolieke Hitler, Himmler en die Jesuïet Goebbels, was die grond reeds vir 'n lang tyd voorberei. Die pous het alreeds voortdurend van die "Voorsienigheid" gepraat, soos die (ver)leier Hitler, ook gedoen het.

Wie die verskillende literatuur lees met betrekking tot die pouse en hul optredes tot die mees onlangse tye, vind dit ontstellend. Jode en ander gelowiges word eenvoudig as niks beskou nie. Die Jesuïet, Pous Leo XIII (1878-1903), het verklaar: **"Vervloek is enigeen wat sou sê: die Heilige Gees wil nie hê dat die ketters doodgemaak moet word nie!"** —E. Paris: SECRET HISTORY OF THE JESUITS, bl. 279. Van wanneer af maak die Heilige Gees dood? Volgens die getuienis van die Skrif, maak die Gees lewendig. Maar die Roomse Kerk het almal valse leraars en ketters genoem wat nie getrou was aan haar nie, en die geestelikes het dit hul reg geag om hierdie mense te likwideer. Vanuit hierdie oogpunt moet ons ook die gedrag van pous Pius XII waarneem ten opsigte van die Joodse volksmoorde wat voorheen en tydens die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind het. 'n Klipgooi van die Vatikaan af, was die Joodse Sinagoge in vlamme sonder dat die pous één woord daarteen gesê het, om dit te veroordeel. Die huidige pous het hom gevier laat word toe hy die herboude sinagoge van die met-blindheid-geslaande Jode besoek asof hy die Messias self was en daar met sy intog Psalm 150 gesing was.

Met Sy eerste ontmoeting met Abraham het die HERE aan hom hierdie belofte gegee: *"En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek"* (Gén. 12: 2-3). Diegene wat beweer het dat hulle God en Sy Woord glo, moes hierdie Woord voor hulle oë gehad het.

Die streng monoteïsme wat aanvanklik uitsluitlik 'n Joodse geloofs-artikel was, het in die weg gestaan van die denke van die heidensgebore biskoppe. Eerstens wou hulle niks in gemeen hê met Jode nie,

en dan ook nie met die enige God van die Jode nie. Dus, in die plek van die Hebreeuse woord "Maschiah" (Messias), het hulle die Griekse woord "Christos" (Gesalfde) gesit. In die plek van die Hebreeuse woord "Jahshua", het hulle die Grieks-gebaseerde woord "Jesus" geneem. Die formulerings oor die godheid het destyds uit hul Hellenistiese denke voortgespruit, en dit op 'n manier wat heeltemal vreemd was vir die volk en die God van Israel. Die Nuwe Testament ken ook geen anti-semitisme, soos sommige historici dit gestel het nie. Wat hulle ontgaan het, is hierdie woorde van die HERE: "... die saligheid is uit die Jode" (Joh. 4:22).

Selfs al in die Ou Testament het die profete alreeds geprofeteer dat die nasies ook in die redding van God sal deel: "*Ek, die HERE, het U geroep in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies ...*" (Jes. 42:6). "*Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om My heil te wees tot aan die einde van die aarde*" (Jes. 49:6b). Dit is met die Jode dat die HERE Jesus begin het, soos Hy aan Sy dissipels gesê het: "*maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel*" (Matt. 10:6). Petrus het, as die eerste apostel, die redding van 'n Romeinse hoofman oor honderd, Cornelius, met sy hele huis ervaar (Handelinge 10). Die HERE het vir Paulus gesê: "*Gaan heen, want Ek sal jou ver wegstuur na die heidene*" (Hand. 22:21). Toe die HERE Sy sendingsopdrag gegee het aan Sy dissipels, het Hy reeds hierdie duidelike aanwysing gegee: "*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies ...*" (Matt 28:19). Die Gemeente van die lewende God bestaan uit alle volke, tale en nasies!

Omdat die Romeinse Ryk oral teenwoordig was, het die Kerk van die Ryk al die wêreldse middele tot hul beskikking gehad om hul doel te bereik. In werklikheid was daar nie 'n "Christendom" wêreld-om nie, maar 'n "katolisisme". Die volkere van die wêreld het nie deur Christene gelowiges van die evangelie van Christus geword nie, maar was inderdaad gedwing om die katolieke "staatsgodsdienst" te aanvaar. Gedurende die ongeveer duisend jaar van die monargie van die Rooms-Katolieke Kerk, was die hele aarde deurweek met die bloed van martelare. Hul getal word uiteenlopend bereken, maar dit word beraam dat die aantal martelare sowat 68 miljoen beloop. Almal wat anders geglo het, was gejag soos wildediere. Selfs die "Teen-reformasie" was 'n geleentheid om bloed te vergiet, wat met behulp

van wêreldsmiddele, niks met die proklamasie van die evangelie van verlossing te doen gehad het nie — intendeel, nuwe rampe was veroorsaak deurdat die kerklike mag verenig het met wêreldmag. Wie is daar wat nog nie gehoor het van die Spaanse Inkwisisie nie, van die heksejagte en die verassings, die uitsetting van die Waldense en Mennoniete, die vervolging in die hele Europa van diegene wat 'n ander geloof gehad het? In die nag van St. Bartholomeus (Augustus 23 tot 24, 1572), tydens die sogenaamde "Bluthochzeit" (Bloed-Bruilof), is 3,000 Hugenate slegs in Parys vermoor, en in die hele Frankryk, meer as 20,000. **"Pous Gregory XIII het die moord op Franse Protestante met die 'Te Deum' jubelsang gevier"** —B. Harenberg: CHRONIK DER MENSCHHEIT ("Tydsloop van die Mensdom"), Bl. 437.

Hierdie kerk het die leerstellinge op so 'n manier verander dat niks van wat deel was van die oorspronklike geloof, gevind kon word nie. Die lees van die Heilige Skrif is onder straf verbied. Dit is regtig ontstellend om daarop te let dat veral Jode en bybel-gelowige Christene, deur hierdie Kerk van Rome verbrand was, saam met die Bybel wat hulle geles het. Waarom het sy die Bybel so baie gevrees?

## Hoofstuk 4

# DIE ONGEGRONDE AANSPRAKE VAN DIE POUS

Soos ons reeds oortuigend gesê het, was die Katolieke Kerk se inwerkingtrekking ongeveer 1600 jaar gelede, nie 2000 jaar gelede nie. Dit is dus nie verstommend dat nie 'n enkele leer en praktyk van hierdie kerk in ooreenstemming is nie met die vroeë Gemeente nie. Doktrinale begrippe soos dié van "doop", van "nagmaal", van "bekering", ens., het gebly, maar hulle betekenis is iets anders, en in die praktyk word dit heeltemal anders toegepas as wat dit in die vroeë Christendom was.

In die Heilige Skrif word daar nêrens enigiets van 'n pous gesê nie. Daar is ook geen melding van 'n "opvolger van Petrus" nie, van 'n "In die plek van Christus" ('Vicar of Christ') of 'n "apostoliese opvolging" nie. Hulle het die waarheid van sekere bybel-gedeeltes geweld aangedoen om eimatige aansprake daarop te regverdig, in besonder die woorde van Jesus in Mattheus 16 vers 18: *"En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus (petros), en op hierdie rots (petra) sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie"*. Die HERE het nie vir Petrus gesê: "Ek sal op jou my gemeente bou" nie, maar wel: *"... op hierdie rots ..."* Die woord "petros" beteken klip; maar die Gemeente moes gebou word op die rots— "petra".

Enigeen wat graag die moeite wil doen, kan in die Griekse teks van die Ou- en Nuwe Testamente al die plekke naslaan, waar daar van 'n rots (petra) gepraat word. Dat die HERE van die Hemel Sy Gemeente op 'n man sou gestig het — al was hy die grootste van die profete en apostels — is eenvoudig absurd. Petrus was 'n maklik beweegbare steen (petros), en nie 'n onwrikbaar rots (petra) nie. Net vyf verse verder staan geskryf dat die HERE na hom toe gedraai het met hierdie woorde: *"Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense"* (Matt. 16:23).

Trouens, Petrus het pas die openbaring ontvang dat Jesus die Christus was en dit is op hierdie openbaring van Jesus Christus dat die Gemeente gebou word. Voordat jy vers 18 lees, is dit noodsaaklik om eers vers 17 te lees: *"Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is"*. Uit die konteks is dit duidelik uit wat hy in vers 16 verklaar, dat Petrus 'n hemelse openbaring aangaande Jesus Christus ontvang het: *"En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God"*. Die HERE Jesus het die vraag in vers 15 gevra: *"Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek?"*. Die antwoord was 'n goddelike openbaring aan Petrus deur die Vader en op hierdie openbaring van Jesus Christus word die Gemeente gebou.

Vers 19: *"En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee ..."* word ook selfsugtig geïnterpreteer. Dit gaan oor die sleutels van die koninkryk van die hemele. Johannes die Doper het gepreek en gesê: *"Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom"* (Matt. 3:2). Ons kan ook lees oor onse HERE, dit wat staan in Mattheüs 4, vers 17: *"Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom"*. In Lukas 16, vers 16 word die konteks van hierdie benadering tot die koninkryk van die Hemel aan ons gegee: *"Die wet en die profete was tot op Johannes; van toe af word die evangelie van die koninkryk van God verkondig, en elkeen dring met geweld daarin"*.

Op Pinksterdag het die eerste siele die koninkryk van God binne gedring, en hulle was bevoorreg in vergelyking met Johannes die Doper, wat dit net kon aangekondig het: *"Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie; maar die kleinste in die koninkryk van die hemele is groter as hy. Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld"* (Matt. 11: 11-12). Op die Pinksterdag het Petrus, toegerus met die goddelike gesag, tereg die sleutels van die Koninkryk van die hemel gebruik op 'n regte manier. Hy het van die begin af aan die nuwe-testamentiese Gemeente die verordeninge gegee wat vir ewig geldig is.

Die simbool van die sleutels is baie maklik om te verstaan. Wie die sleutel van 'n huis het, kan binnegaan; wie die sleutel van 'n motor het,

kan dit ry. Wie ookal die sleutels tot die Koninkryk van die hemel het, het toegang tot die Koninkryk van God; daarmee ontsluit hy dinge wat tot dan toe geslote was en openbaar dit wat verborge was. Uit hoofde van 'n goddelike roeping en van 'n bevestiging in die bediening, is alle voorskrifte verpligtend en kan dit nie, vir die hele tydskuur van die nuwe-testimentiese Gemeente, verander word nie.

Aangaande die sleutels het die HERE die geestelike leiers van daardie tyd ernstig beskuldig: *"Wee julle, wetgeleerdes, want julle het die sleutel van die kennis weggeneem; self het julle nie ingegaan nie, en vir die wat wou ingaan, het julle verhinder"* (Luk. 11:52). Vind ons nie vandag dieselfde situasie nie?

Wat Jesus in hierdie konteks aan Petrus gesê het, was ook heeltemal misverstaan en valslik toegepas: *"... en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees"* (Matt. 16:19). Wat die apostel Petrus regmatig verklaar het met die stigting van die Gemeente, oor bekering, die water-doop en die doping met die Heilige Gees, is onder die leiding van die Heilige Gees verklaar en dit is geldig beide in die hemel en op aarde. Dit is die eintlike betekenis van die sleutels.

Hierdie goddelike gesag was egter nie beperk tot Petrus nie, wie die eerste was om te praat by die geboorte van die Nuwe Testament Gemeente en die verordeninge leerstellig verkondig het. Hierdie goddelike gesag is egter aan die hele Gemeente oorgedra. Dit is duidelik aangedui in Matthéüs 18 vers 18 waar dieselfde woorde in die meervoud aangegee word: *"Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees"*. So sien ons dat dieselfde volle gesag wat die man van die eerste uur ontvang het as verpligte leerstellings, oorgedra was aan die hele Gemeente, omdat sy verantwoordelik is vir die daarstelling van dieselfde leerstellings. Soos ons duidelik sien in hierdie konteks, geld dit ook vir die beoordeling van aangeleenthede wat 'n gelowige persoonlik betref. In geval die betrokke persoon nie gehoor gee aan dit wat volgens die Woord deur die gemeente gesê word nie, dan word hy as 'n ongelowige beskou. Hierdie goddelike gesag is dus nie net aan een man verbind nie, maar aan die hele Gemeente. Daarom moet dit nie willekeurig toegepas



word nie, maar eerder in ooreenstemming met die Woord van God. Dan word bereik wat presies in die volgende vers geskryf staan: *"Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is"* (Matt. 18:19).

Ons moet ook 'n woord van klaarheid oor Johannes 20 verse 21-22 skryf. Dit is daar dat die HERE vir die apostels sê: *"Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees. As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou"*. Hierdie skrifgedeelte was ook heeltemal verkeerd verstaan deur die Roomse Kerk en is heeltemal onbybels geïnterpreteer. Niemand het enigiets te doen met die vergifnis van sondes nie — net God kan sondes vergewe (Mark. 2:7). Mense ontvang onder die prediking, deur die geloof in Christus en deur die deur-Hom-volbragte verlossing, die versekering dat God hulle vergewe het. Dit is duidelik dat geen mens homself of van 'n ander van sy sondes vergewe kan word nie. Die teendeel is duidelik in die Skrif: *"... en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder"* (Luk. 24:47). *"En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het..."* (Kol. 2:13).

Wat beteken dan hierdie stelling wat in die meervoud gestel word in Johannes 20 vers 23: *"As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe ..."*? Aan wie word dit gerig en in watter konteks word dit gemaak? Hierdie woord is ongetwyfeld gerig aan die apostels ná die opstanding van onse HERE en dit is in verband met hul sending. Dit gaan hier om die sonde wat gepleeg word teen 'n prediker van die evangelie in opdrag van die HERE. Terwyl onse HERE Jesus Sy bediening gedoen het, het baie gesondig teen Hom en gesê dat Hy Beëlsebul was en Hom allerhande dinge genoem. Maar Hy het geantwoord: *"Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomstige nie"* (Matt. 12: 31-32).

Dit hou dus verband met die sonde wat gepleeg word teen manne wat sedert die uitstorting van die Gees op Pinksterdag, hul bediening deur 'n goddelike roeping uitvoer.

Wanneer 'n mens laster teen 'n dienskneg wat deur God gestuur is, hom vervolg en stenig, dan kan dieselfde dienskneg daardie sondes vergewe. Jesus self het vir ons 'n voorbeeld gegee toe Hy gesê het: "*Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie*" (Luk. 23:34). Toe Stefanus gestenig was, het hy in sy gebed uitgeroep: "*HERE Jesus, ontvang my gees! ... HERE, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!*" (Hand. 7: 59-60). Maar as iemand sondig teen die handeling van die Heilige Gees, teen die gawes van die Gees wat homself manifesteer deur 'n gesant van God, dit is godslastering, 'n sonde wat nie vergewe kan word nie, 'n sonde wat teen hom gehou word. 'n Man van God kan net een wat persoonlik teen hom gesondig het, vergewe. Dit word in die "Onse Vader" uitgedruk: "*... en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe*" (Matt. 6:12). "*En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe*" (Mark. 11:25). Wanneer iemand sondig teenoor 'n ander persoon, selfs al het dit sewentig maal sewe keer gebeur, moet hulle die een die ander vergewe (Matt. 18: 21-35).

So, as iemand teen 'n ware dienskneg van God laster, kan so 'n persoon vergewe word. Maar as die Heilige Gees deur hierdie man werk en dat iemand laster teen die optrede van die Gees in hom, dan gaan dit nie oor die man wat God gebruik nie, want hierdie aksie word direk teen die Heilige Gees gerig. Daarom is die lasteraar skuldig voor God, dat hy sondig teen die Heilige Gees, 'n sonde wat nie vergewe kan word nie en teen so een gehou word. Dit is die "*sonde tot die dood*", wat lei tot skeiding van God (1Joh. 5:16). Verder, elkeen is 'n sondaar voor God en ontvang die vergifnis van sy sondes en sy skuld van Hom, wie alleen sondes kan vergewe: "*Wat al jou ongeregtigheid vergewe ...*" (Ps. 103:3). "*Welgeluksalig is hulle wie se ongeregtighede vergewe en wie se sondes bedek is*" (Rom. 4:7).

Die praktyke van die Rooms-Katolieke Kerk is — matig uitgedruk — onbybels. Daar word van geboorte af tot die dood salig gemaak en hulle hele lewe lank word hulle 'hul sondes vergewe'. Ná 'n persoon sterwe, word daar plegtig aan diegene wat agter gebly het oorgedra

dat, ten spyte van al die sakramente, insluitend die laaste of 'deurgangsrites', die een wat gesterf het, in die vagevuur beland het. Dit is sodat hy 'van sy sondes gereinig moet word', waarvan hy egter sy lewe lank vergewe is deur die Kerk. Wat 'n paradoks! Soos al die ander leerstellings en dogmas van hierdie organisasie, is die vagevuur ook net 'n eie uitvinding.

Die Switserse hervormer Zwingli het gesê: **"Aangesien die 'vaagvuur', soos 'n mens die bedrieglike vuurseën kan noem, nêrens in die Woord van God gevind kan word nie, hoe is dit dat ons so dwaas is om so 'n verdagte en vaag storie te glo? Ons sien dat dieselfde mense wat die vagevuur verdedig en ons leer hoe om dit te blus, hulself as brandblussers op dieselfde tyd aanbied. Hulle sê: jy moet geld gee; Dit is die vinnigste manier om die vuur te blus wanneer die een wat die geld neem, die Mis lees, bid en psalms sing. Hulle lees dus die Mis en terselfdertyd reik hulle die hand uit vir die geld ..."** —Huldrych Zwingli: DER THEOLOGE, II.Teil, ("Die Teoloog, Deel II"), bladsye 193-194.

Sedert die stigting van hierdie universele kerk, is soveel dinge ingevoer, geleer en selfs verklaar as dogmas, wat absoluut niks met die vroeë Christendom te doen het nie. Gelowiges van daardie tyd het niks geweet van waskerse, van wierook en van heilige water nie. Dieselfde ook met betrekking tot die salig- en heilig verklaring van die dooies en hul verering. In die vroeë Gemeente was daar geen opoffering van die daaglikse Mis, van die aanroeping tot die "Moeder van God" en van enige kloosters nie. Ek het voor my 'n lys — wat verder aan verskyn — van verskillende proklamasies wat bestaan uit die pous se verklaring van onfeilbaarheid in die jaar 1870. Laasgenoemde is aanvaar, ten spyte van sterk opposisie, selfs in hul eie geledere (in Duitsland alleen was 79 teoloë gekant slegs 25 van hulle was ten gunste daarvan!); en in 1950 is die dogma geïmplementeer waarvolgens Maria na die hemel in haar liggaam en siel sou opgevaar het. Al hierdie dinge is sonder enige bybelse fondasie, want daar staan inderdaad geskryf: *"En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is ..."* (Joh. 3:13).

Hierdie proklamasie van Pous Pius XII moet dus as antichristelik geklassifiseer word, want dit is in flagrante teenstrydigheid met die verklaring van Christus. Dit was eers by die Raad van Éfese, in 431 nC,

dat Maria as 'Godsgeborene' verklaar was. Daarna was sy verskillende titels gegee soos: 'Moeder van God', 'Koningin van die Hemel', 'Middelares', 'Helperin', 'Voorspreekster', 'Moeder van alle Genade', 'Moeder van die Kerk', ook 'slangvermorselares' (of 'Sy wat die slang vermorsel het'), ens, ens. Baie van hierdie benamings, wat verband hou met Christus, is na Maria oorgedra, en dit is die rede waarom hulle in hulself ook antichristelik is. Jesus, Hy is die Koning, Hy is die Middelaar, Hy is die Voorbidder, en Hy alleen het die slang se kop vermorsel. As Maria al hierdie dinge gedoen het en alles net deur haar gedoen was, wat is dit dan wat Christus Homself gedoen het, en wie is Hy dan eintlik?

Wat van die besluite wat deur die rade geneem is, sowel as wat van die pouslike proklamasies behou is, word op 'n treffende manier uitgedruk deur die hervormer Martin Luther. Die woorde wat hy by die Worms-Ryksdag uitgespreek het op April 18, 1521, is in die geskiedenis opgeneem: **"Omdat ek oortuig is deur die getuienis van die Skrif of deur duidelike rede (want ek vertrou nie, hetsy in die pous of in rade alleen nie, aangesien dit bekend is dat hulle dikwels fouteer en hulself weerspreek), is ek gebind deur die Skrif wat ek aangehaal het en my gewete is geboei aan die Woord van God. Ek kan nie en sal niks herroep nie, want dit is nie veilig en nie reg om teen jou gewete te gaan nie. So help my God. Amen!"** —F. Hauss: VÄTER DER CHRISTENHEIT ("Vader van die Christendom"), bladsy 147. Geskiedenis getuig van die feilbaarheid van die pouse: **"Tot die einde van die Dertigjarige Oorlog was daar 245 pouse. Hiervan was 24 'anti-pouse' en — volgens die fabel wat lank as 'n historiese waarheid gehou was — was daar een vroulike pous. 19 pouse het Rome verlaat, 35 het van buite Italië geregeer; 8 pouse het vir nie meer as 'n maand geregeer en 40 het een jaar geregeer, 22 tot 2 jaar, 54 tot 5 jaar, 57 tot 10 jaar, 51 tot 15 jaar, 18 tot 20 jaar en slegs 10 pouse het oor 20 jaar geregeer. Van die 245 Pouse, was 31 as troonrowers of ketters verklaar, terwyl tussen die wettige pouse 64 gewelddadige dode gesterf het. 18 pouse was vergiftig, 4 was verwurg en nog 13 het op ander maniere gesterf"** —E. Rosenow: WIDER DIE PFAFFENHERRSCHAFT, Bd. I, ("Teen die Pouslike Heerskappy, Vol. I"), bladsy 42.

Rome, of eerder die Vatikaan (om dit meer akkuraat te stel), het hulself universele gesag toegewys, wat op geen manier deur die Woord gelegitimeer word nie. Dit is net 'n suiwer wêreldse mag onder 'n vrome dekmantel. Die legende dat Petrus in Rome sou gewees het en selfs dat hy in daardie stad die bediening sou uitgeoefen het van biskop vir amper 20 jaar, is 'n desperate poging om 'n bewering van uiterse belang vir hierdie kerk, te regverdig. Die historici praat slegs van 'n sekere Simon Magus, wat 'n groot indruk gemaak het op die Romeinse senaat deur sy toorkuns. Paulus se sendingreise, sowel as dié van Petrus, word duidelik aan ons uit die Skrif beskryf. So, daar kan geen twyfel daaroor wees nie. As Petrus regtig 'n reis na Rome meegemaak het, sou dit 'n uitsonderlike ding gewees het, inderdaad 'n sensasie, en ons sou sekerlik 'n verslag daaroor gevind het.

Volgens Galasiërs 2, vers 9, het Petrus, Jakobus en Johannes die hand van gemeenskap gegee aan Paulus en Barnabas, en het ingestem dat Paulus en Barnabas onder die heidene sal werk, terwyl Petrus, Jakobus en Johannes die Jode sou versorg. Paulus, wat die brief aan die gelowiges van Rome geskrywe het, groet aan die einde sewe en twintig mense by naam, maar die van Petrus is glad nie daar nie. Net so het hy in die baie briewe wat hy van Rome af aan gemeentes en individue geskryf het, nie een keer Petrus se naam genoem nie.

By nadere ondersoek van die Woord van God en die godsdienstige ontwikkelinge, word dit duidelik dat geen van die leerstellinge wat deur die Roomse Kerk ingestel is, die toets van die Heilige Skrif gestand doen nie. Die aanvaarding van die pouslike gesag is heeltemal onbegryplik. Deurgans die geskiedenis van die Kerk word dit nie een keer genoem dat 'n pous ooit 'n goddelike roeping gehad het nie. Intendeel, dit is bekend aan almal dat die pouse verkies word deur die kollege van kardinale (die konklaaf).

## Hoofstuk 5

### WIE IS MARIA?

Ons wil sien wat God aan die een kant en mens aan die ander kant gemaak het van die deugsame Mirriam, want dit was hoe Maria as jong meisie geheet het. Sy was die maagd in wie die belofte van die HERE God vervul is, soos dit deur die profeet Jesaja gespreek was: *"Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem"* (Jes. 7:14).

Wanneer in die nuwe vertalings van die Bybel die woord "maagd" vertaal word as "jong vrou", is dit 'n ernstige wanvoorstelling van die betekenis van die woord. Ten tyde van die goddelike gebeurtenis, was Maria nie 'n "jong vrou" nie, sy het dit later geword. Sy was 'n "maagd" toe die Heilige Gees haar oorskadu het. Die eienskappe van 'n maagd is suiwerheid en maagdelikheid.

*"Die geboorte van Jesus Christus was dan só: Toe sy moeder Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees"* (Matt. 1:18).

Josef was so teleurgesteld dat hy haar wou laat vaar het. Ons kan onself baie goed plaas in sy situasie, om te voel wat in hom moes omgegaan het. *"En Josef, haar man, omdat hy regverdig was en onwillig om haar openbaar te maak, het hom voorgeneem om in die geheim van haar te skei"* (Matt. 1:19). Hy wou nie 'n skandaal hê nie, maar hy was so gekrenk en benoud dat hy van haar wou skei. *"Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die HERE in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees"* (Matt. 1:20).

Ons vind hier in die Heilige Skrif die eerste aanduiding, dat Maria uiteindelik Josef se vrou geword het. Wie verder lees, sal vasstel dat Josef toe presies gehandel het volgens die riglyn wat aan hom gegee is. *"En toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gedoen soos die engel van die HERE hom beveel het en sy vrou by hom geneem; en hy het haar nie beken totdat sy haar eersgebore Seun gebaar het nie; en hy het Hom*

*Jesus genoem*" (Matt. 1: 24-25). Dit is duidelik genoeg. Eers na die geboorte van Jesus dat Josef egtelik met Maria verkeer. Uit hierdie huwelik is daar vier seuns gebore en ook verskeie dogters waarvan die getal nie bekend is nie. *"Is Hy nie die seun van die timmerman nie? Is die naam van sy moeder nie Maria en dié van sy broers Jakobus en Joses en Simon en Judas nie? En sy susters, is hulle nie almal by ons nie?"* (Matt. 13: 55-56). Dit is die bybelse waarheid; enige ander stories is slegs uitvindsels wat geformuleer is om eer aan Maria te bring.

In Matthéüs 1 vers 16 word Joseph reeds al in die geslagsregister aan-gebied as Maria se man. Ons sal bewys, deur ander getuigskrifte van die Bybel, die feit dat 'n huwelik bestaan het waaruit kinders voortgekom het. Die evangelis Markus praat daarvoor in hoofstuk 6, vers 3, en Lukas vertel ons dat Sy ma en Sy broers het eendag gekom om Hom te soek. Daarvan word vermeld: *"U moeder en u broers staan buite en wil U sien. Maar Hy antwoord en sê vir hulle: My moeder en my broers is die wat die woord van God hoor en dit doen"* (Luk. 8: 19-21).

Jesus het nie gekom om 'n verhouding van aardse verwantskap te vestig nie, dit is hoekom hy geen spesiale sorg gedra het van Sy natuurlik ma nie, en ook nie van die ander kinders wat uit haar gebore is nie. Hy het die nodige regstelling gemaak deur uit te wys wie die ware kinders van God is, naamlik, diegene wat volgens die Woord van God handel.

Die valse inspirasie het sonder twyfel al in daardie dae bestaan. Die Skrif steek dit nie van ons af weg nie: *"En terwyl Hy dit spreek, het 'n vrou uit die skare haar stem verhef en vir Hom gesê: Salig is die skoot wat U gedra het, en die borste wat U gesoog het. En Hy sê: Ja, maar salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar"* (Luk. 11: 27-28). Was dit nou nie 'n tipiese vererings-georiënteerde stem wat hier uitgestyg het nie! Die HERE het dit egter op die plek reggestel.

Om die aanbidding van Maria te bevorder, was selfs die volgende teksgedeelte in Lukas 1 vervals of verkeerdelik geïnterpreteer: *"En die engel het by haar binnegekome en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die HERE is met jou"* (vers 28). In die katolieke kategismus lees dit as volg: *"Wees gegroet, Maria, vol genade, die HERE is met jou"*. Daar is 'n groot verskil tussen 'n persoon wat die genade van God geniet en die wie vol genade is.

Maria het dieselfde pad gevolg as enige ander meisie. Voor die engel Gabriël met haar gepraat het, was sy Josef se verloofde en sy bedoeling was om haar te trou. Dit is vir hierdie reeds-verloofde Maria dat die engel sê: *"Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind"* (v.30). Natuurlik was sy verbaas om die hemelse boodskapper te sien en om die boodskap wat hy gebring het, te hoor. Vers 38 bevestig weer dat Maria nie vol genade was nie maar, soos dit geskryf is, dat sy *"genade by God gevind"* het. Daarom sê sy: *"Hier is die diensmaagd van die HERE. Laat dit met my gaan volgens u woord"* (Luk. 1:38).

Daar is geen Skrifgedeelte wat verklaar dat ons afhanklik is van die genade van Maria of selfs van Josef se guns nie. Inteendeel: Die genade van God was aan ons bekend gemaak deur die vlees-geworde Woord, wat in ons midde gekom het (Johannes 1), en hierdie genade is tot vandag nog slegs in die Verlosser. *"En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade. Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom"* (Joh. 1: 16-17). Ook in hierdie verband is 'n duidelike getuienis aan ons oorgelaat vanuit die Heilige Skrif.

Die Seun lê nie meer aan Maria se bors of in haar arms, soos aangedui word in talle vrome beelde nie, maar wel soos dit geskryf is, in die boesem van die Vader: *"Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar"* (Joh. 1:18). Al hierdie sogenaamde wonderbaarlike beelde, en al hierdie simboliese voorstellings van 'moeder en kind' is vanaf die heidense kultusse van vrugbaarheid geneem, en van hul godinne en gode. Hierdie misleiding lei die gelowige weg van die ware Gods-aanbidding en lei tot die aanbidding van afgode. Jesus is nie, soos valslik geleer word, die vrug van die 'geseënde gawe' van Maria nie. Maria was net die draer van die goddelike stof.

In die volgende verse word Maria se menslike feilbaarheid aan ons beskryf. Na die Pasga in Jerusalem, toe almal begin huiswaarts keer, het die twaalfjarige Jesus alleen agtergebly in die tempel, sonder dat sy familie dit opgemerk het: *"En ná drie dae het hulle Hom in die tempel gevind, terwyl Hy in die midde van die leraars sit ..."* (Luk. 2:46). Dit is verstaanbaar dat Maria bekommerd was, en nie bewus was van wat sy gesê het nie, toe sy die kind met hierdie woorde aanspreek:



*"Kind, waarom het jy so met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het jou met angs gesoek"* (Luk. 2:48).

Die reaksie van die kind was natuurlik 'n duidelike regstelling hiervan toe Hy gesê het: *"Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?"* (Luk. 2:49). Jesus het nie verwys na die timmerwerk van Josef nie, maar na Sy hemelse Vader, en daarmee het Hy dadelik die foutiewe verklaring, wat Maria pas gemaak het, reggestel, wat Josef valslik as Sy vader op daardie oomblik aangewys het.

Dat Maria self genade en redding nodig gehad het, kan gesien word van die feit dat sy ook, ná die hemelvaart van Jesus Christus, deel van die groep van 120 persone in die boonste vertrek was, wat daar die Heilige Gees ontvang het: *"Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking, saam met 'n aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus, en met sy broers"* (Hand. 1:14). Daar word gesê van die broers van Jesus wat ook in die bovertrek was, dat hulle aanvanklik nie in Hom geglo het nie (Joh. 7: 3-5).

Op daardie tyd het niemand aan Maria hulde gebring nie; maar Maria was deel van diegene wat gebed het om die uitstorting van die Heilige Gees te ontvang. Die persoonlike ontvangs van die Heilige Gees is nodig vir die redding van elke kind van God, en daarom ook vir die heil van Maria.

Daar word gesê: *"Die Seun sal al Maria se begeertes beantwoord"*. Waar is dit geskryf? Deur hierdie afleiding word 'n valse hoop in die hart van die mense wakker gemaak. Deur hierdie gedagte word dit aangeneem dat Jesus die Seun van God en van Maria was. Maar hierdie formulering word nêrens uitgedruk in die heilige Skrifte nie. Jesus is die Seun van God; Maria was net die houer wie Hom gedra het.

Toe die wyn uitloop op die troue van Kana in Galilea, het Maria aan Jesus gesê: *"Hulle het geen wyn nie. Jesus sê vir haar: Vrou, wat het Ek met u te doen? My uur het nog nie gekom nie"* (Joh. 2: 3-4). Dit was 'n skerp antwoord vir 'n opmerking wat liggies gemaak is, maar hierdie antwoord het duidelik getoon dat niemand hom kon beïnvloed nie, ook nie Maria nie.

Ons moet sonder twyfel die goeie raad wat sy aan die diensknegte gegee het, ter harte neem: *"Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen"* (vers 5). Dit is 'n groot les vir die hele mensdom.

Die broers van die HERE, volgens die vlees, word nie net in die evangelies genoem nie. Paulus praat ook van hulle: *"Het ons dan geen reg om 'n suster as vrou met ons rond te neem net soos die ander apostels en die broers van die HERE en Céfás nie?"* (1Kor. 9:5).

Die apostel skryf in Galasiërs: *"en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die HERE"* (Gal. 1:19).

Wat merkwaardig is, is die feit dat sedert die stigting van die Gemeente van die Nuwe Testament op Pinksterdag, word Maria nie meer genoem in die Bybel nie, dit is vanaf Handeling 2 tot en met die einde van die Bybel. Dit alleen is genoeg om 'n bybelse Christen te verlig. Sy het haar taak verrig. Die vroeë Christene het nie in die gees van afgodediens geleef nie, maar die Heilige Gees. Hulle het nie 'n skepsel aanbid nie, maar die Skepper.

**"... Na die 7de eeu was 'n heeltemal onbybelse praktyk begin om Maria te vereer en te vergoddelik. Sedert die 12de eeu het hulle begin met die 'Ave Maria' gebed. Vanaf ongeveer 1140, is die feesvieringe ter ere van Maria vermenigvuldig, soos die fees van die 'Onbevleete Ontvangenis'. Gedurende die 12de eeu verskyn ook die 'Gebed van die Rosekrans' ... Onder die teken van Maria, wou die Katolieke Kerk die hele wêreld oorwin. Dis hoekom die aanbidding wat aan Maria gegee is, ná die Tweede Wêreld-oorlog versterk is ..."** —O. Markmann: *IRRTÜMER DER KATHOLISCHEN KIRCHE* ("Flaters van die Katolieke Kerk"), bl. 48-50.

Om alles te sien wat aangaan, is maklik om te onderskei, of dit die Heilige Gees is wat aan die werk is, en of dit die antichris gees is. Ons moet dit sê met die grootste fermheid: hierdie Maria, soos aangebied in die Bybel en aan wie dit gesê was: *"... En salig is sy wat geglo het, want die dinge wat deur die HERE aan haar gesê is, sal vervul word"* (Luk. 1:45) en wie in volkome oorgawe gesê het: *"Hier is die diensmaagd van die HERE. Laat dit met my gaan volgens u woord"* (Luk. 1:38), is heeltemal anders as die vergoddelikte Maria van 431 nC, toe die Raad van Efése, haar aangestel het as 'Moeder van God'.

## Hoofstuk 6

### WAT IS DIE "MARIOLOGIE"?

Volgens die getuienis van die Heilige Skrif kan slegs God die onderwerp van geloof, eerbetoon, huldiging en aanbidding wees. Sou iemand iets anders bo dit verhef, is bygeloof en afgodery aan die werk. Protestantse Teoloë het reeds omvattend en oortuigend daaroor geskryf. Vir beter begrip daaroor word sommige gedeeltes weergegee. Daar is absoluut geen regverdiging vir die kultus van 'die Maagd' of van die 'Mariologie' nie. Mariologiese verskynings is glad nie in die Heilige Skrif belowe nie. Meer as 'n duisend jaar het verby gegaan sonder sulke verskynsels. En vreemd genoeg, is hierdie verskynsels altyd net in die katolieke lande soos Pole, Portugal, Spanje en Frankryk. In Protestantse, Moslem, Boeddhistiese en ander lande, waar verlossing noodsaaklik sou wees, het dit glad nie verskyn nie. Aan alle siele moet gerusstelend gesê word, dat dit glad nie kan verskyn nie, net so min soos Petrus, Josef of enigiemand anders kan verskyn. Dit gebeur net in die verbeelding, want dit is wensdenkery. Hier mag gevra word, wie word by al die sogenaamde 'heiligdomme' vereer en verheerlik? Jesus of Maria? Watter soort gees is dit wat nie Jesus verheerlik nie, maar Maria? Dit is beslis nie die Heilige Gees nie! Dit is die gees van misleiding. Pastoor O. Markmann skryf die volgende onder die opskrif: DIE DÄMONIE IM MARIEN KULT (—"Die duiwel in die kultus van Maria"): **"Die mistieke kultus oor Maria word ook gekenmerk deur demoniese invloede. Die aanbidding van Maria word reeds vanaf die eerste eeue aangemeld. Die antieke heidense kultus van die moeder-godinne in die eerste eeue word in die ontwikkeling van die Mariologie veral beklemtoon"** —O. Markmann, IRRTÜMER DER KATHOLISCHEN KIRCHE ("Flaters van die Katolieke Kerk"), bl. 47.

Van wanneer af het God 'n moeder? Selfs hierdie bewoording is heeltemal onbybels. Sy was nie die moeder van God nie, maar het aan Jesus Christus, onse HERE en Verlosser, geboorte gegee. In die stad Éfese het die skare eenparig uitgeroep: *"Groot is die Diana van die Efésiërs!"* (Hand. 19:28). Nou sing hulle by Maria-kongresse: "Groot is Maria!" Hoe naby het dit gelê om een af te bring en die ander op te hef!

Eers sedert die 5<sup>de</sup> eeu het die alreeds uitgebreide kultus van die maagd Maria toe sy loop geneem. Arthur Drews het geskryf: **"Vanuit 'n historiese oogpunt gesien, bied die verering van Maria ons 'n blik op die ellendigheid van die mensdom. Dit is 'n verhaal van die mees kinderlike bygeloof, die mees vermetelste vervalsings, vervormings, interpretasies, verbeelding en gekonkel, saam gewef vanuit menslike ellende en behoefte en Jesuitiese slinkse en kerklike mag; 'n skouspel ewe slu om te laat huil asook om te laat lag: die ware goddelike komedie"** —K. Deschner: UND ABERMALS KRÄHTE DER HAHN ("En weer Kraai die Haan"), bl. 401.

Vanaf die 'Ave Maria' tot by die dogma van haar 'liggaamlike hemelvaart', is alles onbybels en dus verkeerd. Dit is uitvindings wat oor die ongeveer 1,600 jaar deur die Rooms-Katolieke Kerk ingestel is. Vandag word gesê dat dit alles 'Christelike Geloofsmateriaal' is, en tog is dit inderdaad 'n antichristelike sameswering, die werk van die vyand, om die mensdom absoluut weg te beweeg van die geloof in Jesus Christus, en tot die nie-reddende bygeloof van Maria te wil herlei. Bekende teoloë het sedert die Hervorming, tot in ons tyd, hulself openlik en duidelik daarteen uitgespreek.

Die bygeloof van die Mariaanse verskynings by verskeie 'heiligdomme', is 'n skynheilige ding in die oë van God, wat opregte mense mislei. Pastoor Markmann skryf oor die huidige Pous: **"Is dit nie lastering as die Pous met sy Poolse besoek, 'n goue roos lê by die voete van die swart Madonna van Jasna Góra in Czestochowa, en in stille ekstase voor hierdie afgod bely: 'Totus tuum', ('Alles joune')? Hierdie gebed van lof aan Maria: 'Totus tuus', het hy ook die leuse van sy pontifikaat en van sy hele lewe as priester gekies. Hy het sy gebed vir die Swart Madonna geëindig met die woorde: 'Ek wy jou aan die hele Kerk, tot in die uiterste van die aarde! Ek wy die mensdom aan jou en alle mense — my broers, alle volke en nasies. Ek wy jou aan Rome en Poland, wat verenig is deur u dienskneg met 'n nuwe band van liefde. Moeder, aanvaar ons! Moeder, verlaat ons nie! Moeder, lei ons!'"** —O. Markmann: ENDZEIT, ENTRÜCKUNG, ANTICHRIST ("Eindtyd, Wegraping, Antichris"), bladsy 32-33. Hierdie Maria is die moeder van die Rooms-Katolieke Kerk gemaak. Sy is nie die koningin van die koninkryk van die hemele nie, maar die koningin van die Rooms-Katolieke wêreldryk.

Volgens die boek FATIMA, deur Joaquin Maria Alonso, het Maria op Mei 13, 1917, aan drie herderkinders glansend verskyn. Die nommer 13 word keer op keer gevind: op Julie 13, 1917, het die "heilige maagd" die drie kinders gevra om die volgende maand terug te kom. Op September 13, in 1917, by die vyfde verskyning, het sy na bewering gesê: "Ek wil hê julle moet hier kom op Oktober 13 en herhaaldelik die rosekrans bid ...". By die sesde verskyning, op Oktober 13, 1917, was die daarheen-hasende pilgrims toe alreeds op vyftigduisend geraam. Oor die jare is miljoene daarheen om hul sorge aan Maria oor te dra, sonder om te weet dat Maria self afhanklik van die hulp van God was en tot vandag toe nie 'n enkele mens kan help nie.

In FATIMA word Maria uitgebeeld op baie standbeelde en prente ter verering. Die huidige Pous Johannes Paulus II het in die kapel gekniel voor so 'n portret. Hierdie hele kultus is in direkte teenstrydigheid met die gebod: *"Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat"* (Ex. 20: 4-5).

Mense wat beelde maak, moet hulself as diegene klassifiseer wat God haat. Eintlik is dit niks anders nie as die godsdienstige dans om die goue kalf. Een mens het sy heilige Christopher, die volgende het ander portrette. Daar is selfs 'n Christus wat die mense gemaak het om rond te dra.

Dit herinner my aan 'n gesprek met verskeie gaste by 'n spa, waar die gesprek ook oor geloof gegaan het. Ek het gevra of iemand 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het. Spontaan beantwoord 'n vrou: "Ek het my Jesus verkoop". Ons was eers verbaas totdat sy verduidelik het dat sy, as 'n antieke beeld-versamelaar, 'n 1.25 meter hoë Jesus-beeld van hoë waarde aan 'n kerk verkoop het.

Oor die hele wêreld is daar miljoene verskillende beelde, alles gruwels voor God. In Sy heiligheid het Hy 'n oordeel oor die beeld-aanbidders gespreek: *"Vervloek is die man wat 'n gesnede of gegote beeld maak, 'n gruwel vir die HERE, werk van 'n ambagsman se hande, en dit in die geheim opstel; en die hele volk moet antwoord en sê: Amen!"* (Deut. 27:15).

Mense soek nie hul toevlug tot Hom, wat alleen kan help nie, maar probeer om deurbrake met die help van allerhande hulpmiddels te bereik. Word God nie daardeur veroordeel en tot die uiterste beledig nie? Op die vraag, wat die eerste gebod van almal is, het Jesus geantwoord: *"Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die HERE, onse God, is 'n enige HERE; en jy moet die HERE jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag"* (Mark. 12: 29-30). Daar is werklik geen plek vir Maria hier nie, nie vir heiliges, beskermheiliges, standbeelde, ikone, ens nie.

Kan Maria, as 'n persoon, van oor die hele wêreld miljoene gebede beantwoord sonder om alwetend te wees? Kan Maria in die hemel, op aarde en in die vagevuur hoor, sonder om alomteenwoordig te wees? Net God is alwetend en alomteenwoordig. Is nie alle pelgrimstog plekke, maak nie saak in watter land, 'n gruwel vir God en daarom verwerplik nie? So spreek die HERE: *"Soek My, dan sal julle lewe! Maar soek Bet-el nie, en kom nie na Gilgal nie en trek nie deur na Berséba nie. Want Gilgal sal gewis in ballingskap gaan, en Bet-el sal tot niks word nie. Soek die HERE, dan sal julle lewe"* (Amos 5: 4-6).

Vandag moet dit lees: "Soek My," sê die HERE, "en julle sal lewe. Moenie na Lourdes toe gaan nie en nie na Fatima nie, nie na Czestochowa nie en ook nie na Altötting, ens, ens nie, maar kom na My toe, sodat julle die ewige lewe kan ontvang". As ons God soek, kan ons elkeen Hom daar vind waar u nou is, want God is alomteenwoordig.

Vittorio Messori haal die Duitse kardinaal Joseph Ratzinger aan: **"Dieselfde Johannes Paulus II, wat op die 13<sup>de</sup> Mei in 'n sluipmoord-aanval gewond is, het met die herdenking van die eerste verskyning in die Portugese dorpie, op 'n pelgrimstog na Fatima gegaan om Maria te bedank, "wie se hand die projektiel wonderbaarlik gelei het" —V. Messori: ZUR LAGE DES GLAUBENS, bl. 112 ("Tot die Standpunt van Geloof"). Dieselfde Ratzinger het aangekondig dat die Katolieke Kerk die Mariaanse dogmas in die volgende volgorde geproklameer het: "... eers die ewige maagdelikheid en goddelike moederskap en dan, na 'n lang tyd van rypwording en nadenke, die sondeloosheid en die liggaamlike ontvangs van Maria in die hemelse heerlikheid". Daarna kom die verregaande frase: "Hierdie dogmas beskerm die oorspronklike geloof in Christus as ware God en ware mens" —V. Messori: ZUR LAGE DES GLAUBES, bladsy 108.**

Dit kan glad nie aanvaar word nie. Die vier dogmas het ook soos alle ander, geen bybelse grondslag nie. Bybelse waarhede word nie in 'n raad beraadslaag of by wyse van 'n stemming besluit nie, maar die wat deur God uitgeroep is, het in die naam van die HERE verkondig wat om te doen, te glo en te onderrig. Mnr Ratzinger se eie woorde hier, stel dit resoluut: **"terloops, dit is vanselfsprekend, trouens, die waarheid kom nie deur middel van 'n stemming nie. 'n Stelling is óf waar, óf dit is nie waar nie. Die waarheid kan 'n mens net uitvind, nie skep nie"** (bl. 62).

Wat is al die ingevoerde dogmas, gebruike en tradisies? Is dit waar of nie waar nie? Het dit, soos kardinaal Ratzinger self sê, na 'n lang tydperk van rypwording en nadenke ontstaan, ook dat dit nie die oorspronklike waarheid is nie, maar geskep op grond van hul aannemings? Waar is die waarheid, waar is dit te vinde? Sekerlik alleen in die Woord van God en nêrens anders nie! 'n Bybelgelowige Christen wat tot die Gemeente van die lewende God behoort, is *"... gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is ..."* (Efé. 2:20). Alles wat pouse oor die jare bekendgestel het, stem nie met die Bybel ooreen nie en is daarom nie apostolies nie. Waarom het Petrus, Jakobus, Johannes en Paulus niks met Maria te doen gehad nie? In daardie tyd was alles nog vars en in lewendige herinnering.

Die teologie was verander vanaf Christologie na Mariologie. Daar is reeds openlik mariologiese kongresse gehou waarin alles feitlik draai om Maria. Christus word net, wanneer dit pas, terloops genoem. **"Die Pous het gevra vir 'n hernuwing van Maria se verering, wat, bybels georiënteerd, trinitaries en Christelik van aard moet wees, sonder om ander gelowe en uitdrukkings van die onderskeie tye en kulture in gedrang te bring"** —KATHOLISCHER ERWACHSENEN KATECHISMUS ("Kategismus vir Katolieke Volwassenes"), bl. 173. Wat moet 'n bybelgelowige Christen sê van sulke onbybelse, misleidende, godslanderlike uitnodigings tot Maria-aanbidding?

Vir die ware gelowiges het die apostel Johannes 'n baie belangrike woord gerig wat vir altyd geldig is: *"Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie"* (I Joh. 2:21). Geeneen van die geproklameerde dogmas kom uit die Woord van die waarheid nie.

Die oorsprong daarvan kom vanaf ander bronne. Wie nie toegang tot die waarheid en die Woord het nie, moet 'n plaasvervanger skeep! En wie nie vertrou in God nie, moet net soos die pous, in 'n koeëlvaste 'Papamobil' deur die skare van sy volgelinge ry!

Die volgende is die jaar-gewyse opsomming (wat hier en daar mag verskil) van hoe sekere dinge ingestel was, wat nie in die vroeë Christendom bestaan het nie, soos aangedui deur L.J. King, in sy skrywe: HOUSE OF DEATH, bl. 117-122:

310 nC Individue begin met die 'Teken van die Kruis'  
( 'Sign of the Cross' )

320 nC Was-kerse by die eredienste

375 nC Die verering van engele en afgestorwe heiliges begin

394 nC Die daaglikse erediens word bekendgestel

431 nC Begin van die Maria-verheerliking

500 nC Die priesterdom begin met eenvormige kleredrag

600 nC Gregory I stel Latyns voor as aanbiddingstaal in eredienste;  
Die aanbidding van Maria en gestorwe heiliges begin.

650 nC Begin van die fees ter ere van die Maagd Maria

709 nC Die begin van die soen van die pous se voete

750 nC Begin van die wêreldmag van die pous

788 nC Huldiging van Maria en die gestorwe heiliges;  
Aanbidding van die kruis, standbeelde, oorblyfsels, ens.

850 nC Voorstelling van water met sout en priesterlike seën  
( 'Heilige water' )

890 nC Aanbidding van Josef, die man van Maria

965 nC Inleiding van die Klokkelui

995 nC Die heiligspreking van die gestorwenes word bekendgestel

998 nC Vas op die Vrydag van die 'Lydingsweek' word ingestel



- 1079 Begin van priesterlike selibaatskap (huweliksonthouing)
- 1090 Inleiding van die Rosekrans ('Rosary')
- 1100 Die Misoffer word bekendgestel met verpligte bywoning
- 1184 Die Inkwisisie vir Kettters word gevestig
- 1190 Inleiding van die praktyk van die verkoop van Aflate ('Sale of Indulgences')
- 1200 Die wafel vervang die brood by die nagmaal
- 1215 Die Dogma van Verandering en  
Die belydenis van sonde, ten minste een keer per jaar voor die priester ('Confessional').
- 1220 Die aanbidding van die offerbrood word bekendgestel
- 1227 Die klokkielui, om aan te dui dat die offerbrood-transformasie plaasvind
- 1229 Die leek (gewone mense) word verbied om die Bybel te lees
- 1245 Die kardinale begin 'n rooi hoed dra
- 1264 Inleiding van die 'Corpus Christi'-fees
- 1410 Verbod op die wynkelkie vir die gemeente
- 1439 Proklamasie van die leer van die vagevuur ('Purgatory')
- 1478 Die Inkwisisie in Spanje
- 1545 Die gelykstelling van die tradisies en die Heilige Skrif
- 1546 Inlywing van die Apokriewe in die Bybel
- 1854 Die 'Onbevleete Ontvangenis' van Maria ('Immaculate Conception')
- 1870 Proklamasie van die onfeilbaarheid van die pous
- 1925 Die liggaamlike teenwoordigheid van die Maagd Maria in die hemel
- 1950 Die Dogma van die liggaamlike hemelvaart van Maria

Elke nadenkende persoon moet homself vra, watter sin al hierdie neergelegde leerstellings het, wat so lank na die apostels geproklameer was. Die Nuwe Testament is volledig. Niks mag by hierdie testament bygevoeg word nie: "*Broeders, ek spreek menslikerwys: selfs 'n mens se testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie*" (Gal. 3:15). Wat nooit eens met 'n aardse testament gedoen mag word nie, is met die goddelike Testament gedoen, met al die byvoegings. Waar is die respek vir die finale vermaning: "*As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is*"? (Openb. 22:18). Sien ook Spreuke 30, verse 5-6.

## Hoofstuk 7

# DIE REFORMASIE — 'N NUWE BEGIN

Die goddelike ingryping deur die Hervorming was laat, en ook, vanuit 'n bybelse oogpunt, by verre nie genoeg nie. Hier word ons gekonfronteer met die vraag of die Hervormers, wat almal seuns van die Roomse Kerk was, regtig verstaan het dat dit 'n nuwe begin moes wees, aangesien dit 'n heeltemal wêreldse en onbybelse stelsel geword het, waarvan niks oorgebly het om te hervorm nie. Enersyds is die destydse woord van die profeet Jeremia van toegepassing: *"Ploeg vir julle 'n braakland en saai nie onder die dorings nie!"* (hoofstuk 4, vers 3), maar andersyds ook die profesie: *"Ons het aan Babel medisyne gegee, maar hy het nie gesond geword nie; verlaat hom en laat ons trek* (hoofstuk 51, vers 9). Dit was 'n uittog, 'n wegbreek, asof 'n mens die oproep vanuit die hemel kon hoor: *"Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie!"* (Openb. 18:4).

Luther het byvoorbeeld die woorde wat die apostel Johannes in die naam van die HERE gerig het, goed verstaan: *"want jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towery is al die nasies verlei. En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is"* (Openb. 18: 23-24). So ook die woorde van die profeet Jeremia: *"Babel was in die hand van die HERE 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword"* (Jer. 51:7). Nietemin kon die hervormers nie 'n deurbraak maak na die vroeë Christendom nie. Daar was inderdaad slegs die een en die ander gereformeer, afgeskaf en verander.

Die Reformasie het in die eerste plek gegaan om die 'aflaat' handel, die rol van die pous en oor die misbruike in die algemeen. Die deurdringing na die magtige getuie dat 'n mens alleen uit genade deur geloof in die Verlosser geregverdig word, het die Skriftelike hoogtepunt gevorm. Dit was die eintlike deurbraak, die oopbreek van die Babiloniese gevangenis. Maar, aan die ander kant was leerstellings oorgedra, wat heeltemal onbybels en eenvoudig tipies katoliek was.

Die sogenaamde sakramente, byvoorbeeld, was net verminder en dinge soos die kinderdoop, onder andere, eenvoudig net oorgedra.

Ongelukkig het die Protestante gedeeltelik in dieselfde voetspore gevolg, met hul aanneming van die 'drie-eenheid' geloof. Jode en mense van ander gelowe (bv. die Anabaptiste) was ook deur Luther, Schwenkfeld en ander veroordeel. Op Oktober 27, 1553, moes die Spaanse dokter, Michel Servet in Genève, met die toestemming van Calvyn, die brandstapel bestyg omdat hy die 'drie-eenheid' teologie verwerp het — M. Rang / O. Schließke: "DIE GESCHICHTE DER KIRCHE" (Die Geskiedenis van die Kerk), bl. 132. Die opmerkings van Luther en Melanchthon en spesifiek oor die Anabaptiste is in die kerkgeskiedenis vervat. Die katolieke eis van die Roomse Kerk as die "enigste heilige", was klaarblyklik nie heeltemal afgeskaf deur die hervormers nie. Dit verklaar ook hul onverdraagsaamheid teenoor mense van ander gelowe, selfs vandag nog! Vir eeue word bestaande onafhanklike kerke nog steeds as 'sektes' geklassifiseer, alhoewel hierdie term, volgens Webster, eintlik van "seksie" afkomstig is en verwys dit na 'n gedeelte van die geheel — dit sê ook niks daarvan as 'n "georganiseerde, godsdienstige gemeenskap" nie. In dié sin dan is alle georganiseerde denominasies sektes, naamlik dele van die geheel. Deur die verskillende kultus-godsdienste van die afgelope tyd word die sektariese konsep herleef en laat dit dus 'n slegte nasmaak.

As die goddelike doelstelling van 'n bybelse nuwe-testamentiese Gemeente, ten tye van die Reformasie, nog ver van bereik af was, was die eerste stappe na die bybelse geloof gedoen: daar was 'n terugkeer na die prediking van die Woord van God. In dié sin is ons die voorlopers wat op brandstapels verbrand was, en dán die eintlike hervormers, dank en erkenning verskuldig.

Van toe af het die koninkryk van God met kragdadigheid 'n nuwe weg gebaan. Daar het een herlewing na die ander gevolg, en meer en meer het die lig van die evangelie na vore gekom. Uit regverdiging deur geloof het dit na die volgende gegaan, die ervaring van verlossing, naamlik die heiligmaking van die hart deur die Woord en die Gees van God. Vurige herlewingspredikers wat die kerkgeskiedenis betree het, het die bybelse waarhede verkondig wat dan deur die luisteraars gehoor en ook ervaar was. Soos die diensknegte van God te alle tye, was hulle ook nie amptenare, ook nie hoogwaardigheidsbeksleërs nie,

maar diensknegte van die Woord en het die mense in verbinding met Christus gebring deur die prediking van die evangelie. Ongelukkig het hierdie God-gebruikte manne ook elkeen gestop by veral die belangrike leringe. Sommige was tevrede met die regverdig-making, ander met heiligmaking, ander weer met bekering en geloofs-doping, ens. God het egter voortgegaan om deur Sy Gees te werk.

Aan die begin van dié eeu het daar in die verskillende Protestantse en onafhanklike kerke, 'n spontane geestelike herlewing uitgebreek onder bekeerde gelowiges wat gesmag het daarna, soortgelyk aan dié in die vroeë Christendom. Hulle het God ook op bonatuurlike wyse ervaar. So kry die pinkster-beweging van die 20<sup>ste</sup> eeu sy aanvang.

Uit die toenemende hervormings- en hernuwingsbewegings het die mees uiteenlopende onafhanklike kerke ontstaan. Deur menslike foute was daar ontsporings en vermengings; maar dit maak ons nie geregtig daarop om die onfeilbare optrede van God te verwerp nie. Die doel van elke herlewing was om die kerk nader aan die vroeë Christelike staat te bring. Sou die Gees van God reeds in elke herlewing werksaam was, dan het die sogenaamde "Pinkster-herlewing" weereens gelei tot die uitstorting en werk van die Gees, wat die geregverdigde, hernude en wedergebore mense kon ervaar het.

Johannes die Doper het verklaar: *"Ek doop julle wel met water, maar Hy kom wat sterker is as ek, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie — Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur"* (Luk. 3:16). Hierdie aankondiging het waar geword die eerste keer op Pinksterdag. Die ervaring van die geestesdoop gee aan gelowiges in Christus die sekerheid dat God hulle aangeneem het; vir die ware kinders van God is dit die seël met die Heilige Gees (Efé. 1:13; Efé. 4:30).

Vandag het ons die mees uiteenlopende charismatiese bewegings, asook die Rooms-Katolieke pinkster-beweging. Dit skep 'n atmosfeer waarin mense 'n emosionele ervaring het, maar in die ou tradisionele manier vassteek. Hulle ontvang 'n gewisse salwing met die Gees. Maar die vraag is: het hulle 'n ware ervaring met God in hulle siel gehad, waardeur hulle hernu en wedergebore word? Hierdie vraag kan net elkeen vir homself persoonlik beantwoord. God se kinders wat werklik gevul word met die Heilige Gees, sal die ewige redding erken en die ewige Woord van God hul eksklusiewe getuienis maak.

Hulle het die vrugte van die Gees, die eienskap waardeur hulle erken word. Baie kan gawes het, maar die vrugte van die Gees het net diegene wat deelneem aan Sy goddelike natuur. Die woord is steeds van toepassing: *"So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken. Nie elkeen wat vir My sê: HERE, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: HERE, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"* (Matt. 7: 20-23).

Net na die Tweede Wêreldoorlog, in Mei 1946, het 'n magtige herlewingsbeweging in die VSA begin, deur 'n eenvoudige en nederige prediker, William Branham (†1965). Eerwaarde Gordon Lindsay het, as jarelange ooggetuie, daaroor geskryf in sy boek: WILLIAM BRANHAM, A MAN SENT FROM GOD ("... 'n Man van God Gestuur"), dat God in sy bediening dieselfde wonderwerke en tekens gewerk het, soos dit was in die dae van Jesus Christus en die apostels — blindes het gesien, verlamde mense kon weer loop, selfs terminale kankerpatiënte was genees. Op bladsy 4 van die tweede uitgawe van die boek wat op daardie tydstip deur die MEHR-LICHT-VERLAG ("Meer-Lig-Publikasie") gepubliseer was in Hamburg, is die brief van die Duitse Streekbiskop van die Evangelies-Lutherse Kerk, Dr. Dibelius, aan die vertaler, Eerw. M. Gensichen: **"Vriendelike dank vir die stuur van die interessante boekie oor die evangelis William Branham, wat jy so vloeiend vertaal het. Vir ons is hierdie metode wat deur die Amerikaners gebruik word nog iets vreemds. Maar dit mag goed wees dat daar soms 'n ander gees in ons evangelisasiepraktyk gebring word. In dié sin verwelkom ek jou plan om Branham ook na Duitsland te nooi"**.

Hierdie bevoelagtinge en bonatuurlik-gelegitimeerde bediening was die stimulus vir 'n groot aantal evangeliste, wat later met soortgelyke bedienings te voorskyn gekom het. Baie bekende evangelisasie verenigings het daaruit ontstaan, ingesluit die internasionale "Full Gospel Businessmen's Association"; ook die charismatiese beweging en verskeie ander rigtings het begin. Maar, by nadere ondersoek is die godsdienstige mengelmoes vandag egter groter as ooit tevore. Hulle sê: "Hier is Christus! Daar is Christus!".

Maar daar is nog steeds geen gemeente, wat heeltemal vergelykbaar is met die vroeë Christelike Gemeente, met die ooreenstemmende bybelse onderrig en praktyke en skriftelike bevestiging nie. Ons benodig nou hier aan die einde van die nuwe-testamentiese tydperk, 'n finale, kragtige geesteswerking, waardeur die Gemeente volkome voltooi word. Want die goddelike doel is om die einde gelykstaande te maak soos met die aanvang. Soos Christus in die begin gedoen het, sal Hy dit ook aan die einde doen.

Eintlik moet alles wat die Gemeente van die lewende God raak, teruggekeer word na die oorspronklike stand. Dit is nou die tyd van die beloofde verkwikking en wederoprigting van alles, hier voor die Wederkoms van Christus (Hand. 3: 19-21, en andere). Wie nou aan die Gemeente van die HERE behoort, laat hulself nie weggevoer word deur godsdienstige entoesiasme en misleidings nie, maar hulle deursoek die Skrif, en vind, glo en ervaar daardeur die beloftes vir hierdie tyd. Alles wat God doen, doen Hy volgens Sy Woord. Voordat ons kan bid: "*... laat U wil geskied ...*", moet die wil van God uit die Woord aan ons geopenbaar wees. Dit is nie nou die tyd vir spesiale manne nie, maar die uur van God, die uur van die Woord — die waarheid. Aan die hand van hierdie stellings moet dit vir almal moontlik gemaak word om te ondersoek of hulle regtig glo volgens die Skrif of net die geloof van 'n formele- of onafhanklike kerk het. Dit is nou belangrik om die verbinding met die laaste beweging van God te vind, voor die Wederkoms van Jesus Christus.

# Hoofstuk 8

## DIE GODHEID

Met die grootste respek en in heilige eerbied nader ons die onderwerp oor die Godheid. Net soos daar verskillende godsdienste is, vind ons ook die verskillende idees en leringe oor God. In hierdie daarlegging wil ons God self laat getuig oor Homself en Sy self-openbaring beklemtoon.

Ons sal ons weerhou van formuleringe, want 'n mens kan nie dit begryp wat ondenkbaar is nie, ook nie dit verklaar wat onverklaarbaar is nie, en nie verstaan wat ons verstand te bowe gaan en vir ons onbegryplik sal bly tot die oorgang na die ewigheid nie. *"Die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie"* (IIKron. 6:18). Eers wanneer ons self by God in glorie is, sal ons meer oor die verborgenheid van die Almagtige ervaar.

Byna alle apologete het hul eie denkwyses oor die Godheid, soos dit sedert die 4<sup>de</sup> eeu na Christus bespreek en later geleer was. Waarom die Ou of die Nuwe Testament nie oorweeg en geraad-pleeg was nie, is onbegryplik. Geen profeet en geen apostel het 'n 'drie-eenheid' geformuleer nie. In die heidendom was daar baie drie-eenheidsgelowe. Die bekendste hiervan is in Hindoeïsme: Brahma, die Skepper — Vishnu, die onderhouer — Mahesh, die vernietiger. Daar word nie in die Ou en ook nie in die Nuwe Testament gepraat van verskeie persone van God nie. Nie 'n enkele keer stel die HERE Homself voor in Sy Woord as 'n 'drie-persoon God' nie, maar as die persoonlike God. Elkeen wat God probeer verdeel, het nie meer die een ware God nie, maar 'n selfgemaakte god met twee of drie gesigte, of verskeie gode.

In onlangse jare, veral op konferensies van evangelistiese kerke, het feministiese teoloë neerhalend oor God en Sy Woord gepraat, wat inderdaad godslastering is, bv. dat God nie vroulik is nie. Daar word van die **"manlike God van die Bybel"** gepraat en van die Tien Gebooue wat **"slegs vir mans geskryf is"**. Dan verklaar hulle: **"Aangesien vroue nie die manlike orgaan het, wat besny kan word nie, kan hulle nie 'n lid van die Joodse kultusgemeenskap wees nie"**



(IDEA SPEKTRUM, Julie 1, 1987, bl. 17). Dis net skrikwekkend om te sien hoe vêr mense kan gaan en selfs God kan kritiseer.

Ongeveer 4,000 jaar gelede het God 'n verbond gesluit met Abraham en aan hom die belofte gegee: "... en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Gén. 12:3). Vir die Jode, Christene én Moslems, is Abraham 'n sentrale figuur. In die tyd van Moses, ongeveer 3,600 jaar gelede, het die HERE God op die berg Sinai gekom en die tien gebooue gegee. Ook hierdie gebeurtenis is by die drie godsdienste onbetwisbaar. Van daardie tyd af was Israel daartoe bestem om aan alle heidense volke te getuig van die een ware God.

Ongeveer tweeduisend jaar gelede het die Messias verskyn, verwek deur die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria. Die Christene is daarvan oortuig. Die Moslems beskou Hom as die grootste profeet, glo in die wonderwerke, maar sien Hom nie as die Verlosser nie. Dieselfde geld vir die Jode; maar hulle tyd om in Hom te glo, is op hande. Want soos Josef homself eers die tweede keer aan sy broers bekend gemaak het, sal Israel net so die Messias herken, wanneer Hy vir die tweede keer na hulle kom (Gén. 45, Hand. 7:13).

Ongeveer 1,400 jaar gelede het Mohammed na vore gekom om sy volksgenote uit die afgodskultuur te bring, om te glo in die een ware God, die Almagtige, wat hy Allah genoem het. Mohammed het geglo dat hy die laaste profeet was, volgens die belofte in Maleági 4 verse 5 en 6. Volgens hom moes die oordele oor die Aarde volg en Allah uitspraak oor die mensdom spreek, waarvolgens een in die paradys, en die ander na die verdoemenis sou gaan. Alhoewel 1,400 jare al verloop het, het hierdie geleentheid nog nie aangebreek nie. Die resultaat is egter 'n godsdiensteer wat grootliks teen die Christendom en Judaïsme gemik was. Dit was nie die oorspronklike bedoeling nie. Oor en oor word in die Koran gemaan, dat die Heilige Skrifte — waarmee Mohammed die Bybel bedoel het! — gelees en geglo moet word, wat egter vandag deur geen Moslem gevolg word nie.

Die beslissende faktor is om die regte kennis van God en die regte begrip van Sy selfopenbaring te het. Slegs op hierdie manier kan ons in God se plan ingesluit word. Wat die persoonlike openbaring van God betref, het die meerderheid van die Jode dit nie herken nie, die Christene het dit oorwegend misverstaan en die Moslems het dit beslis ook nie verstaan nie. Dit kan oortuigend bewys word. As dieselfde God,

wie met Abraham, met Moses en deur Christus gepraat het, ook met Mohammed gepraat het, dan sou alles wat gesê, geskryf en geglo was, van A tot Z, heeltemal ooreengestem het. As mense van die twintigste eeu, moet ons tog vra wie God se Woord en verlossingsplan verstaan het en wie hom misverstaan het. Die oorspronklike doelstelling van God met die mensdom is eenvoudig nie meer bekend in vandag se godsdienste nie. So ook is die sin en doel van die verskillende goddelike openbarings tot by Sy selfopenbaring in Christus ook nie deur die oorweldigende meerderheid erken nie en nog minder verstaan.

Vir die woord "God" in ons taal, staan in die oorspronklike teks die woord "Elohim". "In die begin het Elohim hemel en aarde geskape ...". Die woord "God" stel aan ons die Almagtige as "voorwerp van aanbidding" voor. In die eerste hoofstuk van die Bybel word dit net gepraat van Elohim. Vanaf Génesis 2 vers 4 lees ons van "die HERE God" (Elohim-Jahweh). Die individuele terme gee uitdrukking aan die natuur en betekenis van die openbaring van God. Dit gaan oor die veelsydigheid van Sy eienskappe. Die woord Elohim self is in die enkelvoud, maar druk die meervoud uit, want God is baie dinge: Skepper, Onder-houer, Regter, Koning, ens.

Wanneer die woord "Elohim", "Elah" of "El" in die hoofteks is, bedoel dit God. Dit hang net af van watter eienskap Hy praat en Homself openbaar. Die terme "El Elyon", Allerhoogste God (Gén. 14:18); "El Shaddai", God die Versorger, Almagtige, Voldoende (Gén. 17:1); "El Olam", Ewige God (Gén. 21:33) en "El Gibbor", Die Sterke God (Jes. 9:5). Dit is baie jammer dat die bybelvertalers nie die Hebreeuse begrippe oorgedra het nie. Die ware kennis van God het daardeur net moeiliker geword, terwyl die betekenis wat in die naam self lê, nie meer uitgedruk word nie.

Tot by die aanneming van die wetgewing deur die patriarge, is die term "Elohim" vir "God" gebruik. Dit was eers vir Moses dat God gesê het: *"Ek is Jahweh. En Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as El Shaddai, maar met my naam Elohim-Jahweh het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie"* (Ex. 6: 1-3 —MENGE Bybel). Dit was die tyd net voor die verbond gesluit was met al die kinders van Israel, toe die HERE God Sy verbondsnaam, "Jahweh" — wat in Hebreeus "JHWH" geskryf word — geopenbaar het. Oral in die hele Ou Testament, waar

ons "die HERE God" lees, staan dit in die oorspronklike teks as "Elohim-JAHWEH". "Jahweh" is die sigbare manifestasie van "Elohim".

Op dieselfde manier soos wat "Elohim" elke keer in die ooreenstemmende konteks in Sy veelvoudigheid uitgedruk word, gebeur dit ook met die naam "Jahweh": "Jahweh-Jireh", die HERE wat voorsien (Gén. 22: 7-14), "Jahweh-Rapha", Die HERE wat genees (Ex. 15:26), "Jahweh-Nissi", die HERE, my banier (Ex. 17: 8-15), "Jahweh-Shalom", die HERE, my vrede (Rig. 6:23), "Jahweh-Ra-ah", die HERE: my Herder (Ps. 23), "Jahweh-Zidkenu", die HERE, ons geregtigheid (Jer. 23:6), "Jahweh-Shammah", die HERE is teenwoordig (Esé. 48:35) en "Jahweh-Sabaoth", HERE van die leërskaar (ISam. 1:3). God het Homself van die begin af geopenbaar as die HERE, volgens Sy plan en Sy wil.

Voordat die HERE God Sy Naam bekend gemaak het, het Hy Moses laat weet wie Hy is: *"En God sê vir Moses: EK is wat EK IS"*. Toe het Hy voortgegaan, *"So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur ... Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag"* (Ex. 3: 14-15). Die term "EK IS" is deel van die naam "Jahweh", as die ewige wese, wat self-bestaande is. Hy is altyd die EK IS, maak nie saak hoe, waar en wanneer Hy Homself bekend maak nie. Ook toe Hy uit die gees-liggaam in die vlees-liggaam gekom het, toe Hy die nuwe-testamentiese naam "Jahshua" (Jesus), wat "Jahweh-Verlosser" beteken, gedra het, bly Hy steeds altyd die EK IS. So kry ons dit tot met die laaste hoofstuk van die Nuwe Testament: *"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste"* (vers 13).

Slegs vir diegene wie die wyse van God se openbaring in die Ou Testament erken, is dit moontlik om Hom in die nuwe Testament te sien. Dit is basies-gesproke tog altyd dieselfde God en HERE, maar met die onderskeid dat Hy in die Ou Testament in 'n gees-liggaam was en in die Nuwe Testament in 'n vlees-liggaam sigbaar verskyn het.

In Sy wese is God Gees (Joh. 4:24). Niemand het Hom as Gees gesien nie (Joh. 1:18; IJoh. 4:2). Hy word dus die "onsigbare God" genoem (ITim. 1:17; ITim. 6:16). Wie God in die Ou Testament gesien het, het Hom gesien as die HERE, as Jahweh, en wie God in die Nuwe Testament wil sien, moet Hom as HERE, as Immanuel —God met ons— sien. So het die Vader Homself in die Seun geopenbaar — God, die Gees, as die HERE in 'n menslike liggaam. Al die beskrywings wat na God verwys, die vind ons ook met verwysing na die HERE.

In die Ou Testament het die Vader-Seun verhouding nog nie bestaan nie. Dit was slegs in profesie voorspel. Geen profeet het God aangespreek as "Hemelse Vader" nie; niemand het hulle tot die Seun van God gewend gedurende die 4,000 jare van die Ou Testament nie. Daar was ook nie 'n enkele gesprek tussen Vader en Seun nie, omdat so 'n verhouding feitlik nog nie bestaan het nie. Dit was God die HERE met wie die volk van Israel 'n verhouding gehad het en na wie hulle hulself gewend het.

Maar reeds in Génesis 1 vers 27 kom ons agter dat die onsigbare God op twee maniere na vore gekom het. Die een ware God het Homself reg in die begin, in die skepping, sigbaar gemaak in die vorm van 'n mens, daarom is daar geskrywe: "*God het die mens geskape na sy beeld*"; en tweedens het die Gees van God op die waters gesweef. Niemand het dit toegeskryf daaraan dat van verskeie persone gepraat word nie. As 'n mens wil, kan jy van die begin af die manier sien hoe God Homself op verskillende maniere geopenbaar het. Die menigte manifestasies van God in die Ou Testament word in geskoolde taal "teofanies" of godsverskynings genoem; in die nuwe het Hy menslike vorm aangeneem.

## Hoofstuk 9

# DIE GETUIENIS VAN GOD SELF

In die Skrif word ons eerstens God se getuienis oor Homself gegee, tweedens, die getuienis van die profete wat deur Hom gestuur is en derdens die getuienis van die apostels. In die Ou Testament het God homself geopenbaar in geesvorm en het Sy selfopenbaring in die vleeslikheid aangekondig. In die Nuwe Testament word die vervulling en realisering van hierdie belofte betuig.

Dit is nodig om onself in die Joodse denkwysse en geloof te plaas en vanuit die oorspronklike oogpunt na God te kyk. Dit is slegs die volk Israel aangewys om van die een ware God te getuig. Die HERE het Homself aan Abraham, Isak en Jakob geopenbaar as die Almagtige God. Met Moses het die HERE van aangesig tot aangesig gepraat (Ex. 33:11). Dwarsdeur die Ou Testament was dit Hebreuse profete deur wie God gepraat het.

Aangesien God eerste kom, sal Hy Homself eerstens persoonlik met Sy eie woorde voorstel:

*"Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie"* (Ex. 20: 1-3).

*"Jy self het dit te sien gekry, dat jy kan weet dat die HERE God is; daar is geen ander buiten Hom nie"* (Deut. 4:35)

*"... Daarom moet jy vandag weet en ter harte neem dat die HERE God is, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie"* (Deut. 4:39).

*"Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie"* (Deut. 32:39).

*"... sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat dit Ek is — voor My is geen God geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie"* (Jes. 43:10).

*"... sodat hulle kan weet van die opgang van die son en van sy ondergang af dat daar buiten My geeneen is nie; Ek is die Here, en daar is geen ander nie" (Jes. 45:6).*

*"Tog was Ek, die Here, jou God ... buiten My het jy geen God geken nie, ja, behalwe My is daar geen Heiland nie*

*Maar ek is die HERE jou God ... jy ken nie 'n god behalwe ek nie, en daar is geen helper behalwe My nie" (Hos. 13:4)*

Hier volg 'n paar Skrifte uit die Nuwe Testament om aanhalings uit die Ou Testament te bevestig:

*"Hoor, Israel, die HERE, onse God, is 'n enige Here ... Meester, U het met waarheid gesê dat God een is en daar geen ander is as Hy nie" (Mark. 12: 29+32).*

*"... aangesien dit inderdaad een God is ..." (Rom. 3:30)*

*"tog is daar vir ons maar een God" (IKor. 8:6)*

*"En die middelaar is nie net vir een nie; maar God is een" (Gal. 3:20)*

*"... die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlijkheid tot in alle ewigheid. Amen" (ITim. 1:17)*

*"Want daar is een God" (ITim. 2:5)*

*"Jy glo dat God één is. Jy doen goed ..." (Jak. 2:19)*

*"... aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlijkheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid! Amen" (Jud. 25)*

Die profetiese woord van die Ou Testament, en die apostoliese woord van die Nuwe Testament, getuig dieselfde. Daar is op geen stadium enige sprake van 'n "drie-enige" of 'n "twee-enige" god, of van 'n "Ewige Seun" nie. As die bybelse leer en kennis oor God opgeneem was, sou dit ons die baie volumes oor die tema "Die Heilige Drie-Eenheid" gespaar het. Die sogenaamde "Heilige Drie-eenheid" of "Heilige Drie-voudigheid", het, volgens die getuienis van die heilige Skrif, nooit bestaan nie, selfs nie vandag nie, en sal ook in ewigheid nooit bestaan nie.

Daar is net een God wat Homself as Vader, Seun en Heilige Gees geopenbaar het. God is en bly altyd die finale, en wat van Hom af uitgegaan het, is verwant aan Hom: Seun van God, Woord van God, Gees van God, ensovoorts. Seun, Woord, Gees, ens., het God as uitgangspunt. Maar God het nie een nie, omdat Hy die enigste is, die Ewige — Hy is die oorsprong, die uitgangspunt en die verwysingspunt, die alles in alles.

Die Nuwe Testament gaan verder: *"... tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een HERE Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom"* (IKor. 8:6). In hierdie bybel-gedeelte word getoon, dat daar net een Skepper en een skepping is, alhoewel Hy eenmaal as God en andermaal as HERE aangespreek word.



So word die 'drie-persoon' God, soos hy sedert die 4de eeu in die verbeelding van die mens bestaan, in talle publikasies voorgestel. Wat sien jy in hierdie foto's? Een of drie mense? Die een foto wys die vader met die septer, die seun met die kruis en die heilige gees as 'n duif, die ander stel die Godheid voor as drie gelyke persone. Beide konsepte is vreemd aan beide die Ou en die Nuwe Testament.

## Hoofstuk 10.

### DIE GEES-LIGGAAMLIKHEID VAN GOD

In die oneindige ewigheid was God alleen. God is Gees. God is lig. God is lewe. In hierdie volheid van Gees en lig, was Hy aanvanklik alleen. Niemand het Hom ooit so gesien nie. Kom ons begin waar God se handeling aan ons getuig word, aan die begin. *"In die begin het God die hemel en die aarde geskape"* (Gén. 1:1). Uit die nuwe-testamentiese oogpunt word terugblikkend getuig: *"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God"* (Joh. 1:1). Met hierdie vers word die een beskryf wat begin het om Homself te openbaar buite die ewige volheid van lig, naamlik God as logos — Jahweh, die handelende en wandelende, wat later vlees geword het en die Seun-figuur aangeneem het. Soos Jahweh, was Hy langs Elohim, buite die volheid van Gees en lig. Daarom sê dit: *"Hy was in die begin by God"* (vers 2), nie in alle ewigheid nie, omdat ewigheid geen begin het nie. Daarmee weet almal dat dit gaan oor Jahweh, die Skepper. Daarom word dit verder in vers 3 gesê met verwysing na die Woord, die Logos: *"Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie"*. In hierdie konteks moet dan ook Kolossense 1, vers 16 gesien kan word: *"... want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en on sienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape"*.

Aan die begin van die skeppingsproses was die aarde woës (tohu) en leeg (bohu). Dit het nog geen vorm gehad nie, geen lewe nie. Duisternis was oor die dieptes. Die oomblik toe God met die skepping begin het, het die Gees van God oor die dieptes gesweef. Die Woord (Logos) en die Gees van God het van die begin af harmonieus saamgewerk in die skeppings- en verlossingsproses. Die skepping het deur die gesproke woord tot stand gekom. Maar die lewe kon net deur die medewerking van die Gees geskied. God het gepreek, en dit was so. Hy het gesê: "Laat daar Lig wees!" (Gén. 1:3), en daar was lig. Alles wat God gesê het, het gebeur. In Sy Woord is skeppende krag.



In daardie aanvanklike begin het God, soos reeds genoem, uit Sy volheid gekom in 'n gestalte as Jahweh: *"En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape"* (Gén. 1:27). Die sigbare vorm van God is die figuur van 'n man: *"en op die troon-gestalte 'n gestalte wat soos 'n mens gelyk het ..."* (Esé. 1:26; Openb. 4:2).

God is 'n persoon; Hy het in hierdie vorm in die tuin van Eden gekom en met die eerste mense gepraat. In Génesis 18 besoek Hy Abraham: *"Daarna het die HERE aan hom verskyn by die terpentynbome van Mamre terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag. Toe hy sy oë opslaan en kyk, staan daar drie manne voor hom ..."* (verse 1-2). Toe vind daar 'n gesprek plaas tussen die HERE en Abraham. Die twee engele wat die HERE vergesel het, het later na Sodom gegaan (Génesis 19). Die feit dat God Homself manifesteer in die vorm van 'n geestelike liggaam word deurgans die Ou Testament bevestig. Jakob het met Hom geworstel, Hom omhels en het selfs 'n hou van Hom op die heup gekry, dat hy mank was (Gén. 32: 22-32, Hos. 12: 4-6). Die HERE God was en is vir almal aan wie Hy Homself openbaar en met wie Hy praat, die grootste werklikheid wat daar bestaan.

Die tweede punt, wat ter sprake kom in die verslag oor die skeppingswerk, is dat ook engele die vorm van 'n man het, soos die Heilige Skrif baie kere getuig. Daniël berig: *"en kyk, daar het iemand voor my gestaan wat soos 'n man gelyk het. En ek het 'n mensestem gehoor uit die Ulai wat geroep en gesê het: Gabriël, laat hierdie een die gesig verstaan!"* (Hoofstuk 8, verse 15-16). In hoofstuk 9 vers 21 getuig hy: *"... terwyl ek nog spreek in die gebed, het die man Gabriël wat ek uitgeput van vermoeienis, 'n vorige keer in die gesig gesien het ..."*

Dat die HERE self en die engele die vorm van 'n man het, is so vêr van groot beduidenis, en ons het daarmee 'n onfeilbare antwoord op Génesis 1 vers 26. Dit sê: *"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld ..."*. Van die begin af was God omring deur engele wie in dieselfde vorm as Hy was. Vir Job het Hy gesê: *"Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? ... Waar is sy fondamentklippe op ingesink? ... Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns (of engele — Menge) van God gejuig het?"* (Job 38: 4-7). Hier word bevestig deur die Woord van God dat die hemelse leërskare teenwoordig was toe God die aarde geskape het. Hy het met hulle gepraat: *"Laat ons mense maak ..."*. Die interpretasie dat daar met persone in die godheid gepraat was, is glad nie so nie.

Geen profeet en geen apostel het dit ooit so uitgelê nie. Soos die profeet Jesaja die heerlikheid van God aanskou het, het Hy ook die HERE op die troon gesien, omring van die hemelse leërskaare. Toe het hy die stem van die HERE gehoor sê: *"Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan?"* (Hoofstuk 6 vers 8).

Die profeet Miga berig ook oor 'n soortgelyke ervaring. Hy getuig: *"Ek het die HERE sien sit op sy troon, terwyl al die hemelse leërskaare aan sy regter- en sy linkerhand staan"* (IIKron. 18:18). Toe die HERE God 'n einde wou maak aan die toring van Babel, het Hy gesê: *"Kom, laat ons neerdaal en hulle taal daar verwar"* (Gén. 11:7). Hy het altyd met die engele om Hom gepraat. Die 'ons' is nie in die Ou Testament deur die profete óf in die Nuwe Testament deur die apostels, in verband met die Godheid, geïnterpreteer nie.

Die groot verborgenheid wat niemand kan verklaar nie, bestaan daarin, dat die HERE God in die Nuwe Testament uit Sy geestelike liggaam in die vlees gekom het, Homself heeltemal geledig en mens geword het. Eerstens was Adam in die geestelike liggaam geskep, naamlik in die beeld van God (Gén. 1:27). In Hoofstuk 2 word vertel dat Adam toe daarna uit die aarde gevorm is. Dit is hoe hy 'n aardse lewende siels-wese geword het. In die geestelike liggaam was Eva alreeds in hom. Sy was eers uit hom gehaal nadat hy in die vleesliggaam geskep is. Net so was die Gemeente reeds in God, toe Hy in die geestelike liggaam was. Dit was net uit Hom gehaal toe Hy in die vleesliggaam verskyn het.

Die mens was nie ongehoorsaam en geval in die geestelike liggaam nie, maar in die vleesliggaam. Hy moes verlos word uit hierdie gevalle toestand en na onsterflikheid terugkeer. Daarom moes die HERE in vlees kom (Kol. 1:22), om net soos ons te word en die prys vir ons verlossing te betaal, sodat ons weer seuns en dogters van God kan word. Daar het 'n nuwe begin plaasgevind, 'n nuwe skepping.

## Hoofstuk 11.

### DIE HEERLIKHEID VAN DIE HERE

Op 'n dag het die HERE God aan Moses verskyn as 'n vurige vlam in 'n doringbos. Op die berg Sinai het Hy in vuur neergedaal, begelei van donderslae, blitse en trompet geklank. Die hele volk het Sy magtige stem gehoor (Exodus 19 en 20). *"Daarop het Moses opgeklim met Aäron, Nadab en Abihu en sewentig van die oudstes van Israel. En hulle het die God van Israel gesien, en onder sy voete net soos 'n vloerwerk van saffierstene en so helder soos die hemel self. Maar Hy het sy hand nie na die uitgesoektes van die kinders van Israel uitgestrek nie, en hulle het God aanskou; daarop het hulle geëet en gedrink"* (Ex. 24: 9-11). 'n Hele volk het ervaar hoe die lewende God Homself op aarde manifesteer. Net enkele individue was egter toegelaat om in Sy direkte teenwoordigheid te kom, en die HERE God te sien in 'n gestalte wat hulle kon beskryf.

Kort daarna het Moses die berg opgeklim om die HERE God te ontmoet. *"Toe Moses die berg opklim, het 'n wolk die berg oordek. En die heerlijkheid van die HERE het op die berg Sinai gebly, en die wolk het dit ses dae lank oordek. En op die sewende dag het Hy na Moses geroep uit die wolk. En die verskyning van die HERE se heerlijkheid was in die oë van die kinders van Israel soos 'n verterende vuur op die top van die berg"* (Ex. 24: 15-17). Wanneer daar altyd van die "Heerlikheid van die HERE" gepraat word, bedoel dit die "Shekinah", die Hebreeuse woord vir die sigbare, wolkagtige lig, deurdring met prag, en 'n majestieuse vorm. Die "Shekinah" self is die teenwoordigheid van die HERE op 'n bonatuurlike sigbare wyse. Dis op hierdie manier wat die HERE sigbaar was vir die hele Israel, gedurende die veertigjaar-lange wandeling, toe Hy neergedaal het op die tent van samekoms om met Moses te praat. Bedags was dit 'n wolkkolom, en snags 'n enorme vuurkolom.

Ander manne van God het ook hierdie "Shekinah" heerlijkheid gesien. *"En toe die priesters uit die heiligdom uitgaan, het die wolk die huis van die HERE vervul. En die priesters kon vanweë die wolk nie staan om diens te doen nie, want die heerlijkheid van die HERE het die huis van die HERE vervul"* (IKon. 8: 10-11).

Die profeet Jesaja het die HERE op die troon gesien en die serafs gehoor uitroep: *"Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaar. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!"* (Jes. 6:3).

Die profeet Eségiël kon ook die HERE sien. Hy rapporteer: *"... het ek iets gesien soos vuur met 'n glans daaromheen. Soos die gedaante van die boog wat in die wolk is op 'n reëndag, so het die glans rondom gelyk. So het die verskyning van die heerlikheid van die HERE gelyk ..."* (Esé. 1: 27b-28).

Die oorgang vanaf die Ou na die Nuwe Testament is so perfek soos net God dit kan uitwerk. Toe die HERE mens geword het, het dieselfde "Shekinah" gekom: *"En meteens staan daar 'n engel van die HERE by hulle, en die heerlikheid van die HERE het rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig"* (Luk. 2:9). Op die Berg van Verheerliking het dieselfde gebeur: *"Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom! En onderwyl hulle van die berg afklim, het Jesus hulle bevel gegee en gesê: Julle moet vir niemand iets van die gesig sê voordat die Seun van die mens uit die dode opgestaan het nie"* (Matt. 17: 5+9).

In die hoëpriesterlike gebed sê dit: *"En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was"* (Joh. 17:5). Voordat die wêreld gevorm was, het Hy uit God gekom as die Logos-Jahweh, en met daardie glorie is Jahshua verheerlik. Dieselfde ervaring word belowe aan die verlostes! *"Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is"* (vers 22). Die voleinding word soos volg aan ons beskrywe: *"Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld"* (vers 24). Hy het ons ook liefgehad en gekies alreeds voor die grondlegging van die wêreld (Efé. 1: 4-5).

## Hoofstuk 12

### ... VAN GOD UITGEGAAN

Christus word ook die begin van die skepping van God genoem (Openb. 3:14). Adam was 'n geskape seun van God, Christus 'n gebore Seun. Adam was *in* die beeld van God as 'n geskapene; Christus *was* die beeld van God, uit die wese van God. Adam het dieselfde vorm as die HERE God (Elohim-Jahweh) gehad, maar het nie Sy wese gehad nie, nie die natuur van God nie: Hy het nie van God uitgegaan nie. Maar God wou seuns en dogters uit Homself voortbring, wie Sy wese het, Sy natuur dra. Die eniggebore Seun het uit God uitgegaan, en met Hom — die eerste-geborene — het die goddelike geslag begin.

Jahweh was God self; Hy was die Ek Is, die Ewige, die Logos, wat werkstellig mens geword het. Dit wat byna alle teoloë geïgnoreer het, is eintlik die kern, naamlik dat soos Jahweh uit die volheid van God gekom het, het die Seun, wie Jahweh self is, uit die Vader uitgegaan:

*"As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan ...".* (Joh. 8:42)

*"... want die Vader self het julle lief, omdat julle My liefgehad en geglo het dat Ek van God uitgegaan het".* (Joh. 16:27)

*"Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het"* (Joh. 17:8)

Met die openbaarmaking van hierdie verborgenheid aan die dissipels, het hulle gesê: *"Nou weet ons dat U alles weet en nie nodig het dat iemand U iets vra nie. Daarom glo ons dat U van God uitgegaan het"* (Joh. 16:30).

Of dit nou in die Ou of Nuwe Testament is, is dit altyd dieselfde HERE: daar in 'n geestelike liggaam, hier in 'n vleeslike liggaam. Dit was nie 'n seun van God wat langs God bestaan het, en wat die Seun van God geword het nie. Dit sou 'n paradoks wees. Jesus het van God gekom, is die Seun wat deur die Gees verwek is, en dus in gelyke wese met God is. Hy het God se lewe in Hom gehad, want Hy was God self.

Net God alleen kan uit God na vore kom, na Sy soort. Deur Hom het alle seuns en dogters van God 'n aandeel in die goddelike natuur ontvang (IIPet. 1:4).

In die teologie word die verhouding tussen Vader en Seun en tussen die Seun en die Heilige Gees, ens., sterk beklemtoon, dat dit elkeen gelyk teenoor mekaar gestel word. Watter sin dit moet het, is nie verstaanbaar nie. As filosofie by die teologie aansluit, word dit 'n magiese siklus waaruit diegene wat daarin val, nie maklik kan ontsnap nie. Die bybelse "teologie" bestaan in die besef van die verwesenliking van God se ewige raadsbesluit vir die redding van die mensdom, deur Jesus Christus, onse HERE. Dit gaan nie oor die verduideliking van die goddelike openbaring wat noodwendig vir ons redding is nie — Dit gaan oor die noodsaaklike verklaring van die verhouding van God met ons: hoe staan Hy met ons en hoe staan ons teenoor Hom. Dit is die kernpunt. God het Sy verhouding met die mensdom verklaar!

Die lering in die sogenaamde "Geloofsbelydenis van Nicea" is eenvoudig onbybels. Daarin word verklaar: "... God se enige Seun, wat uit die Vader gebore is voor die hele wêreld, God vanaf God, lig van die lig, ware God van die ware God, gebore, nie geskep nie ..." —F. Hauss, VATER DER CHRISTENHEIT ("Vaders van die Christendom"), bl. 40. So sou die Vader die Seun in die hemel gebore het. Hoe kan 'n mens homself dit voorstel? Waar word so 'n gedagte selfs net terloops van getuig in die heilige skrif?

Die Vader het die Seun op aarde gegeneer deur die Gees (Matthéüs 1), wat die begin van 'n nuwe goddelike geslag bewerk het. Volgens die Gees was die Seun God, volgens die vlees was Hy mens, om die mensdom in die goddelike staat te kon plaas. Hy moes menslik wees om te kan sterf; Hy moes God wees om die dood, die hel en die duiwel te verslaan. *"God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlijkheid"* (ITim. 3:16). Paulus het dit nie nodig geag, selfs in die geringste, om hierdie groot verborgenheid te verduidelik nie. Vir hom was die volgende stelling genoeg: *"En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot ..."*.

Die verwekking van die Seun het nie in die ewigheid plaasgevind nie en so het dit ook nie gebeur gedurende die duur van die Ou Testament nie, maar soos dit vir ons baie duidelik beskryf word,

naamlik in die Nuwe Testament. In die belofte was die term "vandag" gebruik. Alles wat in die Ou Testament in die profesie ingesluit is, was nog in die toekoms. Net die Nuwe Testament bevat die vervulling.

Dit is nie toevallig dat die term "God se besluit" in die volgende vers gebruik word nie: *"Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer"* (Ps. 2:7). Hebreërs 1 vers 5 lui: *"Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is My Seun, vandag het Ek U gegeneer?"*.

Die brief aan die Hebreërs gee hierdie aangekondigde "vandag" as 'n bepaalde dag aan: *"... bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag ..."* (hoofstuk 4 vers 7). Hierdie "vandag" is die "dag van Heil". *"Want Hy sê: "In die tyd van die welbehae het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil"* (IIKor. 6:2; Jes. 49:8). Die skrywer van die boek Hebreërs gee die waarskuwing in vergelyking met die outydse gelowiges, wat nie geglo het nie: *"Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie"* (Heb. 3:13). Gedurende die volle tyd van genade, wat strek vanaf Sy eerste koms, die "Epifanie" van Christus, tot Sy Wederkoms, die "Parousia" van Christus, leef ons in die "Dag van Heil", die "Vandag" in die Nuwe Testament.

In Romeine 1 verse 3-4 lees ons van die Seun: *"... aangaande Sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode"*. Die opstanding van Christus is die triomfantlike bewys dat Hy die beloofde Seun was en dat Hy Psalm 2 so vervul het. *"En ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat God dit aan ons, hulle kinders, vervul het deur Jesus op te wek, soos daar ook in die tweede Psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer"* (Hand. 13: 32-33).

Maria het aan die engel Gabriël, wat aan haar die goddelike boodskap van die beloofde Messias gebring het, gesê: *"Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word"* (Luk. 1: 34-35). Volgens die getuienis van die Heilige Skrif is dit nie God nie, maar Maria wat die seun gebore het.

Maria word nie vir hulde en bewondering in die Bybel aangebied nie. Deur haar voorbeeld — van geloof en gehoorsaamheid — word aangetoon dat die mens absoluut niks te doen het met die goddelike skepping nie. Die Seun van die mens, Jesus, was deur en deur van goddelike afkoms; Maria was net die natuurlike draer van 'n goddelike stof, waarvan die verwekking geheel en al 'n bonatuurlike proses was.

Daar is geen godsdienstige handeling wat God se werking kan vervang nie. In Matthéüs 1 vers 20 lees ons: "... wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees". Alhoewel Hy verwek was deur die Gees, was Jesus nooit die Seun van die Heilige Gees genoem nie, maar wel die Seun van God omdat die Heilige Gees self nie 'n persoon is nie, maar wel die Gees van God. In vers 22 word gesê dat dit die vervulling was van wat God deur die profeet Jesaja aangekondig het: "*Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem*" (Jes. 7:14).

Met verwysing na die Seun word gesê: "*Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting*" (Ps. 2:8). Slegs deurdat die Vader Homself in die Seun geopenbaar het en dus ons Verlosser geword het, kan ons gered word. Daarom is die geloof in die Seun van God die absolute en enigste vereiste om gered te word. Slegs daar, waar God versoen is met die mensdom, in Christus, hou die toorn van God op. Geloof in die Seun is tegelyk en alleen geloof in die Vader. "*Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader*" (Ijoh. 2:23 — Menge Bybel). Wie die Godheid van die Seun ontken, het nie God as 'n Vader nie.

Die psalmis praat terselfdertyd van Jahweh en die Seun. "*Dien die HERE (Jahweh) met vrees en juig met bewing. Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!*" (Ps. 2: 11-12). Geloof in die Seun van God is nodig vir redding, want God het ons verlossing gebring, nie as die Vader nie, maar in die Seun. Daarom is dit geskryf: "*Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom*" (Joh. 3:36).

God leer ons nie oor Homself nie. Hy openbaar Homself aan ons op verskeie maniere. Die dogmatiese formuleringe oor die Seun van God vanaf die 4de eeu, is fantasieë. Vir sommige was Hy 'n 'verwekte' God, vir ander 'n 'geskape', en vir 'n derde groep, 'n 'uit God geborene' God,



en dit alles sou voor tyd geskied het, in ewigheid. Wat kan 'n verwekte, 'n geskape, of 'n gebore God ons bevoordeel? Daar is nie so 'n god nie. Die verwekking hou verband met die Seun, dit is die duidelike getuienis van die Skrif, en dit is die eniggebore Seun, wat heeltemal van God af stam. Hy is nie God en Maria se seun nie, Hy is die eniggebore Seun van God. Baie teoloë meen, met die oog op moderne genetica, dat 'n eiersel van Maria 'n goddelike bevrugting ontvang het deur die Heilige Gees! — Maar dan sou die sondige uit die chromosome van die eier in die goddelike geenstruktuur ingevoer word, en dit sou weer gemeng gewees het. Dit is totaal uitgesluit! Eniggeborene beteken dat alles, insluitend die eiersel, van God af kom.

In die profetiese karakter van die Ou Testament, in woord, beeld en in gelykenis-spraak, vind ons die voorspelde openbaring waarvan die realisering nog hangende is. Die getuienis van die Ou Testament was aan die kern van wat as "openbarings" verkondig was (Heb. 3:5). Die profete, deur wie die Gees van God gepraat het, het na die toekoms gekyk; *"aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons die dinge bedien het"* (IPet. 1:12). Sedert die een na wie verwys was self mens geword het, het ons met 'n gerealiseerde, vervulde, persoonlike, goddelik-openbaarde Christus te doen. Profete het voorspel wat sou gebeur. Apostels het getuig dat dit gebeur het. Die een wat Homself aangekondig het deur die openbaring van die Woord, het verskyn, en *"... in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik"* (Kol. 2:9).

Hoe menslike leerstellings kan voortspruit uit goddelike openbarings-woorde en hoe die so majestueuse goddelike openbaring in Christus filosofies-trinitaries geïnterpreteer kon word, is heeltemal onbegryplik. Professor Emil Brunner skryf in KIRCHLICHE DOGMATIK ("Kerklike Dogmatiek"): **"Net so is die konsep van die drie persone egter meer as twyfel-agtig. Augustinus het dit reeds al aangevoer", volgens DE TRINITATE (The Trinity), Vol. 5, bl. 9. Dit lyk of hierdie kommer ook deur K. Barth gedeel was (Vol. 1.1, bl. 703 van KIRCHLICHE DOGMATIK): "Jy moet jou gedagtes beveel om te dink: 'Jy moet hierdie drie persone as een beskou' — maar dit help niks: daar bly nog 'n twyfeling tussen trinitarisme en monoteïsme. Nie net die konsep van die stoflikheid nie, maar ook die konsep van die 'persoon' as sulks, moet die verborgenheid van die eenheid aandui en die openbaring ontsluit van hoe Hy Homself openbaar.**

**Maar die samestelling van die drie persone is as gevolg van die feit dat die historiese denke nie die verlossingsplan in ag geneem het nie. Dit het gegaan oor die voortreflike agtergrond van hul openbaring; die innerlike trinitêre lewe was die hoofdoel van die besinning; dit is die diepe onbybelse 'drie-eenheid' leerstelling van die Kerk" —E. Brunner: KIRCHLICHE DOGMATIK, Vol. 1, bl. 243-244.**

Die profete en apostels het nie 'n 'drie-eenheid' geken nie, daarom staan die formulering "drie-enige God", nie een keer in die Bybel nie. Hoe kan drie persone, wat ooreenstemmend is, dan 'n god wees? Dit kan regtig net as 'n bybels-vreemde en heidense leer beskou word. Die een, ware, ewige God het Homself op drie maniere geopenbaar: in die hemel as Vader, op aarde in die Seun en deur die Heilige Gees. Dit is die getuigenis van die Heilige Skrif. God word gehoor van profete en apostels wat Hom ervaar en gesien het, en Hom bekend is en dus verkondig soos Hy Homself geopenbaar het. Teoloë het God onderstebo gedraai en uit een, drie gemaak. Die oorweldigende meerderheid van hulle gee toe dat die Bybel die 'drie-eenheidsleer' glad nie ken nie, en tog verdedig hulle dit. Hoe is dit dan moontlik?

Dit bly vir ewig waar wat die HERE gesê het: *"... en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar"* (Matt. 11:27).

## Hoofstuk 13.

### DIE NAAM VAN DIE HERE

Nadat die HERE God die Tien Gebooië gegee het, het Hy in dieselfde hoofstuk die baie belangrike uitspraak gemaak: "*Op elke plek waar Ek **My Naam** sal laat gedenk, sal Ek na jou toe kom en jou seën*" (Ex. 20:24b). Net daar, waar die HERE God Sy naam bekend maak, kan daar in Gees en in waarheid in Sy Naam aanbid word. Van die begin af was daar mense aan wie die HERE geopenbaar was en aan wie Sy naam bekend was. "*En ook vir Set is 'n seun gebore, wat hy Enos genoem het. Toe het hulle die **Naam van die HERE** begin aanroep*" (Gén. 4:26).

Exodus 33 verse 11-23 werp lig op die belangrikheid van God se openbaring en die van Sy Naam. Waar die HERE ookal praat en genade gee, openbaar Hy ook Sy naam. Met Moses het die HERE van aangesig tot aangesig gepraat. Hy het die begeerte gehad om die heerlikheid van God te sien, en die HERE het geantwoord: "*Ek sal al My majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die HERE uitroep*" (Ex. 33: 18-19). God bly nie die Onbekende, Verborgene nie. Hy verskyn as die Een wat Homself bekend maak, om Sy naam te openbaar.

Die openbaring van die naam van die HERE God, kan nie oorbeklemtoon word nie. Die HERE het Moses beveel: "*Spreek met Aäron en sy seuns en sê: So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê: Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. So moet hulle dan **My Naam** op die kinders van Israel lê; en Ék sal hulle seën*" (Num. 6: 23-27).

Deur die eeue heen was God nie met titels aangespreek nie, maar met Sy naam. Of mense Hom aangeroop het, of vir hom opgetree het, was dit in Sy naam. Dit geld gelyk vir die Ou en die Nuwe Testament.

Dit is die "fundamentele wet" van God dat Hy slegs gesoek, gevind en aanbid mag word in die plek waar Hy Homself en Sy Naam openbaar: "*... maar die plek wat die HERE julle God uit al julle stamme sal uitkies om **Sy naam** daar te vestig om daar te woon, moet julle opsoek en daarheen moet jy kom*" (Deut. 12:5).

In die toewydingsgebed vir die tempel het Salomo uitdrukking gegee: "... sodat al die volke van die aarde **U Naam** mag ken, om U te vrees soos u volk Israel, en mag gewaar word dat **U Naam** uitgeroep is oor hierdie huis wat ek gebou het" (1Kon. 8:43).

"Daarom sal my volk **My Naam** leer ken; daarom sal hulle weet op dié dag dat dit Ek is wat spreek: Hier is Ek!" (Jes. 52:6).

Dieselfde Een wat aan Moses gesê het, "*Ek is het my na julle gestuur*" (Ex. 3:14), maak dieselfde stelling aan die volk van Israel by die berg Sinai: "*Ek is die HERE (JAHWEH), jou God (Elohim), wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het*" (Ex. 20: 1-2). Die profeet Jesaja beklemtoon hierdie naam: "*Ek, die HERE (JAHWEH), die Eerste, en by die laaste is Ek dieselfde*" (Jes. 41:4). "*Ek is die HERE, dit is My Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie*" (Jes. 42:8). "*Ek, Ek is die HERE (JAHWEH), en daar is geen Heiland buiten My nie*" (Jes. 43: 11-12). "*So sê die HERE, die Koning van Israel en sy Losser, die HERE van die leërskare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie*" (Jes. 44:6). "*Ek is die HERE wat alles volbring*" (v.24). Hoofstuk 45 sê: "*Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie; ... Ek is die HERE, en daar is geen ander nie*" (vv. 5-6). "... dit is Ek; Ek is die Eerste, ook is Ek die Laaste. Ook het My hand die aarde gegrond, en My regterhand die hemele uitgesprei" (Jes. 48: 12-13).

Regdeur die Ou Testament het mense die naam van die HERE geken en God in daardie naam aangeroop en geprys. Met die oorgang na die Nuwe Testament word dit ook baie duidelik beskryf: "... en jy moet Hom Jesus (Jahshua) noem" (Matt. 1:21). Hy was gebore as die Redder, wat Christus is, die Messias, die HERE (Luk. 2:11). Maar Sy naam het Hy eers ontvang by die besnyding, wat soos dit die gewoonte was, op die agtste dag plaasgevind het (Luk. 2:21).

Ook in die Nuwe Testament gaan dit nie net oor die manier waarop God Homself openbaar as Vader in die hemel, in die Seun op aarde en in die Gemeente deur die Heilige Gees nie; dit gaan oor een **naam**, waarin alleen redding en verlossing is, waarin alleen ons God kan aanspreek. God het net een plek op aarde geopenbaar vir ons verlossing, dit is in Jesus Christus, onse HERE. Wie God wil vind, moet Hom soek waar Hy Homself laat vind, en sien waar Hy te siene is en luister daar waar Hy gehoor kan word, naamlik daar waar Hy Sy naam

geplaas en geopenbaar het. **Die enigste persoonlike ontmoetingsplek van God met die mensdom, en dus dan ook van die mensdom met God, is in Jesus Christus, onse HERE.**

Waarom die geleerdes van Jahweh 'Jehovah' en van Jahshua 'Jesus' gemaak het, en ook ander soortgelyke begrippe, bly onbegryplik. Die Hebreeuse letters vir die naam van die HERE — JHWH — **moet** in die Ou- en in die Nuwe Testament dieselfde wees. Hulle laat geen arbitrêre formulering toe nie. "Jah" is die verkorte vorm van Jahweh-HERE, soos "El" die verkorte vorm van Elohim-God is. Die woord Hallelu-Jah beteken: Loof Jahweh. Jesaja beteken: Jahweh is verlossing. "Jah-shua" beteken Jahweh-Verlosser, ensovoorts. Die HERE openbaar Homself as die God van Israel. Die woord Isra-El beteken God se vegter; Isma-El beteken: God hoor; Immanu-El beteken: God met ons, ens. Waar die HERE God Homself openbaar, kondig Hy Homself en Sy naam aan. Slegs in daardie naam kan ons Hom aanbid.

Die "EK IS" wat in die Ou Testament na God verwys, is op 'n baie spesiale manier deur onse HERE in die Nuwe Testament beklemtoon. *"EK IS die brood van die lewe"* (Joh. 6:48). *"EK IS die lig van die wêreld"* (Joh. 8:12). *"Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; want as julle nie glo dat dit EK IS nie, sal julle in jul sondes sterwe"* (v.24). Hierdie twee verse uit hoofstuk 8 is van die uiterste belang. *"Toe sê die Jode vir Hom: U is nog nie vyftig jaar oud nie, en het U Abraham gesien? Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, IS EK"* (vv. 57-58). *"EK IS die goeie Herder ..."* (Joh. 10:14). *"EK IS die opstanding en die lewe ..."* (Joh. 11:25). *"EK IS die ware wynstok"* (Joh. 15:1), ens, ens.

Onse HERE is alles in alles. Daarom kon Hy met die "EK IS", alles wat Hy was is en sal wees, fundamenteel verbind. Vergelyk veral die gedeeltes van die profeet Jesaja, waarin dit duidelik van die HERE, van Jahweh gepraat word, wat Homself bekend stel as die Eerste en die Laaste, en steek dan die brug oor na die Nuwe Testament, waar die Opgestane en die terugkerende Verlosser spreek: *"Moenie vrees nie; EK IS die eerste en die laaste ..."* (Openb. 1:17). *"EK IS die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die HERE, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige"* (Openb. 1:8). Niemand is voor Hom nie en niemand sal na Hom wees nie. Daar is net een Almagtige.

Die Seun sê: "Ek het gekom in die Naam van my Vader" (Joh. 5:43). Hy het gevra: "Vader, verheerlik **U Naam!**" (Joh. 12:28). Aangaande Sy volk het Hy gesê: "Ek het **U Naam** geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het" (Joh. 17:6). Dit is duidelik dat die HERE, soos dit ook aards is, Homself by naam voorgestel het, slegs aan diegene wie 'n persoonlike ontmoeting, dws, 'n ware ervaring met Hom gehad het. Ons sien dit veral in Paulus se verhaal van bekering: "En hy sê: Wie is U, HERE? En die HERE antwoord: EK IS JESUS wat jy vervolg" (Hand. 9:5).

Hy het ook gevra: "Heilige Vader, bewaar in **U Naam** die wat U My gegee het" (Joh. 17:11). Die naam van die Vader is ook die naam van die Seun. Hy beklemtoon weer: "En Ek het **U Naam** aan hulle bekend maak en sal dit bekend maak ..." (v.26). Hy doen dit tot vandag nog. Hy openbaar die **naam Jesus**. Waar hierdie naam nie in Sy goddelike betekenis bekend is nie, is mense net in 'n vroom, onbybelse tradisie.

"Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat **U Naam** geheilig word ..." (Matt. 6:9). Soos ons kan sien, is die Naam van die Vader, die Naam van die Seun, "... namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle" (Heb. 1:4).

Ewige lewe is net in **Sy Naam** (Joh. 20:31). Ook is vergifnis van sondes alleen in **Sy Naam** (Hand. 10:43). Basies alles wat God gee en doen, geskied in **die naam van Jesus**, waarin Hy Homself openbaar. Net so gebruik geen dienskneg God se titel of 'n formule nie, maar altyd **die naam**. Volgens Kolossense 3 vers 17, geld dit vir alle gelowiges: "En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles **in die Naam van die HERE Jesus** en dank God die Vader deur Hom".

Daar kom die dag wanneer in **die naam van Jesus – Jahshua**, elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Hy die HERE – Jahweh is (Fil. 2: 10-11). In Openbaring 21 word gesê: "Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie ... want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. En Hy het vir my gesê: Dit is verby! **EK IS** die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees" (verse 3-7).

## Hoofstuk 14

### NUTTIGE VERGELYKINGS

Die bybel-gedeeltes wat onderaan gelys word, is bedoel om beide die Godheid en die menslikheid van die Verlosser te demonstreer. Toe Hy in Sy menslikheid aangekondig was, was dit aangemeld deur Hom dat Hy gestuur is. Wanneer daar van Hom gepraat word as van die HERE God, word dit gelykertyd berig dat Hy self gekom het. Albei is korrek en het die taak, om die menslike én goddelike sye te regverdig.

Net ná die val het die HERE die eerste belofte gegee van die Saad wat deur die vrou sou kom om die slang se kop te vermorsel. Aan die slang het Hy gesê: *"En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt"* (Gén. 3:15). Dat Christus, die Messias, die saad van die vrou is wat hier aangekondig word, weet elke bybelleser. Hy het derhalwe nooit na Maria verwys as Sy moeder nie, soos ander dit gedoen het nie, maar het haar altyd as "vrou" aangespreek (Joh. 2:4).

*"Die septer sal van Juda nie wyk nie, nòg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees. Hy maak sy jong esel vas aan die wingerdstok en die vul van sy eselin aan die edelste wynstok"* (Gén. 49: 10-11). *"Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel — op 'n jong esel, die vul van 'n eselin"* (Sag. 9:9). In Matthéüs 21, Markus 11, Lukas 19, Johannes 12 word berig hoe Hy volgens hierdie belofte, op Palmsondag as koning in 'n triomfantlike optog Jerusalem ingery het, op die vul van 'n donkie. In Openbaring 5 vers 5 word Hy beskryf as die Leeu uit die stam van Juda.

*"'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel. En die man wat nie luister na my woorde wat Hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis"* (Deut. 18: 18-19). In die vier evangelies word die Messias omvattend beskryf as 'n Profeet, as Seun van die mens. Petrus, in sy preek in Handeling 3, verse 22-23, verwys na hierdie genoemde bybel-verwysing as volg:

*"Want Moses het tot die vaders gespreek: Die HERE julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek. En elke siel wat nie na dié Profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word". Die Messias was die God-profeet, derhalwe is Sy Woord bindend vir almal wat voor God is, want deur Hom het God uiteindelik op aarde gepraat en het die Woord, wat deur die profete aangekondig was, tot vervulling gekom. "... wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon. U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel" —Psalm 8 verse 5-7. Die ooreenstemming van die ou-testamentiese profesieë en die nuwetestamentiese vervulling is oorweldigend: "... Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is" (Fil. 2: 6-10).*

*"Hy is dit wat My sal noem: U is my Vader, my God en die rots van my heil! Ja, Ék sal hom 'n **eersgeborene** maak, die hoogste onder die konings van die aarde" (Ps. 89: 27-28). "Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die **eersgeborene** kan wees onder baie broeders" (Rom. 8:29). Voorts sê Hy van die tyd waarin Hy die **Eersgeborene** weer die menslike wêreld sal laat intree: "En al die engele van God moet Hom aanbid" (Heb. 1:6). "in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naam-lik die vergifnis van die sondes. Hy is **die Beeld** van die onsienlike God, die **Eersgeborene** van die hele skepping" (Kol. 1: 14-15). "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword" (IIKor. 5:17). "... die getroue getuie, die **eersgeborene** uit die dode ..." (Openb. 1:5).*

*"Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem" (Jes. 7:14). "Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te*



*neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die HERE deur die profeet gespreek het" (Matt. 1: 20-22).*

*"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors — tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen" (Jes. 9: 5-6).*

Die Kind wat aan ons gebore is, die Seun wat aan ons gegee is, word terselfdertyd *"Sterke God en Ewige Vader"* genoem. Beide sye van die Verlosser, die goddelike en die menslike, moes aangekondig word, sodat ons die onderskeie pligte wat Hy moes uitvoer, kon waarneem. Deur dieselfde profeet Jesaja spreek God: *"Versterk die slap hande en maak die struikelende knieë vas. Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak, met goddelike vergelding; Hy self sal kom en julle verlos" (Jes. 35: 3-4).*

God het nog nooit gesê dat Hy 'n Seun in die hemel het, wie Hy sou stuur nie. Hy het Homself gekom en ons verlos in die Seun. Die erkenningsteken daarvan moet wees: *"Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel" (Isa 35: 5-6).* Presies wat hier aangekondig is, is vervul in die bediening van Jesus Christus, ons HERE: die blindes het gesien en die dowes het gehoor, die verlamdes het geloop en die stommes kon praat (Luk. 7:22)!

In Jesaja hoofstuk 40 word ons vertel: *"'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE (Jahweh), maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God (Elohim)!"*. *"... o Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God! Kyk, die HERE GOD (JAHWEH – ELOHIM) sal kom as 'n Sterke, en sy arm sal heers"*. Jahweh van die Ou Testament is Jahshua (Jesus) van die Nuwe Testament. God het ons Vader oor ons geword, geopenbaar in die Seun onder ons en deur die Heilige Gees in ons. Op hierdie wyse het Hy Sy eie raadsbesluit as Verlosser met die verlostes bewerkstellig.

## Hoofstuk 15.

### JESUS IS DIE HERE

Veral in charismatiese en in evangeliese byeenkomste, daar waar emosies hoog loop, word daar herhaaldelik beklemtoon: "Jesus is HERE". Maar dit sê nie met sekerheid of Hy werklik in die sin van die Heilige Skrif die HERE vir hierdie mense is nie. Hulle wie sê, "Jesus is die HERE" sonder dat hulle God daarmee bedoel, het die HERE in der daad nog nie op hierdie manier erken nie. Wanneer Jesus in Sy menslikheid beskryf word, dan sien ons Hom eintlik as mens langs God; naamlik, as die Seun van die mens en as profeet, wie uit Homself niks kan doen nie. *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie ... Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het"* (Joh. 5: 19 + 30). So dit is dus nie 'n wetende en onwetende, 'n almagtige en hulplose persoon in die Godheid nie, maar die man Jesus Christus, wie nie Sy eie nie, maar die wil van God doen.

Net so beskryf die Heilige Skrif Hom herhaaldelik as die HERE, heeltemal tot op Sy majestueuse uitspraak: *"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde"* (Matt. 28:18). In Sy menslikheid word Jesus eintlik as mens, as profeet, as advokaat, as bemiddelaar, as Seun van die mens langs God getoon. So het Stéfanus Hom ook gesien: *"Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God. En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die **Seun van die mens** aan die regterhand van God staan"* (Hand. 7: 55-56). Stéfanus het die bonatuurlike glorie gesien, die "Shekinah". In hierdie heerlijkheid sal die Seun van die mens terugkom. *"En wanneer die Seun van die mens in Sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op Sy heerlike troon sit"* (Matt. 25:31).

In hierdie oorweging gaan dit weer oor die presiese kennis en ooreenstemmende formulering. Jesus is nie net 'n Here nie, Hy is **die HERE**. By Sy geboorte is aan die herders gesê: *"... dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, **die HERE**, is"* (Luk. 2:11). Dit is presies wat Paulus bedoel as hy skryf: *"... en niemand*

kan sê dat Jesus **die HERE** is nie, behalwe deur die Heilige Gees" (1Kor. 12:3b). Dit is altyd dieselfde Gees (vers 4), dieselfde HERE (vers 5), dieselfde God (vers 6), tot met die laaste boek van die Bybel.

*"Heilig, heilig, heilig is **die HERE** God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!"* (Openb. 4:8).

*"U is waardig, o **HERE**, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag"* (Openb. 4:11).

Ongeag van die veelvuldigheid en onderskeidelikheid van die benoemings en formulerings, is dit altyd dieselfde handelende God en HERE. *"... en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse **HERE** geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid"* (Openb. 11:15).

Die 12<sup>de</sup> hoofstuk van Openbaring spreek in dieselfde konteks van God en sy Gesalfde: *"Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus"* (Openb. 12:10).

Uiteindelik leer ons presies wie dit is wat die koninkryk aanneem: *"Ons dank U, **HERE God, Almagtige**, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het"* (Openb. 11:17).

Die oorwinnaars-skare het die loflied van die Lam by die see van glas besing, met die woorde: *"Groot en wonderlik is U werke, **HERE God, Almagtige**; regverdig en waaragtig is U weë, o Koning van die heiliges!"* (Openb. 15:3b).

In die 16<sup>de</sup> hoofstuk klink 'n stem van die altaar: *"Ja, **HERE God, Almagtige**, waaragtig en regverdig is U oordele"* (vers 7b).

Hierdie grootste van al die geheimenisse is vir die verstand eenvoudig onbegryplik. So sal dit ook bly, want dit is God se wil dat ons Hom nie kan deursoek, nog minder deurgrond nie, nie verklaar of begryp nie. Hy wil hê dat ons Hom met hoogagting sal respekteer en eerbiediging sal gee, wat vir ewig behoue bly.

Jesus Christus was gebore as 'n mens en as kind tot HERE-Jahweh, in die tempel te Jerusalem gewy (Luk. 2: 22-24).

Simeon het Hom in sy arms geneem *"en God geloof en gesê: Nou laat U, **HERE**, u dienskneg gaan in vrede volgens U woord"* (Luk.2: 28-29).

Volgens Jesaja 9, verse 5-6 is die kind — die Seun — *"Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors"*. As die Seun as 'n mens praat, dan is die Vader groter as Hy (Joh. 14:28). Wanneer Hy as die HERE praat, is Hy en die Vader een (Joh. 10:30). Die Vader is in die hemel, die Seun op aarde, maar almal moet kom tot die besef *"... dat die Vader in My is, en Ek in Hom"* (Joh. 10:38b). Of Hy langs, onder of in die Vader is – alles stem ooreen, regs tot by die verklaring *"Hy wat My gesien het, het die Vader gesien ..."* (Joh. 14:9).

Toe Petrus die bediening van Jesus Christus beskryf het, het hy die volgende formulering gebruik: *"... Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet — Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring; Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word"* (Hand. 2: 22-24). Hy was 'n mens; As mens het Hy in die vleesliggaam gesterwe en het die dood oorwin deur die opstanding — sodat ons ook verlos kan word van die liggaam van hierdie dood en in die opstandingsliggaam getransformeer kan word.

Petrus brei verder uit: *"Die HERE (Jahweh) het gespreek tot my HERE (Jahshua): Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete. Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom **HERE** en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het"* (Hand. 2: 34-36).

Die apostel Paulus het gesê: *"Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlijkheid, wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie ... want as hulle dit geken het, sou hulle die **HERE van die heerlijkheid** nie gekruisig het nie ..."* (IKor. 2: 7-8).

In die sesde hoofstuk aan die Korinthiërs, brei hy verder uit: *"God het ook die HERE opgewek en sal ons opwek deur sy krag"* (vers 14).

Enigiemand wat hom tot Christus bekeer, spreek nie die kind aan in die krip of die baba wat in die arms van Maria lê nie, maar die gekruisigde, gestorwe en opgestane HERE. Hierdie HERE word selfs na Sy opstanding as 'die Gees' aan ons voorgestel. Tot dan, in Johannes 4,

vers 24, het ons gelees dat net God Gees is, en diegene wat Hom wil aanbid, moet Hom in Gees en waarheid aanbid. Hier word die HERE aan ons voorgestel: *"Die HERE is die Gees, en waar die Gees van die HERE is, daar is vryheid"* (IIKor. 3:17). Die apostel sê verder: *"En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid (Shekinah) van die HERE aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die HERE wat die Gees is"* (IIKor. 3:18).

Wat sommige sien as 'n onsamehangende beeld, sien andere weer as 'n harmonieuse geheel, wat nie méér perfek kan wees nie. In IIKorintiërs 4 praat Paulus van die heerlijkheid van Christus, wie in God se beeld is en skryf: *"Want ons verkondig nie onself nie, maar Christus Jesus as HERE"*. Die hoogtepunt kom dan in die volgende vers: *"Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn — dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus"* (vv 5-6).

## Hoofstuk 16.

# WIE JESUS CHRISTUS BELY ... IS DIT 'N REGTE OF VERKEERDE BELYDENIS?

In die herlewingsbewegings en by die protestantse evangelisasie groeperings en in onafhanklike kerklike gemeenskappe, word groot waarde aan die belydenis van Jesus Christus geheg. In hul veldtogte laat die evangeliste diegene wat tot bekering kom, na vore kom en 'n belydenis aan Christus resiteer. Die spreker verseker hulle dan dat hulle nou die eiendom van Jesus Christus geword het. Soos met alle ander onderwerpe en getuienisse, is dit ook hier belangrik om die saak bybels te bekyk, want nie almal wat Jesus as die Seun van God bely, is geregverdig voor God nie.

Die persoonlike belydenis van Jesus Christus, die Seun van God, is van die hoogste belangrikheid vir ons saligheid! Dit is die vyand en die teëstander van God, weereens, wat totale misleidings met halwe waarhede skep, want hy gebruik dieselfde formulering. Hier sal ons slegs drie skrifte noem waaruit die teenoorgestelde kant vanuit die Woord gebring word.

Die geeste het uit die besetenes geskree en 'n belydenis gemaak: *"En meteens skreeu hulle en sê: Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van God?"* (Matt. 8:29). Die evangelis Markus rapporteer: *"En elke keer as die onreine geeste Hom sien, het hulle voor Hom neergeval en geskreeu en gesê: U is die Seun van God!"* (Mark. 3:11). En Lukas skryf: *"... en hy het met 'n groot stem uitgeskreeu en gesê: Ha! wat het ons met U te doen, Jesus, Nasaréner? Het U gekom om ons te verdelg? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God! ... En duiwels het ook uit baie uitgegaan en geskreeu en gesê: U is die Christus, die Seun van God!"* (Luk. 4: 34+41).

'n Man van God sê vir 'n siek persoon: *"In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!"* (Hand. 3:6), dan word berig dat bese geeste ook die Naam van Jesus in die mond opneem en selfs die regte benoeming "Jesus van Nasaret" of "Seun van God" gebruik.

Maar sonder 'n persoonlike ervaring met Jesus Christus en sonder om 'n verhouding met Hom te het, is selfs 'n behoorlik geformuleerde belydenis van geen nut nie. Eerste van alles moet daar 'n openbaring vanuit die hemel ontvang word. Belydenis en dan die navolg van Christus, behoort noodwendig saam. Dieselfde geld vir gehoorsaamheid: *"Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom"* (Joh. 3:36).

Die hartlike geloof moet die belydenis vooruitgaan: *"Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die HERE Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word"* (Rom. 10: 8-9). Paulus stel dit ook so: *"Ek het geglo, daarom het ek gespreek"* (IIKor. 4:13b). 'n Belydenis, sonder om te glo in Christus, die HERE en sonder dat die Woord van God uitgespreek word, is betekenisloos.

Die apostel Johannes sê: *"Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?"* (IJoh. 5:5).

Aan die einde van die versoeking het die duiwel gesê, soos hy langs die HERE, op die tempeldak staan: *"As U die Seun van God is, werp Uself hiervandaan neer"* (Luk. 4:9).

Die belydenis van Jesus Christus, die Seun van God, word deur almal gebruik: die kinders van God én duiwelskinders, deur almal wat hulself Christene noem, tot die antichris. 'n Belydenis is slegs geldig indien dit eintlik met die volle getuienis van die Skrif en persoonlike geloof en met gehoorsaamheid aan God verbind is. Die mens moet 'n direkte openbaring oor Jesus ontvang.

In IJohannes 4 vind ons dit wat vir baie sogenaamde skrifuitlêers groot verwarring bring: *"Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris ..."* (verse 2-3). Weer gaan dit oor meer as wat met die eerste oogopslag uiterlik waargeneem word. Dit gaan oor die ware kennis, dat Jahweh gekom het as Jahshua — Jahweh-Verlosser, as die Godgesalfde, as die Christus, wat die HERE is wat in die vlees gekom het.

'n Oppervlakkige lippediens, 'n aangeleerde geloofsbelydenis, wat woord-vir-woord opgesê word, gaan verby die kern. Elke gees wat nie Jesus bely nie, soos Johannes verduidelik, is nie van God nie. Dit is die gees van die Antichris. Hy wat 'n ander Jesus verkondig, verklaar dat hy geen kennis van God het nie, en ontken daardeur **dat Jahweh van die Ou Testament, Jesus van die Nuwe Testament is**. Wie dit ontken, sê God se Woord met goddelike outoriteit, het 'n slagoffer van die antichris se gees geword.

Wat Sy koms in die vlees betref, Sy menswording, het Paulus hierdie onderwerp selfs nog duideliker gemaak: *"God het ... deur Sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees"* (Rom. 8: 3b-4).

Aangesien die mens in hierdie liggaam in sonde geval het en sodoende aan die dood blootgestel is, moes die Verlosser natuurlik in die vorm van die sondige vlees kom. Die leerstelling dat Maria sonder sonde was, is dus antichristelik. Christus was heilig — sondeloos, vlekkeloos (IPet. 1:19). Hy moes egter in sondige vlees kom, om die gevalle skepping uit die sondige toestand te lig. Hy moes die vereiste van die wet wettiglik bevredig en die vloek wat ons getref het, op Hom neem (Gal. 3:13).

Daar is geen 'onbevleete ontvangenis' ("immaculate conception") van 'n geseënde Maria nie, want sy was deel van die gevalle skepping; Maria was net gebruik om die sondelose in die sondige te ontvang. Dit gaan dus oor die heilige, goddelike inhoud in 'n onheilige houer. Net so neem die mense wat in sonde gebore is, Christus aan. Hulle dra ook, as deel van die gevalle skepping, hierdie hemelse skat in aardse houers. Dit gaan nie oor die houer nie, maar oor die waardevolle inhoud. *"Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van (af) God mag wees en nie uit ons nie"* (IIKor. 4:7).

Wanneer 'n mens dus oppervlakkig sê, "Jesus is die Seun van God", en in die proses dink en glo wat hy wil, het hy nie die saak wat hier ter sprake is, verstaan nie. Selfs diegene wat ligsinnig sê: "Ek glo dat Jesus in die vlees gekom het", het geensins dit uitgespreek wat volgens die getuienis van die Heilige Skrif aan ons gelaat is nie. Hy self was sonder skuld, ja, sonder sonde; Satan het geen houvas op Hom gehad nie.



Maar Hy moes vir ons almal tot sonde gemaak word en die loon, naamlik die straf, die geregtigheid wat God vir die sonde vereis het, betaal. Daarom moes Hy na ons toe kom en in ons plek sterf, om ons te verlos en ons te bevry van die dood. "... want die loon van die sonde is die dood, maar die genade-gawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse HERE" (Rom. 6:23).

Daar is ook 'n tweede belangrike punt waarop die anti-Christelike leerstellings en rigtings erken word. In die tweede brief van Johannes, in vers 7, brei die apostel uit: "*Want baie verleiers het in die wêreld ingekom, die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris*". Dit is beduidend dat in die sogenaamde 'apostoliese geloofsbelydenis' niks van die liggaamlike terugkeer van Jesus Christus gevind word nie. Daarin is net te lees: "... waarvandaan Hy sal kom om te oordeel, die lewendes en die dooies". Die laaste oordeel het egter absoluut niks te doen met die Wederkoms van Jesus Christus nie.

Onmiddellik na die hemelvaart was aan die dissipels gesê: "*Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het*" (Hand. 1:11). Die opgestane Jesus Christus het 'n opstandingsliggaam gehad en kon eet en drink en volgens Johannes 20 vers 27 kon Thomas sy hand in die wonde sit. In hoofstuk 21 lees ons: "*En Jesus sê vir hulle: My kinders, het julle nie iets om te eet nie? ... En Jesus het gekom en die brood geneem en dit aan hulle gegee, en so ook die vis*" (verse 5 en 13).

Elkeen wat die Wederkoms van Jesus Christus vergeestelik, openbaar die antichris gees en propageer daarmee die anti-Christelike leerstellings. Volgens Johannes 14 het die HERE gegaan om vir diegene wat aan Hom behoort, plek voor te berei, en kom Hy weer terug om ons na Hom te neem. Dit sal dan vervul wat in IKorinthiërs 15, vanaf die 51<sup>ste</sup> vers, en in IThessalonisense 4, vanaf vers 13, sowel as elders geskryf is. Om God se plan van verlossing te verstaan, soos die profete en apostels dit gehad het, het verlore gegaan omdat daar deur die loop van die kerkgeskiedenis nie ware apostels, nog minder profete was, wat op 'n apostolies-profetiese manier en wyse die proklamasie kon voortsit nie. Die antichristelike onderrig bestaan daarin dat daar nie geglo word in die liggaamlike terugkeer van Jesus Christus, wat as die Bruidegom terugkom om Sy bruid te kom haal nie (Matthéus 25).

Daar word ook nie in die genoemde geloofsbelydenis gesê, dat by die eerste opstanding diegene wat in Christus ontslaap het, opgewek sal word tot onsterflikheid nie. Ook nie van diegene wat in Christus in die lewe oorbly, wat saam met hulle verander en weggevoer sal word, om die HERE in die lug te ontmoet nie (IKorinthiërs 15; IThessalonisense 4); selfs ook nie van die bruilofsmaal van die Lam (Openbaring 19) of van die duisendjarige heerskappy nie (Openbaring 20).

Dieselfde Jesus Christus wat na die hemel toe gegaan het, sal weer terugkom om Sy eie te kom haal, voor die groot verdrukking en voor die oordele op hierdie aarde uitgestort word. In elk geval gaan dit nie net om vrome lippediens nie, maar dit gaan om die werklike openbaring van Jesus Christus, onse HERE. Albei moet bybels wees: ons getuienis van Jesus Christus, die Seun van God en ook dat Hy die HERE is. Net so moet ons getuienis van Sy Eerste koms (IJohannes 4), ook met die van Sy Wederkoms (IIJohannes 7 — oorspronklike teks), ooreenstem.

## Hoofstuk 17.

# DIE MENS JESUS CHRISTUS

*"Dáár is die mens!",* het Pilatus gesê (Joh. 19:5). Regdeur die Heilige Skrif, vanaf Sy geboorte tot met Sy dood word die HERE heel duidelik as 'n mens beskryf, sodat sommige dit nie kan hanteer nie. Hy was soos elke ander mens wat in hierdie wêreld gebore is, toegedraai in doeke en was in 'n krip geplaas (Luk. 2:7). Hy het geëet en gedrink, het moeg geraak en geslaap, geween en gebid. Toe Hy sterwe, het Hy hardop uitgeroep: *"Vader, in u hande gee Ek my gees oor! En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit"* (Luk. 23:46). Verteenwoordigend van ons almal — omdat Hy in ons plek en as gevolg van ons skeiding van God af, dit alles moes beleef — het Hy uitgeroep: *"My God, my God, waarom het U My verlaat?"* (Matt. 27:46). Ons was diegene wat deur God verlaat was. Hy het ons plek ingeneem, ons skuld en sonde was op Hom gelê. God, die Gees, het Homself op daardie oomblik onttrek.

Die volgende oomblik egter, toe die spies in Sy sy gedruk word en die bloed vir ons vergifnis gevloei het, was die Woord vervul *"... dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het ..."* (IIKor. 5:19). Beide is waar: eerste die skeiding, toe die versoening.

Al hierdie was nodig as gevolg van die sondige mens. *"... Want God het — wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees — deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur ... die sonde veroordeel in die vlees"* (Rom. 8:3). Die manier wat hierdie sending gebeur het, word ook so berig: *"Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die **aanneming** tot **kinders** kan ontvang"* (Gal. 4: 4-5).

Die HERE het 'n dienskneg geword, *"... Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis"* (Fil. 2: 7-8). As dienskneg word Hy beskryf in verband met die doen van die wil van die HERE.

In die profeet Jesaja is die plan van verlossing baie duidelik in sy besonderhede getoon. Ook die term "Kneg" word daar gevind: "*Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my **Uitverkorene** in wie my siel 'n **welbehae** het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring*" (Jes. 42:1). In die Nuwe Testament, word dieselfde gedeelte in Matthéus 12, verse 17-21 weergee. Dit sê: "*sodat vervul sou word die woord wat gespreek is deur Jesaja, die profeet ...*". En dit het sy vervulling gevind.

In Matthéus 3 word aangegee hoe God se welgevalligheid op die man Jesus Christus gekom het: "*En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n **welbehae** het*" (verse 16-17). Die liggaam was sterflik, daarom moes die Gees oor Hom kom om die verandering van hierdie liggaam in onsterflikheid moontlik te maak. Terselfdertyd het die daarstelling van die bediening plaasgevind. So getuig Petrus in Handeling 10, vers 38.

In Matthéus 17, verse 2-5 word die transformasie van die mensdom in die godheid in gedagte gebring, en by die "**welbehae**" wat in hoofstuk 3, vers 17 uitgedruk word, word die "**luister na Hom!**" bygevoeg. Ware seuns en dogters van God luister na Hom, glo die evangelie van Jesus Christus, word bybels gedoop en ontvang dan die Heilige Gees op dieselfde manier as die Eersgeborene, waardeur hulle getuig dat God self daarin 'n welbehae het.

Die in-die-beeld-van-God-geskepe mens, het die vrye wil wat hy gehad het, gebruik om die verkeerde besluit te neem en sodoende verlore geraak. Aangesien God die mens 'faalbaar' geskepe het, moes God self die verantwoordelikheid vir hul redding oorneem. In die deur-Christus-in-die-lewe-gebragte nuwe skepping, rus daar op alle seuns en dogters van God, op dieselfde wyse, God se welbehae, soos dit met die Eersgeborene was. Hulle word uit die sondeval opgehef en in die goddelike staat geplaas. By die voltooiing van al die seuns en dogters van God word dan geopenbaar dat hulle ook die vrye wil gehad het, maar vrywilliglik op die wil van God besluit het, volgens die voorbeeld van die Eersgeborene: "*Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!*" (Luk. 22:42b) en: "*Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande*" (Ps. 40:9).

*"Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bese werke, het Hy nou versoen in die **liggaam van sy vlees** deur die dood, om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel" (Kol. 1: 21-22).*

*"Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het — dit is die duiwel — en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was" (Heb. 2: 14-15). Dit is die heerlike boodskap van die evangelie van Jesus Christus, onse HERE en Verlosser.*

In die Ou Testament is die verlossingsplan in die verskillende brandoffers, in die aanbidding en in simboliese voorstellings uitgebeeld. Die mens kon nie Sy teenwoordigheid betree terwyl hy van God geskei was nie. Hy het 'n versoeningsoffer nodig gehad, 'n bemiddelaar, 'n voorspraakmaker of 'n hoëpriester. Eers was daar individue, soos Abraham, wat deur die offer van sy seun Isak (Génesis 22), 'n verwysing was na die Messias, wie as die Seun van God, om ons ontwil moes sterf. Isak het die hout gedra, waarop hy later geoffer was. Christus het Sy kruis gedra, waarop die mense Hom toe gehang het. Tot met die uittog uit Egipte, het die HERE God die afstammeling van Abraham as die volk van Israel aangespreek. Sedert die tyd van hul verlossing en bevryding (Exodus 12), word Israel die gemeente genoem. Moses het in verskillende situasies as bemiddelaar en advokaat opgetree. Hy was die een, wat die Woord van God direk aan die volk van God oorgedra het. *"... hom het God as owerste en verlosser gestuur deur die hand van die Engel wat aan hom verskyn het in die doringbos"* (Hand. 7: 35-38).

Die Messias moes 'n profeet, bemiddelaar, advokaat, hoëpriester, ens., wees. Moses het opgetree in die Gees van Christus toe hy gebid het: *"Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het!"* (Ex. 32:32). Die volk van God het Hom na aan die hart gelê, daarom het Hy voorspraak vir hulle gemaak. Een keer per jaar het die hoëpriester die Allerheiligste ingegaan om vir homself en vir die volk versoening voor die aangesig van God te doen. Daar word van Christus gesê: *"Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie,*

*dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie ... met sy eie bloed, eenmaal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien". Hierdie ewig-geldige verlossing het moontlik geword omdat Christus "... Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het..." (Heb. 9: 11-14).*

Wat die voorspraakmaker betref, het Job Hom waarskynlik die beste beskryf. Alhoewel hy reeds uitgeroep het: *"... ek weet my Verlosser leef"* en hy oortuig was dat hy God sou sien (Job 19: 23-27), beklemtoon hy die behoefte aan 'n voorspraakmaker of bemiddelaar: *"Is daar dan vir hom 'n gesant, 'n tolk, een uit duisend, om die mens sy plig te kenne te gee; en is Hy hom genadig en sê: Verlos hom, dat hy in die kuil nie afdaal nie: Ek het 'n losprys gevind — dan word sy vlees fris van jeugdige krag, hy keer terug na die dae van sy jonkheid"* (Job 33:23). Dit gaan nie net oor 'n voorspraakmaker en die versoening nie, maar die verlossing van die ganse mens, in die siel, verstand en liggaam is ter sprake. By die eerste opstanding sal die verlostes eintlik teruggebring word na die bloei van hul jeug. Ons sal in 'n absolute perfekte toestand wees. Daar sal geen onvolmaaktes meer wees nie; geen babas of ou mense nie, maar almal sal sonder 'n spoor van sonde, siekte of veroudering vir ewig wees.

Job gaan voort om te skryf van 'n man wat besef het dat hy homself tot God kan wend: *"Hy bid tot God, en Hy het 'n welbehag in hom, sodat hy sy aangesig sien met gejuig: so vergeld Hy dan aan die mens sy geregtigheid"*. Dit is die perfekte geregtigheid wat aan ons van God in Christus geskenk is. Op so 'n persoon is die volgende belydenis van pas: *"Hy sing voor die mense en sê: Ek het gesondig en verdraai wat reg is, maar dit is my nie na verdienste vergeld nie. Hy het my siel verlos, dat dit nie in die kuil ingegaan het nie, en my lewe mag hom verlustig in die lig"* (Job 33. 26-28).

As Nuwe Testament gelowiges het ons ook 'n Hoëpriester nodig gehad: *"Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde"* (Heb. 4:15).

Ons nodig ook 'n bemiddelaar: *"Daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal ..."* (1Tim. 2: 5-6).

*"... soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word" (IKor. 15:22). "Die eerste mens was uit die aarde aards, **die tweede mens is die HERE uit die hemel**. Soos die aardse mens was, so is ook die aardse mense; en soos die hemelse mens is, so is ook die hemelse mense. En soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra" (IKor. 15: 47-49). Christus word hier vir ons aangebied as die hemelse mens. Hy word as die tweede Adam voor oë gestel in wie se beeld ons getransformeer word.*

Oral daar, waar ons Jesus langs God sien, word Hy aan ons as mens getoon, in 'n taak wat nodig is om die verlossing van die mensdom te verwesenlik. Ons sien Hom as die Seun van God, as Seun van die mens, as Seun van Dawid, as Koning en Profeet, as Hoëpriester, as Bemiddelaar, as Advokaat, as die Lam van God, as die Woord van God, as die Weg van God, as die Brood van God, ens, ens. Die 'Jesus only'-lering was net so min van getuig deur die profete en apostels as die lering van die 'drie-eenheid'. Dit gaan eenvoudig daarom, dat God die mense-kindere gelykvormig met 'n goddelike bedeling gemaak het, naamlik om van hulle seuns en dogters van God te maak. Daarom was Jesus Christus die **Eersgeborene** onder baie broeders (Rom. 8:29). Na Sy opstanding het Jesus aan Maria Magdalena gesê: *"Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na **My broeders** en sê vir hulle: Ek vaar op na My Vader en julle Vader, en My God en julle God"* (Joh. 20:17).

Soos die Seun van God deur God uit die Gees verwek is, so moet ook ons deur geestelike verwekking die wedergeboorte ervaar, wat die HERE Jesus as 'n *moet* vir toegang tot die koninkryk van God vereis: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie ... wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees"* (Joh. 3: 3+6). *"... Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof"* (I Joh. 5:4).

Alle Godsdienstige handeling is tevergeefs — dit is God se handeling wat geld, anders sal daar glad niks gebeur nie. Maar Hy kan net werk in diegene wat Sy optrede in die Seun vir hulle verlossing erken. *"... dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy baie kindere na die heerlijkheid wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak.*

*Want Hy wat heilig maak, sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit Een; om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie, wanneer Hy sê:*

*Ek sal u Naam aan my broeders verkondig, in die midde van die gemeente sal Ek U prys" (Heb. 2: 10-12; Ps. 22:23). Die opgestane Verlosser, wat die dissipels Sy broeders noem, word deur Thomas aangespreek as: "My HERE en my God!" (Joh. 20:28).*

Vir die seuns en dogters van God bly Jesus Christus as Voorspraakmaker by die Vader, tot aan die voleindiging: *"My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld" (IJoh. 2: 1-2). Dieselfde apostel skryf: "Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie. Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees" (IJoh. 3: 1-2).*

Die apostel Paulus praat van hierdie voleindiging: *"Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het (Ps. 110:1). Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy uitgesonder is wat alles aan Hom onderwerp het (Ps. 8:7). En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees" (IKor. 15: 25-28). Dit kan nie duideliker gesê word nie. Met die vervulling van die taak van die Seun, word al die seuns en dogters van God verander in Sy beeld, ewig volmaak, wanneer alle vyande vernietig en die dood opgehef sal word. Dan sal God weer alles in almal wees. In die ewigheid sal daar nie sprake van die Vader, die Seun en die Heilige Gees wees nie, soos daar in die ewigheid nie daarvan gepraat was nie, maar dit sal weer so wees soos dit was voor die aanbreek van tyd: God alles in almal. Amen.*



## Hoofstuk 18.

### DIE DOOP

Die Skrif gee ook volledig uitsluitel oor die bybelse doop. Die hele Christendom beoefen doping, maar daar het daarmee ongelukkig 'n ernstige afwyking plaasgevind. Daarom word die doop hier, soos dit aan die begin van die nuwe-testamentiese Gemeente beoefen was, volgens die Heilige Skrif uiteengesit. Dit sal moontlik skokkend wees vir lesers om te leer dat so baie mense wat uiterlik as diensknegte van God optree, hulself verkeerd handel. Maar dit is alom bekend dat formele- en onafhanklike kerke nie altyd erkenning gee aan die Bybel nie, maar aan dit wat geldig is in hul denominasies.

Onse HERE sê: *"Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word ..."* (Mark. 16:16). Die eerste vereiste vir die doop word deur die HERE self aangegee, naamlik, dat die dopeling moet glo. Soos in Romeine 10:17 gesê word, kom geloof uit die prediking, maar die prediking kom uit die Woord van God. Om hierdie rede was die sendingsopdrag gegee om die evangelie te verkondig en dat die gelowig-gewordenes dan gedoop moet word. Hierdie feit word in die eerste preek van Petrus en deur die gesamentlike apostoliese handeling bevestig: *"Die wat toe sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop"* (Hand. 2:41). Eerstens is dit belangrik, dat mense die prediking van die Woord moet hoor en dan hul persoonlike besluit maak vir Christus.

Die volgende voorbeeld maak dit duidelik dat persoonlike geloof 'n onafwendbare vereiste is vir die bybelse doop. Die evangelis Filippus het, deur die Gees van God gestuur, 'n Ethiopiese hofbeampte ontmoet. Dit was met die hofdienaar se terugreis vanaf Jerusalem, terwyl hy die profeet Jesaja lees. Filippus het toe die evangelie aan hom verkondig. Daarop het die man spontaan geantwoord: *"Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word?"*. Die man van God het geweet van die noodsaaklikheid van geloof toe hy die hofdienaar antwoord: *"As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is. En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop"* (Hand. 8: 36-38).

In die tyd van Johannes die Doper en van onse HERE en die apostels was daar slegs deur onderdompeling gedoop. Beide die dopelinge en die een wat doop, het afgeklim in die water in. Dit was dieselfde met die doop van Jesus Christus: *"En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim ..."* (Matt. 3:16a). 'n Dopeling, wat nie by die doop in die water ingaan nie, deur onderdompeling gedoop word en weer uit die water kom nie, is nie deur die doop van Christus óf die apostels — ook nie op die bybelse manier gedoop nie.

Die dissipels het hulle HERE en dit wat Hy aan hulle gesê het, baie goed verstaan: *"Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word ..."* (Mark. 16:16). In die Heilige Skrif en in die eerste eeue na Christus, is daar geen aanduiding dat 'n baba ooit gedoop was nie. Die Heilige Skrif ken geen peetouers nie en noem ook niks van 'n baba wat deur die doop, van die erfsonde bevry is en sonder dat hy bewus daarvan is, 'n kind van God gemaak is nie. Die woord 'erfsonde' is nie eens in die Bybel nie, en daar word ook nie vertel van 'n wedergeboorte wat deur die doop geskied nie. Diegene wat God se Woord as Waarheid aanvaar, is oortuig dat, aangaande sake van geloof, is die Heilige Skrif alleen gesaghebbend.

Soos gesien kan word uit Petrus se eerste preek en in al die ander gevalle gaan berou, (Rom. 2:4), wat tot bekering na Christus lei, die doop vooruit. 'n Baba weet nie waaroor dit gaan nie, het geen kennis van sonde nie en kan ook nie bekeer nie. Die besprinkeling of die watergieting op babas is — om korrek te wees — selfs geen doop nie. Die stelling: "In die plek van besnydenis, word die doop in die Nuwe Testament gebruik as die teken van die ou verbond", is nie van toepassing nie, want dit is glad nie 'n skriftelike verklaring nie.

Daar is teoloë wat 'n "agterdeur" soek om die "kinderdoop" te regverdig. Hulle verwys na Handeling 16, vers 33 en verklaar dat die tronkbewaarder van Philippi gedoop is met sy hele huis. Hipoteties beweer hulle dat daar waarskynlik kinders onder hulle was, wat egter glad nie in die berig bevestig word nie. Voordat die doop plaasgevind het, sê dit: *"En hulle het aan hom die woord van die HERE verkondig en aan almal wat in sy huis was"*. Dit handel hier natuurlik oor 'n huis waarin mense die Woord deur die prediking gehoor het, in God geglo het en gedoop is.

Ander regverdig die "kinderdoop" deur die woorde van die HERE: "*Laat die kinders na My toe kom ...*" (Mark. 10:14). Enigeen wat verder lees, sal oplet dat die HERE nie die kinders besprinkel het nie, maar in sy arms geneem en geseën het.

Dan is daar diegene wat die doop nie belangrik ag nie. Hulle verwys na die woorde van Paulus: "*Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig*" (IKor. 1:17). Hierdie vers hef inderdaad nie die sendingsopdrag, om die evangelie te preek en te doop, op nie. Paulus wys net daarop dat hy self hoofsaaklik toegewy was aan die verkondiging en lering en het die doop aan die ander broeders oorgelaat.

Die kerkhistorici het ook opgemerk dat gelowiges in die vroeë Christendom en in die eerste eeue slegs in die naam van Jesus Christus gedoop was en nie, soos sedert die geboorte van die Romeinse Kerk, in die formule: "In die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" nie —Dr. J. Herzog: ABRISS DER GESAMTEN KIRCHENGESCHICHTE ("Oorsig van die hele Kerkgeskiedenis"), vol 1, bl. 29; —K.D. Schmidt: GRUNDRISS DER KIRCHENGESCHICHTE ("Grondplan van die Kerkgeskiedenis"), bl. 73 en andere). Die doopbevel van Matthéüs 28 vers 19: "*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in **die Naam** van die Vader en die Seun en die Heilige Gees ...*", is korrek verstaan en uitgevoer deur die apostels, tot in die post-apostoliese era. Wie noukeurig lees, sal oplet dat dit nie 'n formule is nie, maar dat dit oor **die Naam** gaan. "*Doop hulle in **die Naam** van ...*". Daarom het hulle, ooreenkomstig die opdrag, gedoop in **die Naam** van die HERE Jesus Christus.

God het Homself as Vader, Seun en Heilige Gees geopenbaar. Dit het gebeur in die Nuwe Testament Verbondsnaam Jahshua (Jesus), waarin die kinders van die Nuwe Verbond gedoop moet word. God is ons Vader, dis hoekom ons bid: "*Onse Vader wat in die hemele is, laat **u Naam** geheilig word*", maar dit gaan oor **die naam** waarin gedoop moet word.

Die enkele apostoliese getuienis is oorweldigend en duidelik. Na die uitstorting van die Heilige Gees het die apostel Petrus die eerste preek gelewer en aan die wat daardeur geraak was, gesê: "*Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in **die Naam van Jesus Christus** tot vergewing van sondes*" (Hand. 2:38). Hier word die gelowiges,

by die stigting van die vroeë Gemeente direk toegewys wat hulle moet doen: om te bekeer en dat hulle gedoop moet word. Petrus het deur openbaring geweet wat die **Naam** was, en het dit dus uitgespreek. Daarmee is die apostoliese dooppraktyk van die begin af vasgestel.

In Samaria het Filippus die evangelie verkondig en die gelowig-gewordenes gedoop, soos getuig word: "... hulle was net gedoop **in die Naam van die HERE Jesus**" (Hand. 8:16). Omdat elke saak op die getuies van twee of drie bevestig word, wil ons sien op watter manier die apostel Paulus gedoop het: "En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop **in die Naam van die HERE Jesus**" (Hand. 19:5). Of dit in Jerusalem, Samaria of Éfese was, of dit Petrus, Filippus of Paulus was, al die dopinge was in **die Naam van die HERE Jesus Christus**. Die Heilige Gees kan net op dieselfde manier openbaar.

Vir 'n beter begrip moet die volgende voorbeeld genoem word: As 'n onderwyser 'n taak gee: "Hoeveel is drie maal drie", dan kan die studente nie antwoord "Drie maal drie is drie maal drie" nie. Hulle moet die antwoord gee, die resultaat, die uitwerking. Dit is onbegryplik, hoe byna die hele geestelikes die opdrag van Matthéüs 28:19 soos 'n magiese formule herhaal en toepas sonder om die resultaat, die uitwerking van die opdrag, te ken. Petrus, Paulus, al die apostels en manne van God het die resultaat in die eerste eeue, geken — die Naam.

Die dissipels het die sendingopdrag streng gevolg en dit honderd persent uitgevoer. In opdrag van hul Meester, het hulle in **die Naam van die HERE Jesus Christus** gedoop. Hulle wie nie so gedoop is nie, is nie gedoop in **die Naam** van die Vader, die Seun en die Heilige Gees nie. Die aanname dat Vader, Seun en Heilige Gees name is, wat byna alle teoloë verdedig, is verkeerd. Dit is die eienskappe van die spesiale goddelike openbaring in die Nuwe Testament. God heet nie "Vader" nie, Hy is Vader. God word nie "Seun" genoem nie, Hy is Seun. Hy is Gees, maar openbaar Homself in die verbondsnaam van Sy eie keuse.

Soos so dikwels, is die geheim verberg in **die Naam**. Dit moet bloot geopenbaar word. Die doop is glad nie onbelangrik nie, want dit word van onse HERE vereis, soos dit voorheen deur Johannes op Hom voltrek is en bevestig was deur God. Dit moet net reg gedoen wees. Daar is nie een geval in die Skrif waarin iemand gedoop sou gewees het in 'n driedelige formule nie.

Waarom die katolieke dooppraktyk deur die groot protestantse kerke en deur die verskillende onafhanklike kerke oorgeneem was, is eweneens ook onbegryplik. Wat elke bybel-gelowige Christen in gedagte moet hou, is die feit dat almal wat in die formule "... in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" gedoop is, eintlik daardeur volgens die Rooms-Katolieke Kerk gedoop is. Volgens die mening van die Jesuïet kardinaal, Augustinus Bea, moet ons die volle be-tekenis in gedagte hou: **"Volgens Bea, is die pous die 'vader van alle gelowiges', selfs ook van die geldig-gedoopte protestantse Christene; hulle nodig net om 'n liefdevolle terugkeer te maak na die Moederkerk"** —O. Markmann: *IRRTÜMER DER KATHOLISCHEN KIRCHE* ("Foute van die Katolieke Kerk"), bl. 22. Wat met die term "geldig gedoop", bedoel word, nodig glad nie verdere verduideliking nie. Die bybels-apostoliese doop in **die Naam van die HERE Jesus Christus** word deur die Roomse Kerk as kettery verwerp.

In "geestelike onkunde", keer protestantse- en onafhanklike kerke met elke formulier, onder die toesig van die Wêreldraad van Kerke en die Ekumenisme, na die moederskoot terug. Sommige sprinkel, ander stort die water oor hulle, en sommige dompel hulself drie keer met die bekende formule. Van Paulus word by sy bekering gesê, *"... en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop"* (Hand. 9:18). In die brief aan die Romeine brei hy uit oor wat gebeur: *"Of weet julle nie dat ons almal wat in **Christus Jesus** gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel"* (Rom. 6: 3-4).

As u die verbindings nader kyk, sal u vind dat dit nie net 'n eks-terne aksie is nie, maar die feit dat die mens vooraf 'n bekering deur boetedoening en berou ondervind, die vergifnis van sy sondes deur geloof in Jesus Christus en dan as gekruisigde gedood is met Christus, deur 'n enkele onderdompeling, simbolies saam met Hom begrawe word, om voortaan saam met Hom in 'n nuwe lewe te wandel. Die vernuwing en wedergeboorte gebeur nie deur die doop nie, maar soos geskrywe is: *"... nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees"* (Tit. 3:5). Die ware doop is net toepaslik op hernuwing en wedergebore.

Aan die Kolossense skryf die apostel in hoofstuk 2, die 12<sup>de</sup> vers: "... omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het". In die volgende hoofstuk sê die apostel: "As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo. ... Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God" (3: 1-3).

Die apostel Petrus beskryf die doop as "die bede van 'n goeie gewete met God" en skryf van die water, waarin die dopeling onderdompel word in vergelyke met Noag se Ark: "waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete — deur die opstanding van Jesus Christus" (IPet. 3:21).

Toe Petrus in die huis van Cornelius gepreek het, het hy met verwysing na Jesus gesê: "Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur **sy Naam** ontvang". Daarna word die vraag gestel: "Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie? En hy het beveel dat hulle gedoop moet word **in die Naam van die HERE**" (Hand. 10: 43, 47-48). Die mens ontvang die vergifnis van sondes deur geloof in die volbragte werk van verlossing. As bewys daarvan dat 'n mens Christus aanneem, moet hy hom dan **in die Naam van die HERE** laat doop. "Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed" (Gal. 3: 26-27).

Aan die gemeente in Efése skryf die apostel Paulus: "... een HERE, een geloof, een doop" (4:5). Vandag is daar baie geloofsrigtings met verskillende soorte doop en verskillende insigte oor die HERE. Die eenvormige en harmonieuse getuienis van die Skrif oor die bybelse doop, moet egter nie geïgnoreer word nie. Die leringe wat in die begin, in die vroeë Christendom bevestig was, is die geldige patroon solank as die Gemeente van die lewende God op aarde is. Die trinitariese dooppraktyk, wat by die stigting van die 'Reichskirche' (staatskerk) bekend gestel is en ook in die dwangkerstening gebruik was, is inderdaad onbybels. Daar is slegs een oorspronklike. Al die ander is vervalsings, al word Mattheüs 28 vers 19 daarby betrek. Die apostels het die sendingsopdrag verstaan en dit uitgevoer.

Maar met die formule "in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees", word in die Christelike Weste baie booshede gedoen, byvoorbeeld: Spiritisme word beoefen op mense en diere, ens. Die inswerings-gelofte om die Vrymesselaars-Tempel te betree, word ook in die trinitariese formule gedoen. Elke geestelike leier weet van die ellende waardeur mense met okkultiese dade verlei word. Wanneer gevra word, antwoord die betrokkenes dikwels: "Dit gebeur in die naam van God!", sonder om te besef dat dit niks anders as 'hocus-pocus' in die mees vrome raamwerk is nie. Mense word dus geplaas onder die magiese verrukking van Satan, sonder om dit te besef. Hierdie vrome onkunde roep die hemel toe. Dit kom uit die verkeerde begrip van God — die 'drie-eenheid' idee — en dit uit die misverstand van die doopdrag.

Hoe diep die tradisionele dooppraktyk ook in die hervormer Martin Luther gewortel was, is in sy eie vroeë bybelvertaling te lees. In plaas daarvan om die oorspronklike teks te weergee, skryf hy vryelik, soos dit huidiglik gebruik word: "... en doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees". In die oorspronklike dialek staan dit soos volg: "en to Onomati Mou", oftewel: "... en doop hulle **in My Naam** ..." — verwysing: Nestle-Aland se NOVUM TESTAMENTUM GRAECE ("Nuwe Testament in Grieks"). Daar is 'n wêreldse verskil vir hulle wat weet. Enigiemand kan in die naam van 'n maatskappy, 'n regering, ensovoorts, iets doen, maar met die doop gaan dit oor die bewuste doping van die verlose in die verlossingsnaam. Dit gaan oor 'n verbond met God alleen, wat gesluit word in die nuwe-testamentiese verbondsnaam, **Jesus**. Net soos 'n bruid die bruidegom se naam neem, so neem almal wat aan die Bruid van Christus behoort, die Naam van hul hemelse Bruidegom en bevestig op hul beurt die Verbond met Hom.

Petrus het gesê: "... En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander **naam** onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Hand. 4:12). Die belangrikheid van **die Naam van die HERE** moet, in hierdie konteks, getoon word uit die feit dat Petrus, in sy heel eerste preek, op Pinksterdag, die belofte van die profeet Joël uit die Ou Testament geneem het: "... **elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word**" (Joël 2:32; Hand. 2:21). Die profeet Joël het **Jahweh** bedoel.

Elkeen wat die *Jahweh* aanroep, sal gered word. Petrus kon net dieselfde *HERE* bedoel het, naamlik *Jahweh* wat Homself as die *Jahshua*-Verlosser geopenbaar het. Die doop in hierdie **geldige Naam**, vir die Nuwe Verbond, het groot betekenis en is vir ware gelowiges onvermydelik.

Dit sê nie "... die name" nie, wat grammaties korrek sou gewees het, indien "Vader", "Seun" en "Heilige Gees" behoorlike name was. Gelukkig is dit heeltemal duidelik in die enkelvoud geskryf: "*... en doop hulle in **die Naam** van die Vader en die Seun en die Heilige Gees*", wat volgens die getuienis van die apostels, **HERE Jesus Christus** is. Ongelukkig het die bybelse kennis daarvoor verlore gegaan, sodat byna die hele geestelikes die onbybelse tradisie vereer en verdedig. Een van die oorsake was dat die naam "*Jah-shua*", wat duidelik sê wie Hy was, naamlik *Jahweh*-Redder, verander was na "*Jesus*". So was Hy later eenvoudig, deur tradisie, met die naamlose drie "hoë titels" vervang.

As mense vandag, soos op Pinksterdag, vra wat hulle moet doen om gered te word, dan moet hulle dieselfde antwoord gegee word: "*Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die **Naam van Jesus Christus** tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang*" (Hand. 2:38). Niemand het die reg om die evangelie van *Jesus Christus* te verander nie. Bekende eksegete wys aan dat die bybelse doop, in die *Naam* van die *HERE Jesus Christus*, kettery is. Hier moet ons vra: Wat is die dwaallering nou eintlik, dit wat reg is of dit wat verkeerd is? Dit word aan die volwasse leser oorgelaat om self te besluit of hy/sy die *HERE* en die apostels wil glo en gehoorsaam, of hulle wie nie deur God ingestel is nie en daarom ook nie deur Hom gebruik word nie: "*So spreek die *HERE*: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel*" (Jer. 6:16).



## Hoofstuk 19.

### DIE NAGMAAL

Eerstens moet daar kortliks op die betekenis van die Pasga in die Ou Testament ingegaan word. Die instelling van die Nagmaal het gedurende die Pasga-viering plaasgevind. Die HERE het gesê: *"Gaan na die stad na 'n sekere iemand en sê vir hom: Die Meester laat weet: My tyd is naby. By jou sal Ek die pasga hou met my dissipels"* (Matt. 26:18). Dit was by hierdie maaltyd dat Judas sy hand in dieselfde skottel met die HERE ingestee het, toe Jesus gesê het: *"Hy wat saam met My sy hand in die skottel insteek, hy sal My verraai"* (vers 23).

Die evangelis Markus rapporteer oor die gebeure in detail: *"En terwyl hulle eet, neem Jesus brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle, en hulle het almal daaruit gedrink. En Hy sê vir hulle: Dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word"* (Mark. 14: 22-24). Daar is nouliks 'n teks in die hele Bybel, wat so verkeerd verstaan en verkeerd vertolk word as hierdie een oor die Nagmaal. Die bybelse gedeelte wat hierbo aangehaal word, bevat die bevestiging van die inwerking-treding van die Nuwe Verbond. Die bloed van die Nuwe Verbond was nie hier by die Pasga en Nagmaal nie, maar aan die kruis op Golgota gegiet. Terwyl hulle nog by die ete was, was die goddelike bloed nog in die Verlosser, glad nie in die nagmaalbeker nie. Ons moet, vanuit die oogpunt van die Ou Testament, na die betrokke gedeelte kyk om te sien in watter sin die Nagmaal en die nuwe-testamentiese Verbond daarmee verband hou.

Die HERE God het aan Moses al die verordeninge voorgelê. Hierdie een het hy neergeskryf en aan die volk meegedeel: *"En hy het die boek van die verbond geneem en dit voor die ore van die volk gelees. En hulle het gesê: Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen en daarna luister. Toe neem Moses die bloed en gooi dit uit op die volk en sê: Dit is die bloed van die verbond wat die HERE met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde"* (Ex. 24: 7-8).

Die mense van die ou verbond het redding, verlossing en bevryding ervaar vanuit slawerny, toe elke huis destyds volgens die goddelike verordening 'n lam moes slag, die voorbereide vleis moes eet en die bloed, vir hul beskerming, op die deurposte moes aanwend. Dit was 'n teken wat die doodsengel moes respekteer. In 'n huis, wat onder die beskerming van die bloed was, was hy nie toegelaat om die eersgeborene dood te maak nie.

In Exodus 12 verse 1-13 was die Pasgamaal ingestel: *"Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie"*. Al die eersgeborenes van die Israëliete was gespaar. Die bloed van die Lam het beskerming vanaf die dood gebied. Die verbond wat God met Sy volk gesluit het, was daarmee bekragtig. Vers 14 verwys na die pasga: *"En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van die HERE vier"*. 'n Herinnering aan die verlossing — die uittog en bewaring, wat God aan Sy volk gegee het.

Twee dinge is hier opvallend: eerstens, dat die gegote bloed vir Israel die verbond wettig gemaak en die lewens van die verlostes gered het; tweedens, dat die viering gebruik word om die verlossing en uittog te herdenk. Hierdie twee feite word ook in die Nagmaal in die Nuwe Testament bevestig.

Dit gaan daarom, dat die verlostes hulself bereid verklaar, om die hele Woord van God te gehoorsaam en te doen. Eers daarna het Moses hulle met die bloed besprinkel as sigbare teken dat hierdie verlostes gemeente onder die beskerming van die bloed staan. Israel sou die Pasgamaal as 'n gedenkdag vier.

In Lukas 22 sê onse HERE: *"Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly ... Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis"* (verse 15 en 19). By die Nagmaal dink die nuwe-testamentiese gelowiges aan die volbragte verlossing deur die bloed van die Nuwe Verbond, wat vir die volk van die Nuwe Verbond gestort is. Die HERE het dit simbolies daargestel waaroor dit gaan. Die brood wat Hy gebreek het, was vir die Pasga voorberei en dus sonder suurdeeg. Die wyn, wat Sy dissipels uit die beker gedrink het, was van die wingerdstok af. In Matthéüs het die

HERE gesê: *"Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die konink- ryk van my Vader"* (Matt. 26:29). So sigbaar soos die brood gebreek is, so sigbaar is die liggaam van Jesus geslaan, gemartel en gekruisig. So seker soos die wyn in die beker is, so seker het die bloed van die Lam van God gevloei ter vergifnis van ons sondes.

Die brood wat gebreek en geëet word, ly nie, maar in plaas daarvan het onse HERE alles in Sy vlees-liggaam op Hom geneem en vir die hele mensdom gely. Die wyn is nie verander of vergiet nie, dit was by die Nagmaal deur al die teenwoordiges gedrink. Dit was die heilige bloed van onse Verlosser wat gestort was, sodat Hy self as Hoëpriester *"met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring"* het (Heb. 9:12b). Volgende sê dit: *"... hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien"* (vers 14).

Niks word geskryf oor 'n verandering van die brood en die wyn nie. Wanneer die HERE die brood in Sy hande hou en sê: *"dit is my liggaam ..."*, dan is daar nie 'n klokkie-seremonie nodig om dit te transformeer nie. Wanneer die HERE sê, *"... dit is My bloed ..."*, dan hoef die wyn ook nie verander te word nie. Dit is dus duidelik dat Hy nie letterlik die vlees en die bloed van Sy aardse liggaam gegee het nie, dat dit net 'n simboliese voorstelling is.

Ook die aanname, dat Christus Homself elke keer opnuut vir die lewendes en selfs vir die dooies by die Nagmaal offer, en dat die offerbrood verander in die HERE God self (wat 'n verskriklike gedagte!), word natuurlik glad nie in die Skrif genoem nie. Dit staan in regstreekse teenstrydigheid met die leer van Christus, van wie gesê word: *"... maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het ... Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word ... Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae ... en aan hulle sondes en hulle ongeregthede sal Ek nooit meer dink nie. Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie"* (Heb. 10: 12-18).

Enigeen wat in hierdie hoofstuk verder lees, vind daarin die verlossingsgeskiedelike gedagte uitgedruk, dat deur die bloed van Jesus, die nuwe en lewende weg na die hemelse heiligdom gebaan is.

Wat gebeur het op Golgota, is eens en vir altyd gedoen, sodat almal die vergifnis van sondes en die ewige lewe, deur die geloof in Jesus Christus, kan ontvang. Die Bybel sê: *"En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid"* (Heb. 9: 27-28). Christus offer Homself nie 'n miljoen keer per dag op nie. Dit is onmoontlik en heeltemal onbybels.

Die katolieke terme "verandering deur konsekrasie" en "misoffer" is bedoel om te wys dat die brood en wyn in die eintlike liggaam en die eintlike bloed van Christus elke keer nuut verander en dan geoffer en geëet en gedrink word. As dit regtig die geval was, sou dit vreeslik wees, en nie net vir die vegetariërs nie! Maar dit is nie wat gebeur nie — dit word ook nie belowe nie. In die vroeë Christendom en in die eerste eeue was daar glad nie sulke bygeloof nie. Vreemd genoeg vind ons dat die priester slegs die offerbrood op die deelnemer se tong plaas, voor die altaar. Hy drink dan die wyn vir almal. Altaarklokkies, wierook, die uitroep: "sanctus, sanctus, sanctus ...", sowel as die neerkniel en die gepaardgaande aanbidding voor die altaar — dit alles is heeltemal vreemd aan die ware Gemeente van Jesus Christus.

Die vroeë Gemeente het die Nagmaal op eenvoudige wyse gevier. Hulle het dit "broodbreek" genoem, en dit het hier en daar in huise plaasgevind. *"En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die **gemeenskap** en in die breking van die brood en in die gebede"* (Hand. 2:42). Die uitvoering daarvan was baie belangrik vir die apostel Paulus in IKorinthiërs 10 & 11: *"Ek spreek soos met verstandige mense; oordeel self wat ek sê: die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die **gemeenskap** met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die **gemeenskap** met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood"* (10: 15-17). Wat 'n duidelike getuienis!

Selfs vandag vier 'n bybelse gemeente die Nagmaal soos dit in die vroeë Gemeente was; Die brood was handgebak van koringmeel, natuurlik sonder suurdeeg, volgens die aantal deelnemers. Die herder van 'n plaaslike gemeente lig die brood op voor die gemeente, dank God daarvoor en seën dit in die Naam van die HERE. Daarna word dit gebreek en deur die ouderlinge aangebied en almal neem 'n stukkie

gebreekte brood, want die hele gemeente bestaan uit baie lede en vorm die Liggaam van Christus. Die brood moet die eenheid van die liggaam, dws, die Gemeente wees, en die opbreek in klein stukkie, verteenwoordig die individuele ledemate, soos in vers 17 uitgedruk word. Gedurende die Nagmaal het die ware gelowiges, wat aan die liggaam van Christus behoort, 'n spesiale gemeenskap met die HERE wat vir ons gesterf het as die Lam van God. Nadat die brood omgegaan het, word die beker opgelig en geseën. Na die dankgebed, word dit ook aan almal gegee. Dit is, soos die apostel daarop gewys het, die beker van seën, seën die gemeenskap van gelowiges, bestaande uit die bloedgekoopte kudde, die wie saam met Christus gekruisig is en saam met Hom opgestaan is.

In hoofstuk 11 beklemtoon Paulus dat hy van die HERE ontvang het wat aan ons oorgelaat was: *"dat die HERE Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis"*. Baie belangrik hier, is dat nie net geskryf staan: "Dit is my liggaam" nie, maar *"dit is my liggaam vir julle ..."*. In daardie liggaam het Hy opgestaan en na die hemel gegaan. Om duidelikheid te het, moet na verskeie bybelgedeeltes gekyk word wat oor dieselfde onderwerp gaan. Dit gaan oor die goddelike lewe wat in die goddelike bloed op aarde was. *"In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense"* (Joh. 1:4). *"En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie"* (1Joh. 5: 11-12).

*"Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel. Daarom het Ek aan die kinders van Israel gesê: Niemand van julle mag bloed eet nie; ook die vreemdeling wat onder julle vertoef, mag geen bloed eet nie"* (Lev. 17: 11-12). Nie die bloed as 'n chemiese samestelling nie, maar die lewe van God wat daarin bestaan, moet nou deur al die verlostes, wat deur die bloed versoen is, ingegaan word. In figuurlike sin moet dit duidelik gemaak word: Elkeen wat in die gestorte bloed aandeel het, absorbeer die lewe wat daarin vervat is. Sedert God se lewe in Christus is, gaan dit oor die ewige lewe. Dit is die hoofgedagte van die Skrif, wat in die verkondiging en ook in die Nagmaal gekommunikeer word.

In die twaalfde vers word die genieting van bloed uitdruklik verbied, later ook in Handeling 15 vers 29. As die wyn in die beker werklik in bloed verander het, dan het die gelowiges doelbewus in stryd met die orde van God opgetree. Hier word ook 'n geestelike begrip benodig. Die Nagmaal gaan nie oor die transformasie van stowwe, wat slegs die sigbare simbole se goddelike betekenis en doel uitdruk nie, maar hier word baie duideliker aangevoer dat ons, deur geloof in die volbragte versoening en verlossing, die lewe van Christus in ons opneem.

Die Verlosser het gesê: *"Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee ... soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe"* (Joh. 6: 51+57).

Wat die sogenaamde 'verandering' betref, sou dit goed wees as almal eerste die wonderwerk wat Jesus te Kana in Galilea gedoen het, sou lees. Hy het water in wyn verander, waarvan die kwaliteit selfs die hoofdienaar verbaas het (Johannes 2). Die wyn wat uit water gemaak was, was selfs beter as die wyn wat vooraf geskink was. Die mense het nie water gedrink en hulself voorgedoen dat hulle wyn drink nie. Inteendeel, hulle het regte wyn gedrink. Tot vandag nog het niemand nog ooit gevind dat met die eet van die offerbrood, dit werklik in vleis verander nie. Dieselfde geld vir die wyn van die Nagmaal. Is dit nie maar net 'n raaiselagtige kultus nie?

Die brood simboliseer aan die een kant, die liggaam van Christus wat geoffer was, en aan die ander kant Sy liggaam, die Gemeente, soos uit IKorinthiërs 10 verse 15-17 duidelik sigbaar is. Die beklemtoning met die brood val op: *"... **doen dit tot my gedagtenis**. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; **doen dit**, so dikwels as julle daaruit drink, **tot my gedagtenis**"* (IKor. 11:25). Hy wat die brood eet, proe die brood, wie die wyn drink, proe die wyn. Dit is die suiwer waarheid. Die HERE het liggaamlik opgestaan en na die hemel gevaar. Niemand kan die aardse baksel in Sy liggaam verander nie. Soos reeds gesê, gaan die saak nie daaroor nie, maar oor die lewe van God wat ons in onself moet opneem. *"... Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders*

*van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo" (Joh. 1:12). Dit kan nie meer verstaanbaar en meer duidelik gesê word nie.*

Die wynebeker illustreer dat die Nuwe Verbond wat deur die bloed van die offerlam daargestel is, regsgeldig geword het. Dit is nie die brood en wyn wat verander moet word na Christus nie, maar die ou mens moet 'n nuwe een word, verander deur die krag van verlossing deur die Woord, Bloed en Gees van die HERE. Wie God so bybels ervaar, het dan die reg om aan die Nagmaal deel te neem. Hierdie gedenkmaal is bedoel om die daad van verlossing te onthou tot aan die einde van die tyd van genade. *"Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die HERE totdat Hy kom"* (IKor. 11:26). Let wel, dit sê nie, "so dikwels as julle hierdie vleis eet" nie, maar *"so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink ..."*. Slegs wat in die beker gegooi word, kan gedrink word. Die praktyk van die Roomse Kerk is buite die wil en die Woord van God. Die twis oor die terme "dit beteken" of "dit is", was glad nie nodig nie. Filosofie het nie plek hier nie. Ook hierdie onderwerp moet vanuit 'n goddelike oogpunt gesien, behandel en verstaan word.

## Hoofstuk 20.

### DIE SONDEVAL

In die Skrif word gebeurtenisse dikwels in beelde en gelykenisse beskryf, sonder dat die gebeurtenisse self die oppervlak bereik. God het dit so gedoen, dat die dieper verborgenhede van Sy Woord en Sy Verlossings-raadsbesluite deur die Gees alleen geopenbaar en aan die lig gebring kan word. Eers wanneer ons verstaan waarin die sondeval eintlik bestaan, word die betekenis en belangrikheid daarvan duidelik deur die gevolglike verlossing. Net aan die begrip om "in sonde te val", kan reeds geraai word wat gebeur het.

Die goddelike bestemming van die mens was om oor die hele aarde te regeer. Met die val het hy egter hierdie hoë posisie verloor. Deur die val van die mens, het die eerste mense ook onder die mag van satan gekom, wat verduidelik hoekom die prins van hierdie wêreld sedert daardie tyd die heerskappy oor die mense en die hele aarde uitoefen. Die vyand het die mensdom binne gekom deur die slang. Niemand kan sê hoe lank Adam en Eva in 'n ongesteurde gemeenskap met God gewoon het nie. Hulle het geen smarte, geen pyn, geen lyding en geen tranes geken nie; daar was geen siekte nie, geen dood nie. Hulle het die veiligheid in die paradys geniet en saam met die HERE God geleef, in salige harmonie. Hy het hulle in die koelte van die aand besoek; dit was hemel op aarde. So sal dit weer in die voleinding wees: *"Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God"* (Openb. 21:3b).

Die engelprins Lucifer, wat homself in die hemel opgehef het en toe uitgewerp was, het homself as vyand van God verklaar en sy werk van verwoesting op aarde voortgesit. Sy doel was om ook die God-geskapene mense van hul gemeenskap met die HERE te skei en hulle in die verderf en in die dood om te bring. Volgens Eségiël 28 verse 12-17, was hy reeds in die Tuin van Eden voor die sondeval. In genoemde teks het God deur die profeet direk met satan *in* die koning van Tirus gepraat. Die Skrifte getuig dat Satan beide mense sowel as diere in besit kan neem. Onse HERE het die bose geeste uitgedryf uit baie mense wat van duiwels besete was (Matt. 4:24). In Markus 5 vers 9 word



berig dat die bese een persoonlik deur die besetene gepraat het: *"En Hy vra hom: Wat is jou naam? En hy antwoord en sê: Legio is my naam, want ons is baie"*. Hierdie man was nie net beset van Satan nie, maar oorheers deur baie bese geeste.

In die tuin van Eden was daar baie bome, insluitende die Boom van die **Lewe** en die boom van **kennis**, maar die sondeval was werklik meer as oor die eet van 'n natuurlike vrug. Terloops, oor die eet van 'n appel is daar niks geskryf in Génesis 3 nie, maar net van die genieting van 'n vrug van die boom van kennis. Génesis 3 vers 7 sê: *"Toe gaan al twee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak"*. Daar het iets verskrikliks gebeur, wat gemaak het dat hulle die skaamte van hul naaktheid verberg het. Hulle het nie hul oë bedek nie en ook nie hul monde nie, maar hulle het hul onderlywe met tuisgemaakte voorskote bedek.

Die verslag uit die Tuin van Eden gaan oor "lus vir die oë", om "verlei te word", ens. Elke man en vrou sal weet wat se versoeking bestaan uit sensuele-, oog- en vleeslike begeertes. Ook die woorde: *"die slang het my bedrieg"*, moet opgemerk word. Die vrou van Pótifar, 'n hofdienaar van Farao, het gesien dat Josef *"skoon van gestalte en mooi van aansien"* was. *"Ná hierdie dinge het die vrou van sy heer haar oë na Josef opgeslaan en gesê: Kom hou gemeenskap met my"*. Later het sy gesê om hom te laster: *"hy het na my gekom om met my gemeenskap te hê"* —Génesis 39 verse 7 en 14. As 'n jongmeisie of 'n jongman verlei was, het dit so gegaan. Dit gaan beslis nie om "roomys eet", of om "milkshake" drink nie.

In Exodus 22 vers 16 word die term "verlei" aan ons in meer besonderhede uitgelê: *"As iemand 'n jongmeisie wat nie verloof is nie, verlei en met haar gemeenskap het..."*. Paulus het geweet wat in die tuin van Eden gebeur het, anders sou hy nie die volgende aangaande die gemeente bekommerd geskryf het nie: *"Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus"* (IIKor. 11:3). Die apostel skryf met verwysing na die sondeval: *"... En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom"* (ITim. 2:14).

Na die sondeval, direk na die daad gepleeg was, het die HERE God met Eva gepraat: *"Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar ..."* (Gén. 3:16). Dit verklaar wat eintlik gebeur het. Daar was nie gesê dat Eva met pyn sou eet nie, wat logies sou wees as sy met die mond gesondig het. Tot op datum het nog geen vrou kinders gekry deur vrugte te eet nie. Die HERE God het presies geweet wat gebeur het en hoe Hy moes straf. Daarom gee vroue regoor die wêreld, onder normale omstandighede, geboorte aan hul kinders met pyn en smarte, as herinnering aan die sondeval, soos die HERE gesê het.

Wie verdere opklaring soek oor die woorde: *"Die slang het my verlei\*, en ek het geëet"* (Gén. 3:13 — \*Nestle-Aland), moet in Spreuke 30, vers 20 lees: *"So is die weg van 'n vrou wat owerspel bedryf; sy eet en vee haar mond af en sê: Ek het geen sonde gedoen nie"*.

Die HERE God het die slang veroordeel: *"Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe"* (Gén. 3:14). In daardie tyd was die slang regop, anders sou die uitspraak *"... op jou buik moet jy seil ..."* geen betekenis gehad het nie. Baie belangrik is die volgende vers: *"En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt"*. Volgens die getuienis van die HERE God is hier van twee sade ter sprake: eerstens, die saad van die slang en tweedens, die saad van die vrou. In die hele Heilige Skrif beteken "saad" afstammeling.

Die duiwel self kan nie voortbring of skep nie, hy is 'n geslaglose, gevalle, geestes-wese. Daarom het hy die dier gebruik wat naaste aan die mens was en kon praat. Soos ons in Génesis 3 lees, het die slang met Eva 'n behoorlike gesprek gelei. Beide praat en antwoord; die hele redenasie word daar weergegee. Eers ná die vloek het die slang 'n reptiel geword en daardeur sy oorspronklike gestalte verloor.

Die gesprek in die Tuin van Eden het begin met die bekende vraag: *"Is dit ook so dat God gesê het ...?"*. Selfs vandag gebruik die duiwel dieselfde metode: Om twyfel te saai oor die Woord van God in mense gedagtes. Daarna het hy haar verstriek in argumente oor die Woord van God en het dit meesterlik verdraai. Uiteindelik het die groot leuen gevolg: *"Julle sal gewis nie sterwe nie; maar ... julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees"*. Dit het goed geklink, en Eva het daarvoor geval.

Wat is die nut daarvan dat die oë later "oopgaan", en, om "te weet wat goed en wat kwaad is", wanneer jy alreeds van God afgeskei is en aan die dood blootgestel is? Sedertdien kan elke persoon hul eie handeling beoordeel en weet wat goed is, en wat uit die bose is, ook dit wat leuns is en dit wat waar is, ens. Daarom word alle mense verantwoordelik gehou en sal by die laaste oordeel volgens hul werke geoordeel word.

In die Griekse Bybel word daar, in Génesis 3 vers 1, na die slang verwys in die manlike: "... *ho Ophis*", in Duits: "*der Schlang*". "En *hy* sê vir die vrou ...". In die Engelse vertaling: "... and *he* said unto the woman", ook in Frans: "*il* dit à la femme", asook in die Russies: "*i skasal smej shene*", en in Duits: "... *er* sprach zu dem Weibe ...". In ander tale word die slang ook as manlik beskryf. Die akkurate vertalers gee dit almal as manlik aan. Volgens die antieke Hebreeuse tradisie word die sondeval slegs aan 'n seksuele daad verbind. 'n Kommentator skryf: "... **die engel, die ruiter wat op die slang ry, het Eva ingegaan, en sy het swanger geword en het Kain gebaar**" — F. Braun: BLICK IN DIE WORT ("n Kyk in die Woord"), bl. 67.

Dit is bekend dat die menslike natuur, karakter en eienskappe, oorerflik is, wat lê in die chromosome. Die oorerwing gebeur by bevrugting, met die sel-samesmelting. So het die teen-God-opstandige, sondige natuur, die mensdom binnegedring deur Satan en die slang. Satan self, wat die mens, deur ongehoorsaamheid en oortreding tot die dood toe verdoem het, het die mag van die dood gehad, daarom moes die Verlosser in die vlees kom, "*sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het — dit is die duiwel — en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was*" (Heb. 2: 14b-15). Deur die dood te oorwin, het die opgestane HERE beide die sleutels van die dood en die hel verower (Openb. 1:18).

Die opdrag van God was: "*Wees vrugbaar en vermeerder*" (Gén. 1:28). Hy het die huwelik begin en die eerste paartjie saamgevoeg. Die tragedie lê in die breek van die eerste huwelik en in die katastrofiese, noodnottige vermenging. Alles moet opgepaar word, en volgens **hul soort** moet elke spesies vermeerder. Maar hier het 'n wese, 'n kruising, waarvoor Satan, deur die slang, verantwoordelik was — nie God nie — wat dus glad nie in die oorspronklike skepping gewees het nie.

Hy bedrieg en verlei Eva, en sy het haar later aan Adam gegee. God kon dit nie aanvaar nie omdat dit nie ooreenstem met Sy oorspronklike wil nie. Wat nie uit daardie oorspronklike wil van God voortspruit nie, kan ook nie aan Sy wil onderdanig wees nie.

Adam het skielik voor die feit gestaan dat sy geliefde Eva, wie uit hom geneem en aan hom in die eg toevertrou was, nie meer maagdelik was nie. Sy het haarself eers aan die slang gegee en daarna haar eerste verhouding met Adam gehad. Dit is hoe die val vanaf genade plaasgevind het. Van beide dade, wat in vinnige opvolging gebeur het, het daar een kind elk voortgekom: Kain en Abel.

Tot vandag toe word "tweelinge" gebore, wat vanaf twee verskillende vaders kom. Die twee bekendste gevalle was in Swede en Frankryk. In Stockholm het mev. Bjoerlen gelyktydig geboorte gegee aan 'n neger seuntjie en 'n blonde blouoog baba. Haar man het natuurlik geweier om vir die onderhoud van die neger seuntjie te betaal. By die verhoor het mev. Bjoerlen haar verhouding met 'n donkerkleurige man bely. Sy het op dieselfde dag seksuele omgang met haar man *en* haar minnaar gehad. In Marseille, Frankryk, het mev. Duvallé ook op dieselfde manier 'n wit en 'n swart kind in die wêreld gebring.

Diegene wat Génesis 3 vers 15 opmerkzaam lees, sal vind dat die HERE God net na die sondeval praat van die saad van die slang en van die saad van die vrou, dit is, van hul nageslagte. Van die begin af was daar twee natuurlike en twee geestelike linies.

Wat Kain betref, word hy nie in die geslagsregister van die Ou- óf van die Nuwe Testament, as die seun van Adam gelys nie. So word Adam ook nooit na verwys as Kain se vader nie. Hierin lê die rede waarom Eva "*stammoeder van alle lewendes*" genoem word (Gén. 3:20 —Nestle-Aland), maar Adam word nie die stamvader van "al die lewendes" genoem nie. As Kain werklik Adam se eersgeborene was, dan sou hy besondere aandag geniet het.

Wanneer Génesis 4 vers 1 verklaar dat Eva na die geboorte gesê het, "*Ek het 'n man verkry met die hulp van die HERE*", moet die feit voor oë gehou word dat daar destyds geen vroedvrou en geen dokters was nie. Die pyn was sterk; Adam het nie geweet hoe hy haar kon help nie.

So, sy het in haar barensnood aan die HERE uitgeskree. Reg in die tweede vers staan: "... Daarna het sy ook sy broer Abel gebaar".

Vir die apostel Johannes was dit wat in die tuin van Eden gebeur het, ook duidelik bekend, omdat hy skryf: "... nie soos Kain wat uit die Bose was ..." (IJoh. 3:12). Met die woord "Bose", wie se kind hierdie Kain duidelik was, kan dit tog onmoontlik Adam bedoel word. Johannes skryf aan die gelowiges: "... omdat julle die Bose oorwin het" (IJoh. 2: 13b+14b). Dit is ook weer Satan wat bedoel word in Openbaring 20 vers 2, as 'n draak, die ou slang en die duiwel. In die Heilige Skrif kan daar gelees word wie die bose is, naamlik die teenoorgestelde van God, wie alleen "goed" is. Die HERE se gebed sê: "*en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose*" (Matt. 6:13). Satan, die teëstander van God, is die Bose een, die oorsprong van alle anti-goddelike dinge.

Kain was vol afguns en jaloesie; Hy was die eerste menseslagter en moordenaar. Satan is van die begin af 'n moordenaar (Joh. 8:44). Hy het nie in die hemel vermoor nie, maar op die aarde. Dit is onmoontlik dat Kain van Adam afkomstig is, wie geskape was in die beeld van die heilige God; niks sleg kan uit God kom nie. Omdat Satan, deur die medewerking van die slang, direk in die mensegeslag gekom het en hulle in die verderf en die dood meegesleur het, was dit nodig dat God in die vlees moes kom om ons van die mag van Satan te verlos. Wanneer die verlostes hulle erfdeel ontvang soos oorspronklik beoog was, sal hulle die aarde weer besit en terugkeer na hul voorafbestemde posisie.

Henog was die sewende afstammeling van Adam (Judas, vers 14). Kain tel nie; Abel was vermoor en het dus geen nageslag gehad nie. Daarom gaan die geslagsregister oor na Set, en so is die Woord ook op hierdie punt volmaak: Adam, Set, Enos, Kenan, Mahaláleel, Jered, Henog (Gén. 5: 5-18; Luk. 3:37-38).

Soos met vroue se geboortepyne, so moes die besnydenis van die manne hulle aan die oorspronklike breuk en sondeval herinner. Toe God met Abraham en sy nageslag 'n verbond sluit, het Hy die besnydenis geëis en gesê: "*Dit is my verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word*" (Gén. 17:10). Die besnydenis was as 'n ewige verbonds-teken verklaar. Diegene wat hulle nie laat besny het nie,

moes uitgeroei word, omdat hulle die verbond verbreek het (verse 13-14). Toe Moses versuim om sy seun te besny wou die HERE hom doodmaak: *"Toe neem Sippóra 'n skerp klip en sny die voorhuid van haar seun af en gooi dit voor sy voete en sê: Waarlik, jy is vir my 'n bloedbruidegom!"* (Ex. 4:25).

In Matthéus 13 het die HERE duidelik en onmiskenbaar van die twee geestelike sade gepraat. *"En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens, en die saailand is die wêreld. Die goeie saad — dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose ..."* (Matt. 13: 37-38). Vir die koppige mense, wat deur die Bose oorheers word, het Jesus gesê: *"Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie"* (Joh. 8:44).

Die slang se saad was so werklik soos die saad van die vrou. Die saad van die slang was Kain, die saad van die vrou was Christus. Paulus neem hierdie idee op en skryf in Galásiërs 3 van die beloofde saad: *"... En aan jou saad, dit is Christus"* (vers 16). Hy is die saad, van wie die belofte gemaak is (vers 19). In die Ou Testament lees ons: *"... as sy siel 'n versoeningsoffer aangebied het, sal hy 'n nakroos sien"* (Jes. 53:10\*). Elke saad bring voort volgens sy soort. Dit is God se wet. Die woord vyandskap word ook hier verklaar: *"En Ek sal vyandskap stel ... tussen jou saad en haar saad ..."* (Gén. 3:15). Satan het met die hulp van die slang in die mensdom gekom om die goddelike verordening te vernietig. Daarom moes God, deur regenerasie, in die mensdom kom om die vyandskap, deur die dood, af te skaf (Efé. 2: 13-16). In Sy vleesliggaam het die HERE die verlossing volbring om 'n nuwe woning in die verlostes te kon inneem. Hy het hulle onder die invloed van Satan uitgepluk en hulle in die koninkryk van God geplaas. God het die hele magte van die teëstander verslaan en in Christus oor hulle getriomfeer (Kol. 2:15).

Omdat Satan menslike vlees en bloed ingedring het, moes God in menslike gestalte in die Seun vlees en bloed aanneem. Dit gaan oor onse lewe; vir die redding van ons siele is versoening en redding slegs moontlik deur die bloed van die lam van God. Daar was geen Joodse, maar goddelike, suiwer en heilige bloed in ons Verlosser, waarin die goddelike lewe was.

Die verskillende skedel- en skeletvorme is glad nie bewys van evolusie, soos die wetenskap ons daarvan wil oortuig nie, maar daar was verskeie spesies wat ook uiterlik van mekaar verskil het. Selfs die vlees was 'n "*... vreemde vlees ...*" (Jud. 7). In IKorinthiërs 15, vers 39 skryf Paulus: "*Alle vlees is nie dieselfde vlees nie, maar die vlees van mense is anders as die vlees van vee ...*".

Hier is die ontbrekende skakel in die geskiedenis van die mensdom, alom bekend met die term: "the missing link", wat die wetenskap vandag nog soek. Weens die verskillende skedel- en skeletvorme weet ons dat 'n vreemde spesie bestaan het. Omdat die navorsers nog geen antwoord het nie, soek hulle dit nog steeds. Sulke geheimenisse is wel te vinde, maar slegs in die geheimenisvolle boek — die Bybel.

Die een spesie het van die vermenging van die slang en Eva gekom: dit was die linie van Kain, wat met 'n dogter van Adam getrou het. Die ander was die nageslag van Adam en Eva — deur Set, wat met sy eie suster getrou het, want Adam en Eva het baie seuns en dogters gehad: "*En die dae van Adam, ná die geboorte van Set, was agthonderd jaar. En hy het seuns en dogters gehad*" (Gén. 5: 4-5). Later het nog 'n verdere spesie ontstaan, naamlik toe die twee linies self vermeng het. Die afstammeling van Kain — genaamd "mensekinders" in die Bybel — het nog 'n bietjie van Lucifer se aantreklikheid gehad. En die manne van die linie van Set, die "*... seuns van God*", het gesien "*... dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het*" (Gén. 6:2). As gevolg van hierdie kruising het God besluit om 'n einde te maak aan die menslike geslag, want die Messias moes, na die vlees, uit die suiwer linie voortkom. Sedert die sondvloed was daar net een linie wat teruggaan na Adam. Die huidige menslike ras op die ganse aarde, kom dus almal van die drie seuns van Noag: Sem, Gam en Jafet (Gén. 9: 18-19; Hand. 17:26).

Maar die twee geestelike linies sal egter daar wees tot aan die einde en in alle volke (Matt. 13:38). Die beoordeling daarvan word slegs aan die HERE God toegeken, omdat Hy alleen weet wie, hoe en wat almal is. Een ding kan egter vir die individue aanbeveel word vir selfondersoek: Wie die Woord van God uit die mond van die HERE gehoor het, dit glo en doen, kan verwek word uit die woordsaad en uit die Gees van God. Hulle wie innerlik vyandig is en ook daarteen spreek,

het waarskynlik niks in gemeen met die HERE nie. Dit is in elk geval afhangend van jou eie gedrag. Daar is nog genadetyd, en wie wil, kan tot die HERE bekeer, Hom glo en volg.

Satan het vanaf 'n baie hoë berg al die koninkryke van die wêreld, tesame met hul heerlikheid, aan onse HERE getoon, en vir Hom gesê: *"Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid"* (Matt. 4: 8-9). Ons Verlosser het geweet dat Hy Sy bloed vir onse verlossing hier op aarde sal vergiet, en almal diegene wie bestem is vir die ewige lewe sal koop daarmee. Daarom het Hy, as die oorspronklike eienaar, Satan afgemaak. Die psalmis het reeds gesê: *"Staan op, o God, oordeel die aarde! Want Ú het erfbesit van al die nasies"* (Ps. 82:8). Die apostel Paulus stel dit so: *"en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word"* (Rom. 8:17). Dit sal vervul word teen die einde van hierdie tydvak. Ons het die voorreg om in die tyd te leef waarin al die verborgenhede van die Skrif geopenbaar word. Daarby behoort ook dit wat in die tuin van Eden gebeur het.



## Hoofstuk 21.

### DIE REGVERDIGING

Die veroordeling van die mens het sy regverdiging nodig gemaak. Regverdiging is nie 'n vryspraak weens 'n gebrek aan bewyse nie. Dit beteken dat die beskuldigde hoegenaamd nie skuldig is nie en dat die aanklagte in onreg teen hom gehef is. Soos 'n persoon wat in die hof staan wat niks verkeerd gedoen het nie, net 'n aanklaer het verskyn wat niks kon doen nie, want niks het plaasgevind wat sy skuld kon bewys nie. Die klagte is teruggetrek, die aanklaer moes die lêers sluit — die saak in afgehandel.

Aan die een kant het die mens skuldig geword voor God, en daarom nodig Hy vergifnis. Regverdiging in die goddelike sin is die ander kant: God sien die man wie se sondes Hy in Christus vergewe het, asof Hy nooit gesondig het nie. Die gesegde lui: "Vergewe — maar nie vergeet nie!". Selfs as ons mekaar volkome in die hart vergewe, sal ons maar altyd herinner word aan die dinge wat gebeur het. By God is dit anders: Hy het die sondes vergewe en onthou dit nie meer nie. As God jou geregverdig het, het niemand die reg om dinge uit jou lewe op te bring nie. Hy wat dit doen, maak homself skuldig en stel die goddelike vergifnis en regverdiging vir homself kragteloos.

Omdat die mens sonder sy toedoen in hierdie sondige toestand gebore word, het God die verdoemingsoordeel, wat Hy regverdigheids-halwe deur Sy wet moes uitspreek, in die Seun op Homself geneem en deur Sy versoening, 'n volledige regverdiging van die mens gebring. *"Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede bring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom"* (Jes. 53:5).

In die brief aan die gemeente in Rome het Paulus die bybelse regverdiging in detail geleer en gewys hoe dit toegedeel en ervaar kan word. Met verwysing na die evangelie van Jesus Christus en die regverdiging wat daardeur volg, skryf Hy: *"WANT ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.*

*Want die **geregtigheid van God** word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die **regverdige** sal uit die geloof lewe"* (Rom. 1: 16-17).

God het ons nie net gered van die dood en van die vernietiging nie, Hy het die mens ten volle geregverdig en het aan hom sy goddelike geregtigheid teruggegee. Selfregverdiging deur werke, wat voortvloei uit selfgeregtigheid is nie meer nodig nie, want die geregtigheid van God het na ons gekom. 'n Mens se eie geregtigheid tel nie voor God nie en kan ons grootste hindernis wees. Dit is geskryf: *"... aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie"* (Rom. 3:20).

Deur die soewereine handeling van God word die mens uit die verlore staat, waarin hy veroordeel is, uitgehaal en in sy oorspronklike posisie voor God teruggeplaas. Dit is die kern van Jesus Christus se evangelie. God het ons nie net vergewe nie, Hy het ons geregverdig, selfs Sy eie geregtigheid gegee: *"... die **geregtigheid naamlik van God** deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo ... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste **geregverdig** deur die verlossing wat in Christus Jesus is"* (Rom. 3: 22-24).

Hier is daar geen plek vir jou eie werke wat tot selfgeregtigheid lei nie, hier moet ons plek maak vir die goddelike boodskap, die evangelie van Jesus Christus. Dit is inderdaad die blye en vrymakende boodskap van verlossing, wat oor die hele wêreld uitgebasaan moet word. Die mensdom word met God versoen. *"... om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en **regverdige** maak wie uit die geloof in Jesus is"* (Rom. 3:26). Nie die geloof in 'n stigter van 'n godsdienst of 'n denominasie nie, maar in Jesus; in Hom het God en die mensdom mekaar ontmoet en versoen geword en hierdie goddelike regverdiging bewerk. Vrome, godsdienstige werke tel nie: *"Ons neem dus aan dat die mens **geregverdig** word deur die geloof sonder die werke van die wet"* (Rom. 3:28).

Dit was duidelik dat Paulus so verontrus was deur die idee van regverdiging, dat hy hierdie onderwerp van alle kante deeglik ondersoek het. Vanaf hoofstuk 3 tot by hoofstuk 8 in Romeine, gee hy 'n uitgebreide inleiding tot God se plan van verlossing. Elkeen moet net in geloof aanvaar wat God gegee het, en Hom daarvoor dank. Enigeen

wat dit deur sy eie werke probeer doen, sal nooit die voltooide werk van God in die ware en volle betekenis daarvan kan sien nie. Ons eie optrede verhoed dat ons sien wat God werklik gedoen het. "... aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose **regverdig**, word sy geloof tot geregtigheid gereken" (Rom. 4:5).

Van Abraham word die belangrike les aangegee, dat die een wat deur God aangespreek word en die Woord van die belofte ontvang, glad nie kyk na homself en na die omstandighede rondom hom nie, maar uit die hart dit glo wat God gesê het. Hy sien dit reeds, alhoewel dit nog nie daar is nie en gee aan God die eer en leef in geloofsekerheid, in die vaste oortuiging dat God dit wat Hy belowe het, eintlik sal verwerklik.

In Romeine 5 gaan die apostel voort: "*Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse HERE Jesus Christus*" (vers 1). Hy wys dat ons deur geloof toegang tot ons huidige genade-toestand verkry het, dat ons kan roem in die hoop op die heerlikheid van God, selfs in nood en verdrukking. Dan kom hy terug na die kern van regverdiging: "*Veel meer dan sal ons, nou dat ons **geregverdig** is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn*" (vers 9). Daar word keer op keer beklemtoon waarom dit gaan: dat dit is nie 'n geloof in net enigiets is nie, maar geloof in die gekruisigde Jesus Christus en in die deur-Sy-kosbare-en-heilige-bloed-verwerkte verlossing.

Samevattend skryf die apostel: "*Daarom dan, net soos dit deur een misdad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot **regverdigmaking van die lewe**. Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot **regverdiges** gestel word*" (Rom. 5: 18-19). So seker soos ons aan die een kant besef dat die verdoemingsoordeel alle mense geraak het sedert Adam, so kan ons aan die ander kant glo, dat hierdie oordeel afgeskaf is, dat ons voor God volkome vergewe en ten volle **geregverdig** is.

Hoofstuk 6 wys dat ons saam met Christus tot die gelykheid van die dood en dus met hom gekruisig, begrawe en opgewek is met Hom tot 'n nuwe, goddelike lewe.

Romeine 7 toon die mens in al sy hulpeloosheid. Hy sien homself bedrieg deur die sonde en voel die hardheid van die goddelike wet. Slegs waar daar 'n wet is, kan daar oortreding wees. Sonder die wetgewing op Sinai, met al die voor- en nadele, sou die mensdom nie geweet het wat reg is nie. Die wet is gegee sodat die mens bewus van die oortreding daarvan kon word. Die regverdige regter het deur Sy wet veroordeel en, as Verlosser, genade en barmhartigheid gegee. "... *die barmhartigheid roem teen die oordeel*" (Jak. 2:13).

Die mens word bewus van sy gebondenheid, dat hy verslaafd is deur gewoontes, hartstogte, ens., bewus van die sielekreet: "*Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek ... in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie ... Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?*" (Rom. 7: 15-24). Elke mens, wanneer hy tot die HERE bekeer, moet deur hierdie innerlike proses gaan, want daarsonder is geen bekering moontlik nie.

Eers dan volg wat in hoofstuk 8 beskryf word as 'n beleefde, goddelike realiteit. Die mense wat deur hul geloof in Christus en in Sy volbragte verlossingswerk **geregverdig** is, kan uitroep: "*Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie*" (vers 1), omdat hulle vrede by God gevind en Sy rus ingegaan het.

Satan, die aanklaer van die broeders (Openb. 12:10), en diegene wat hulself aan hom beskikbaar stel, maak voortdurend nuwe aantuigings teen die gelowiges en die geregverdigdes. Paulus wys ook hier die feit: "*Wie sal beskuldiging bring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat **regverdig** maak. Wie is dit wat veroordeel?*" (vv. 33-34).

Die ware regverdiging moet beslis nie net gesien word as 'n behandelde leerstelling nie, dit moet 'n ervaarde ondervinding wees. Die regverdiging is die tweede deel van die vergewing. God moes die mens veroordeel omdat hy skuldig geword het. Die krag van verlossing, deur die bloed van die Lam, het die skuld gedelg. 'n Verdere aanklag kan nie gemaak word nie, al sou Satan ook aanhoudend probeer. Hy het dit met Martin Luther probeer, wie deur die sekerheid van geloof uitgeroep het: "Die regverdige sal deur die geloof lewe!".

Goddelike **regverdiging** kom alleen deur geloof in die volmaakte verlossing deur Jesus Christus.

Dit is met vergifnis, wat gekoppel is aan die lyding, sterfte en opstanding van Christus, met die regverdiging, en verbind met die lewe van God, dat die mens homself, deur bekering, na God heen wend. Dit is die einde van die eie lewe, en deur wedergeboorte die begin van die nuwe, goddelik ervaarde lewe. *"Hom ... wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons **regverdigmaking** ..."* (Rom. 4:25). So seker as wat Jesus gesterf het, word sonde vergewe, so sekerlik soos Hy opgestaan het, is ons eens en vir altyd geregverdig.

Die apostel Jakobus wys hoe die geloof van diegene wie in God geregverdig is, deur ooreenkomstige gehoorsaamheid en bypassende werke voltooiing vind: *"Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem"* (Jak. 2: 22-23).

Werke regverdig nie die mens nie. Dit is slegs 'n bestanddeel van die regverdiging deur geloof. Hy wat God glo, tree op volgens wat God beveel het. Abraham het geglo dat God sy seun Isak uit die dode sou opwek en was dus bereid om hom as 'n offerhande te offer soos hy beveel was. Uit hierdie geloofssig was gehoorsaamheid nie vir hom moeilik nie. Jakobus verwys nie na werke wat mense willekeurig doen in die sin om daarmee na God uit te reik nie, maar slegs na werke wat op die bevel en die Woord van God gedoen word. Wie regtig glo, doen wat God gesê het. *"Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel"* (Joh. 15:14). So haal die geloof asem en is dit lewendig.

Die persoon wat geregverdig is deur geloof in Jesus Christus, staan voor God asof hy nooit gesondig het nie. Hy word in die oorspronklike stand en in die ewige bestemming teruggeplaas en wag net vir die verandering van die liggaam en volmaaktheid. Wie werklik glo, sal deur hul lewe en dade, ook deur hul gehoorsaamheid, met blydschap bewys hoe Abraham dit gedoen het. In Hebreërs 12 word die verlostes as die volmaakte regverdiges getoon: *"Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tiendusende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die **volmaakte regverdiges**"* (vers 22-23).

## Hoofstuk 22.

### VERNUWING EN WEDERGEBOORTE

Die ervaring van God se regverdiging maak 'n einde aan die ou lewe, wat sonder God gelei was en begin dan die innerlike vernuwning. Alhoewel dit oor 'n enkele verlossingsdaad en een verlossing handel, vind die goddelike genadewerk plaas in die verskillende aspekte van ons lewens en word derhalwe deur verskillende begrippe uitgedruk.

Dit begin met die ontwaking: die God-geskeide man, wat geestelik dood was, word wakker geskud. Dit word deur die Gees van God onder die prediking van die evangelie gedoen. Tot dan toe is die mens eintlik geestelik dood sonder om dit te weet. Vir hom is die wêreld goed, hy sien nie dat iets verkeerd is nie.

Godsdienstig of nie, die mens verplaas elke gedagte van die hiernamaals, van 'n persoonlike verantwoording voor God en by die Laaste Oordeel. Diesulkes, wie daardie moontlikheid nie heeltemal uitsluit nie, oortuig tog hulself en andere: "Ek het niemand doodgemaak nie, het nie dit of dat gedoen nie, so dit sal nie so erg wees as daar iets opkom nie". Iets gaan eintlik opkom. Almal moet weet dat God nie 'n ou oupa, of 'n liewe oom is nie, by wie 'n mens met 'n paar mooi woorde guns kan wen nie. God is dan nie meer die liefdevolle Verlosser nie, maar die streng Regter. Hy is gebind aan Sy eie Woord en moet daarvolgens oordeel.

Net soos Hy nou gebind is aan Sy Woord en almal wat in Hom glo, vergewe en begenadig, verlos en geregverdig word, sal Hy ook almal wat Hom teëstaan, wat Hom weerspreek, en Sy verlossingsraad verwerp, regverdig oordeel. Selfs diegene wat op hul eie manier probeer, sonder om God regtig te vertrou, sal teleurgesteld wees. Eintlik is dit nie net om te glo nie, maar om God te glo — om dit te glo wat Hy in Sy verlossingsraad vir die mensdom vasgelê het. Wie God nie glo nie, maak Hom 'n leuenaar (IJoh. 5:10).

Allereers sien die natuurlike mens nie die geestelike dinge nie, ongeag van hoe godsdienstig hy mag wees. Dit begin met 'n herlewing, met die opwekking van die gewete vanuit 'n geestelike doodslaap. Met Petrus se vurige preek was die mense so innerlik geroer en

ontnugter, dat hulle uitgeroep het: "*Wat moet ons doen, broeders?*" (Hand. 2:37b).

Die gelowige luisteraars ervaar die verkondiging van die evangelie verskillend. Toe Petrus in die huis van Cornelius preek, het hy aan die byeenkoms binne 'n enkele preek vanaf bekering tot die doop van die Gees, alles op een tyd meegedeel (Hand. 10: 34-48). Die Gees van God kan net die verkondigde Woord laat werk volgens die innerlike ingesteldheid van die luisteraar en volgens hul geloofsverwachting in die gevolmagtigde prediking. Dit is goed dat daar geen patroon is wat uitgelê moet word nie. Die geloof wat regtig geldig en effektief is voor God kom uit die prediking — uit die boodskap van die volle evangelie. Alle ervarings, wat nodig is vir redding, kan ervaar word deur te luister. Die Gees van God begin om te werk deur selfondersoek, wat lei tot berou. Die mens voel pyn oor dinge wat hy nie reg gedoen het nie en vra God om vergifnis.

Die bewustheid van die sonde dring so diep in, dat 'n mens van die teenwoordigheid van die Heilige God bewus word: "*O HERE, ek het teen die hemel en voor U gesondig!*". Dan volg die restitusie. Diegene wie gesteel het, steel nie meer nie; wie gelieg het, lieg nie meer nie, ens. Dit is 'n werklike bekering tot Christus en 'n vernuwing vind plaas, wat uitvloei in die wedergeboorte. Die een wat dit so begryp, vra die HERE om hom alles te vergewe en bely dit wat hom belas en wat hom bedruk maak. Gedurende gebed gebeur iets buitengewoon, naamlik, die bonatuurlike werk van genade: skielik kom die sekerheid van saligheid en die vrede van God in die hart. 'n Man wat berou ondervind, weet op daardie oomblik dat dit geloof verg, wat in Jesus Christus is, wat salig maak. Dit is 'n ware belewenis, 'n innerlik-waarneembare proses, 'n direkte aksie van die Gees van God in gelowig-wordenes. Die Gees van God getuig dan aan sy gees dat hy 'n kind van God geword het (Rom. 8:16). Redding in Christus word vandag nog beleef; dit is tasbaar.

Wie homself waarlik in geloof tot God wend en sy hart vertroulik na Hom open, wie nie net sê: "Ek gaan maar net na die saak luister" nie, maar met die regte gesindheid kom en met die HERE begin praat, nadat hy deur die preek aangespreek voel, ervaar God vandag net soos dit in die vroeë Christendom was. Hy is geloofwaardig; Hom kan 'n mens werklik vertrou.

Dit is jammer dat, as gevolg van die baie geestelike strome, die een, smalle weg van die HERE en die gepaardgaande belewenis van Jesus, in 'n heeltemal verwronge beeld daargestel word.

Die gesprek met God moet kinderlik-gelowig wees, asof 'n brief beantwoord word. Ons wend onself na wat Hy aan ons geskryf het, want God praat met ons deur Sy Woord en in gebed praat ons met God. Hy maak aan ons Sy aanbod om Sy wil te weet. In gebed verwys ons na dit en sê dankie vir alles. So bereik die mens persoonlike gemeenskap met God.

In geloof en vertrouwe laat ons onself deur die Woord aanspreek en ondervind dat dit skielik heel persoonlik bedoel word soos met Nikodemus: *"Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie"* (Joh. 3:3). Die ervaring van die wedergeboorte is 'n goddelike moet om die koninkryk van God te betree. *"Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie"* (Joh. 3:7). Die ervaring van wedergeboorte het met die filosofie van reïnkarnasie — wat dikwels misleidend as wedergeboorte beskou word — absoluut niks te doen nie. By wedergeboorte, soos die Skrif leer, kom die mens nie in 'n ander vorm of gestalte terug nie, maar soos hy lewe in sy liggaam, word hy 'n gelowige. Hy neem God se Woord in en die Heilige Gees laat dan die verwekking geskied en in die siel van die mens word nuwe, goddelike lewe voortgebring.

*"Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het — nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwning deur die Heilige Gees wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser; sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe"* (Tit. 3: 4-7).

In Titus 2, vers 11, skryf die apostel: *"Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn"*. Die begenadigde mens erken dit wat tot sy verlossing strek en nodig is. In die briewe word die wedervaringe van diegene beskryf wat Christus vir die grootste deel gesien en ervaar het. Aangesien Hy gister, vandag en in ewigheid dieselfde is (Heb. 13:8), doen Hy ook so met almal wat na Hom toe kom. Wie die Woord van waarheid opneem, beleef dit wat daarin



belowe word. *"Volgens Sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eersteling van sy skepsele kan wees"* (Jak. 1:18).

Dieselfde gedagte druk die apostel Petrus uit, wat skryf: *"As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart; want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly"* (IPet. 1: 22-23). Wie persoonlike ervarings met God het, soos dit in die Skrif beskryf word, word deel van Sy Woord, Sy wil, en Sy verlossingsplan. Op hul beurt kan sulke mense alles wat geskryf staan, behoorlik plaas. Dit verg hierdie eenheid van die verlostes met die Verlosser, sodat ons kan sien, soos Hy sien en wil hê, wat Hy wil hê.

Met die ervaring van bekering, vernuwing en wedergeboorte, begin die navolging van Jesus Christus. Daartoe word die ganse mensdom uitgedaag. Wat die navolging behels, kan in baie bybelgedeeltes gevind word. Die HERE kom skielik eerste. Indien nodig, moet huis en erf, vrou of man, broers en susters, ouers of kinders, vriende ens., om die ontwil van God se koninkryk, agtergelaat word (Luk. 18: 29-30), dit is, indien slegs hierdie persoon en nie die res van die familie gelowig word, kan hy homself nie terug laat hou nie. Met die navolging word nie bedoel om by 'n klooster of by een of ander orde aan te sluit nie, maar om tuis te bly en jou professionele, daaglikse lewe na die wil van God en dienooreenkomstig Sy Woord in te rig. Om die breë weg te verlaat en die smal weg te volg, bring nagevolge vir elke persoon. Niemand kan twee meesters dien nie, niemand kan op twee weë gelyktydig wandel nie. Die besluit moet geneem word, en die lewe van 'n mens lê self getuienis af, van die weg waarop hy gaan.

Volgens die getuienis van die Skrif het die ervaring van vernuwing betrekking op die hart van die mens: *"Ek sal julle 'n nuwe hart gee"* (Esé. 36:26). Die innerlik-hernuwe man staan voor die groot taak om alles af te lê wat verbonde is aan die ou mens. Basies gesproke, lei alle ongelowige mense 'n dubbel lewe. Die mens is nie wat hy voorgee en hoe ander hom aanskou nie. Elke persoon het twee gesigte: aan een wys hy hoe hy homself wil wees en met die ander, soos hy werklik is. Ook op hierdie punt word ons op die duidelikste moontlike manier geleer: *"dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet*

*aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan ... en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid"* (Efé. 4: 22-24). In die daaropvolgende verse word 'n hele paar dinge gelys wat nie in die nuwe lewe behoort nie.

Nadat die gewete van die mens wakker word vanuit die geestelike dood, vermaan God se Gees hom van dinge wat nie reg is voor God nie. Dit is deel van die heiligmaking van die gelowige. *"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is"* (Rom. 12:2). Hy wat die voetspore van Jesus volg, dra nie die kruis op 'n halsnoer of op sy skouer nie, maar neem die skande van Christus, die gekruisigde, op homself en gaan op die smal weg wat lei tot die lewe (Matt. 16:24).

Paulus sluit sy brief aan die Galásiërs af: *"Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld"* (6:14). Slegs diegene wat aan hulself en van hierdie wêreld gesterf het, kan in hierdie wêreld met Christus leef. Al die ander bly in vrome begeertes en pogings, altyd met nuwe en goeie bedoelings, maar tot mislukking gedoem. Die verlostes vorm 'n ware God-welgevalle eerstelingskare.

Ongelukkig is daar ook in hierdie area 'n afwyking, wat met die bybelse begrip: *"om alle dinge te verloën en die HERE te volg"*, niks te doen het nie. In die vroeë Christendom en in die eerste eeue en by die ware gelowige te alle tye, selfs nou in die 20ste eeu, het diegene wat Christus ervaar het, gewoon net waar hulle was, soos van die gelowiges verwag word. Niemand het hulle onttrek en na 'n klooster gekeer nie, of hulself verdiep in vrome meditasies, wat op eie geregtigheid gegrond is nie. Die apostels en die gelowiges in die vroeë Christendom het 'n normale lewe gelei in alle opsigte, maar met Christus! Elkeen was by hul werkplek, in die familie, in die dorp of in die stad met Christus en was dus 'n lewende getuie van die ervaar genade. Die gelowig-gewordene, het die vermoë om deur die krag van God die wêreld te betree, en binne die perke van die Woord van God 'n normale lewe te lei. Dit sluit in die huwelik, beroep en alles wat die aardse reiking insluit. Dit gaan nie oor mense wat uit hierdie wêreld geneem word nie, maar die wêreldse wat uit mense geneem word.

## Hoofstuk 23.

### DIE HEILIGING

Soos Paulus, sal elke ware dienskneg van Christus graag die evangelie op so 'n manier verkondig dat dit alles deurdring tot 'n lewe wat vir God welgevallig is: *"om 'n dienaar van Jesus Christus onder die heidene te wees, 'n dienaar van die evangelie van God, sodat die offer van die heidene welgevallig kan wees, **geheilig** deur die Heilige Gees"* (Rom. 15:16).

Ook hierdie tema behoort tot die verkondiging van die volle evangelie. In Hebreërs 12 vers 14 word onomwonde gestel: *"Jaag die vrede na met almal, en die **heiligmaking** waarsonder niemand die HERE sal sien nie"*. Dit is 'n aangeleentheid wat ernstig opgeneem moet word. Aan die geregverdigde, die hernude en die wedergeborene, word hier gesê dat hulle nie na die HERE moet kyk sonder heiligmaking nie, dus: dat hulle geen deel aan die eerste opstanding, transformasie, wegraping en die bruilofsmaal van die Lam sal hê nie. Dit is tog juis die doelwit wat bereik moet word. Hulle wil Hom aanskou, want dan word hulle in Sy beeld verander (1Joh. 3: 2-3). Op daardie tydstip sal vervul word wat onse HERE in die bergrede gesê het: *"Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien"* (Matt. 5:8).

Die verlostes word tot 'n reiniging en heiligmaking deur die Woord en Gees van God uitgedaag, op grond van die beloftes wat God gemaak het en wie glo sien dat hulle dienooreenkomstig gerealiseer het. *"Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die **heiligmaking** in die vrees van God volbring"* (IIKor. 7:1). In die onmiddellike voorafgaande verse word gewys watter groep hier aangespreek word. Dit gaan oor mense wie onder God wandel, wie Hy Sy volk noem. Hulle is uitgeroep en van alles afgesonder wat nie van goddelike oorsprong is nie. Hulle luister na wat die HERE gesê het: *"... en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees"* (IIKor. 6: 16-18).

In die voorlaaste vers word twee gebiede aangespreek: die bevlekking van die vlees, dit is sondige oortredings deur die liggaam en sondige oortredings wat gees en siel bevlek. Volledige heiligmaking sluit die hele persoon in. Van Christus, wie die Gemeente innig liefgehad en Homself daarvoor gegee het, word gesê tot watter doel dit geskied: *"... om dit te **heilig**, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit **heilig** en sonder gebrek sou wees"* (Efé. 5: 26-27).

Sonder blaam, vlekkeloos en heilig, sal die verlostes hulle Verlosser sien. **Heiligmaking** handel oor die "waterbad in die Woord". Ook in hierdie geval is 'n goed-verstaanbare voorbeeld nodig: nie 'n besprinkeling nie, maar 'n volle bad, 'n onderdompeling in die ganse volheid van die Woord, wat Gees en Lewe is. Die hele mens, siel, gees en liggaam word binne die grense van die Woord geplaas, wat beteken dat die wil van God vreugdevol geleef word, en nie deur dwang nie. Hierdie waterbad in die Woord was alle onbybelse oorlewerings, elke nutte-lose tradisie, alle gewoontes, vergrype en gebondenheid af. Onse HERE het gesê: *"Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het"* (Joh. 15:3). Uit die woord herken die mens dit wat nie na God se wil is nie, en reël sy lewe ooreenkomstig.

Reiniging en heiliging deur Woord en Gees kan net daar gebeur waar die mens gereed is om te glo en die hele Woord te leef. Jesus, onse HERE, is nie net vir verlossing nie, maar ook vir geregtigheid en heiliging (IKor. 1:30). Kort daarna is die bevestiging: *"... Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die HERE roem"*. Selfglorie is hier heeltemal uitgesluit, want dit is nie wat ons kan doen wat tel nie, maar slegs wat Hy in ons gedoen het. Hom alleen kom toe die heerlikheid en die eer. *"Want ons is Sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel"* (Efé. 2:10). God het vir alles gesorg. Hy het selfs wat ons moet doen, dit wat Hy wil hê dat ons moet doen, voorsien vir ons. Al wat ons moet doen, is lewe en wandel daarin.

Jesus wys wat ware heiligmaking beteken, hoe dit gebeur en dat Hy dit alreeds voorsien het: *"**Heilig** hulle in u waarheid; u woord is die waarheid ... En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid **geheilig** kan wees"* (Joh. 17: 17-19). 'n Heiligmaking wat voor God

geldig is, is net moontlik in die Woord van waarheid wat heilig is. Elke eie menslike poging lei tot skynheiligheid.

In die Skrif was die term "heilig" aanvanklik alleen aan God verwant, want net Hy is Heilig. Verder is alles wat uit Hom kom ook heilig. Ook dit wat Hy as die Heilige vir Homself aanspraak op maak, is Heilig. So is Sy volk dus ook 'n heilige volk (Ex. 19:6). Sy priesters is heilig deur hul roeping en toewyding (Lev. 21). Op die voorhoof van die Hoëpriester was gegraveer "*HEILIG AAN DIE HERE*" (Ex. 28:36). Slegs in verbinding met Hom kan dinge en mense heilig wees, die wat Hy afgesonder het en vir Homself in diens gestel het.

Die profeet Jesaja het 'n magtige ervaring gehad. Hy het die HERE op die Troon gesien en die hemelse wesens gehoor roep: "*Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaare. Die hele aarde is van Sy heerlikheid vol!*" (6:3). Die apostel Johannes vertel soortgelyke dinge, toe hy die HERE op die troon gesien het: "*... en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!*" (Openb. 4:8). Die heilige en volmaakte God maak heilig en volmaak. Hy sonder mense af, roep hulle uit en laat as Redder die gereddes deelneem aan Homself. "*Want Hy wat heilig maak, sowel as hulle wat **geheil** word, is almal uit Een; om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie*" (Heb. 2:11).

Jesus Christus, die Verlosser, word die Heilige van God genoem omdat Hy uit die Heilige God gekom het. Die nuwe lewe, wat die mens van God ontvang, is inderdaad die lewe van Jesus Christus met al Sy heilige deugde en eienskappe. So geskied heiligmaking dus volgens die Woord van die Skrif: "*Wees heilig, want Ek is heilig*" (IPet. 1:16).

Paulus het altyd die gelowiges as heiliges en geliefdes gegroet: "*... aan die gemeente van God wat in Korinthe is, aan die **geheil**des in Christus Jesus, die geroepe **heiliges** ...*" (IKor. 1:2).

"*Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, aan die **heiliges** wat in Éfese is*" (Efé. 1:1).

"*Paulus en Timótheüs, diensknegte van Jesus Christus, aan al die **heiliges** in Christus Jesus wat in Filíppi is, saam met die opsieners en diakens*" (Fil. 1:1).

*"Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, **heiliges** en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid"* (Kol. 3:12).

God ken net volmaaktheid. God sien die verlose menigte as uitgeroep, geliefd, gereinig en geheilig deur Jesus Christus, as Sy heeltemal spesiale eiendom. Deur Sy Heilige Woord en deur Sy Heilige teenwoordigheid, is ons 'n aan-Hom-geheiligde volk. Die apostel Paulus praat van geestelik-bewerkte **heiligmaking**, in diegene wat vir die verlos-sing gekies is, deur in die waarheid te glo (IIThess. 2:13).

Diegene wat Jesus Christus nie ervaar het, soos Hy in die vroeë Christendom deur die gelowiges ervaar was nie, kan hulself onttrek en dink dat, deur hulle af te sonder kan hulle heilig word; sommige doen dit selfs met berou en selfontsegging, deur afstand te doen van wat die lewe bied, maar dit is alles nietig voor God! Net diegene wat Hy uitgeroep het, afgesonder en vergewe het en wat Hy deur die wedergeboorte Sy eiendom gemaak het, kan van Hom geheilig word. Slegs mense wat hulself volkome aan die HERE gewy het, word in gehoorsaamheid aan Hom en Sy Woord, van die goddelike waarheid deurdring en geheilig. Die bekeerde mens, wat op grond van hierdie hoë goddelike roeping bestem is vir 'n spesiale goddelike doel, neem nie meer deel aan die wêreldse genot nie, want daar staan geskrywe: *"... die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig"* (I Joh. 2:17). Hier verwys dit na alles wat deur God gebied en verbied word: die tien gebooie en al die ander voorskrifte wat betrekking het op die persoonlike lewe (Levitikus 19 tot 21), die berg-predikasie, die evangelies en die briewe. Die deur God geheiligde mens, dra die Woord in homself, om dit deur die genade van God te vervul en nie te oortree nie.

Tot sulkes rig Paulus die woorde: *"En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome **heilig** maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse HERE Jesus Christus! Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen"* (IIThess. 5: 23-24).

Die Heilige Skrifte ken glad nie die katolieke praktyk van saligen heiligspreking nie. Dit ken ook van geen dooie mense wat heiliges of selfs beskermheiliges genoem word nie. Dit is maar net 'n stre lende misleiding. Miljoene mense draai na sogenaamde heiliges wat nie

bestaan nie. Ons word beveel om ons direk tot God en nie tot mense te wend nie. Enigeen wat daarvoor lees, sal sien dat in die verre-oosterse godsdienste, (by)geloof in die voorvaders 'n baie groot rol speel. Net die salige en heilige God maak salig en heilig. Wie nie in hierdie lewe salig en heilig geword het nie, dit sal nie na die dood word nie. Selfs die gebede van die mense wat nog lewe sal niks help nie.

Petrus vermaan die gelowig-gewordenes, in die lig van die groot dag wat verwag word: *"Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? — julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas ..."* (IIPet. 3: 11-12).

Dit moet beklemtoon word dat dit nie die mens is wat iets bereik het om trots op te wees nie. Heiligmaking is aan ons 'n van-God-geskenkte toestand, wat ons najaag, aanneem en uitleef. Heiligmaking het moontlik geword soos verlossing deur die offer van Jesus Christus, want dit is wat God wou hê: *"Deur hierdie wil is ons **geheilig** deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal"* (Heb. 10:10).

## Hoofstuk 24.

### DIE DOPING MET DIE GEES

Diegene wat gelowig word, laat hulle bybels doop in water, deur onderdompeling, in die Naam van die HERE Jesus Christus. So bevestig die mens homself teenoor God, en aanvaar die Nuwe Verbond wat deur Hom ingestel is. Die antwoord wat God aan die gelowige gee, is dat hy met die Heilige Gees gedoop word. Dit is 'n bonatuurlike ervaring, wat die ware gelowiges ondergaan sedert daardie eerste Pinksterdag. Volumes kan oor hierdie onderwerp geskryf word. In hierdie daarlegging sal ons egter slegs in telegramstyl die belangrikste aspekte oor die werking van die Gees uiteen sit. In die eerste plek sal ons betragting doen oor die beloftes wat vooraf met betrekking tot die ontvangs van die Heilige Gees gegee was. Die profeet Joël het die Pinkster gebeurtenis in hoofstuk 2 beskryf.

Niemand het enige invloed op hierdie ervaring nie, dit is 'n bonatuurlike gebeurtenis, wat deur God aan die mens geskenk word. Daarom het Petrus gesê: *"... Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: En in **die laaste dae**, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom"* (Hand. 2: 16-17). Met die term die "laaste dae" word die laaste tweeduisend jaar bedoel, want 'n dag is by God soos 'n duisend jaar (IIPet. 3:8).

Hierdie ervaring is bonatuurlik en dus glad nie beïnvloed deur menslike vaardighede, toegewings en talente nie. Deur die uitstorting van die Heilige Gees, aan die een kant, word die nege geestelike gawes, soos beskryf in IKorinthiërs 12 verse 4-11, in die gemeente werksaam, en aan die ander kant bewerk dieselfde Heilige Gees die nege-voudige vrugte in die lewe van die individue, soos in Galásiërs 5, verse 22-23 gelys is. Waar die Gees van God werklik is, is daar geestelike gawes en geestelike vrugte. Daardeur word die lewe en aard van Jesus in die gelowiges geopenbaar. Ons kan nie hier ingaan op die besonderhede van die gebruik van die geestelike gawes nie; hulle dien egter presies soos die vyf bedieninge (Efé. 4:11; IKor. 12:28), vir die opbou van die Gemeente (IKorinthiërs 12 en 14).



In die Ou Testament het God belowe om Sy Gees op alle vlees uit te stort. In die Nuwe Testament was dit gesê dat dit Jesus Christus, die Seun van God is, wat sal doop met die Heilige Gees en met vuur (Matt. 3:11). Lukas lewer so verslag oor die aankondiging wat Johannes die Doper gemaak het: *"Ek doop julle wel met water, maar Hy kom wat sterker is as ek, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie — Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur"* (Luk. 3:16). Uit die kombinasie van die konsepte: "Doop met die Heilige Gees en met vuur", het die woord "geestesdoop" ontstaan, want dit gaan ook in die geestelike oor 'n "dompeling". Soos Johannes gedoop het in die water, so moet die gelowiges volkome gedoop word in die volheid van die Gees.

Die hele proses van verlossing is sentraal op Christus gebaseer; Hy is die middelpunt van die heilsgeskiedenis. In Hom het God die nuwe begin gemaak as die **Eersgeborene**, oor wie die Gees gekom het, sodat dieselfde Gees deur Hom op alle **eersgeborenes** uitgestort kan word: *"En toe die hele volk gedoop en Jesus ook gedoop is, en Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan; en die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal ..."* (Luk. 3: 21-22). Toe Jesus, die Seun van die mens, gebid het, het die hemele oopgegaan, en die Heilige Gees sigbaar geword, soos die Gees van God in Génesis 1 sigbaar op die waters gesweef het — nou in die gestalte van 'n duif. Die Gees van God het nie 'n gestalte nie, maar kan Homself in 'n gestalte openbaar.

In die simbool van die duif word iets geïllustreer, sowel as met die van die lam. Die Seun van God het nie die gestalte van 'n lam nie, Hy loop regop soos ons mense. Deur hierdie simbool word die goddelike betekenis van verlossing geïllustreer: die lam as 'n offerdier met die sagmoedigste wese onder die diere; die duif, wat Noag die ark uit laat gaan het, as die voël van die hemel, wat geen gal het nie en rein is. Daarom word die Gees van God gesimboliseer in 'n duif wat op die Lam van God neergedaal het. God kan Homself op verskillende maniere openbaar maar bly nog altyd dieselfde.

God is nie 'n ou man met 'n lang baard nie, selfs al sou Daniël Hom gesien het as 'n eerbare ou man wat in die oordeel sit (Dan. 7: 9-14). Omdat Hy nie onderhewig is aan die tydelike toestande nie, kan Hy nie verouder nie. Maar as dit daarom gaan dat Hy Homself as Regter wys,

wat Sy gesag en waardigheid bekend maak, dan openbaar Hy Homself soos Daniël Hom gesien het. In parallel kan 'n mens lees in Openbaring 1 en met groot verbasing vind dat die Seun van die mens, wat na die profeet Daniël as die Eerwaardige gryse gekom het, om die mag oor alle volkere en tale te ontvang (Daniël 7), in Openbaring beskryf word as hierdie gryse: *"... Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam"* (Openb. 1:14).

Die mate van veelvoudigheid waarin God Homself openbaar, is oorweldigend. Die Gees van God het gekom as 'n salwing en inspirasie oor die profete van die Ou Testament. Van Johannes die Doper word berig dat hy vanaf sy geboorte met die Heilige Gees gevul was (Luk. 1:15). Daar word van Símeon gesê dat die Heilige Gees op hom was (Luk. 2: 25-26). Van Sagaría word geskryf dat hy met die Heilige Gees vervul was (Luk. 1:67). Selfs voor die uitstorting van die Heilige Gees het die HERE Jesus aan die apostels wie Hy gekies het, Sy bevele deur die Heilige Gees gegee (Hand. 1:2).

Die Heilige Gees werk op baie maniere. Dit praat, openbaar, kondig aan, ens. Die deur-die-Gees-verwekte Seun van God, wie gelyktydig Seun van die mens was, het hier op aarde aan die begin van Sy bediening, die Heilige Gees ontvang, en toe aan almal wat uit God gebore is, wie van Hom verlos word, dieselfde Heilige Gees gegee, ook genoem die Gees van Seunskap (Rom. 8:15). Dáár was die aanstelling van die Seun van God in Sy bediening en hier die aanstelling van die seuns en dogters van God.

Die profete is gesalf, verlig, geïnspireer; maar hulle was soos al die ander mense deur natuurlike voortplanting in hierdie wêreld gebore. Die nuwe goddelike geslag wat met Jesus Christus begin het, is van hemelse oorsprong (IKor. 15:47). Ons is slegs gaste en vreemdelinge op aarde, ons huis is "daar in die hoogte". Op baie plekke het die profete geprofeteer van die koms van die Heilige Gees en die HERE Jesus het die koms van die Trooster, die Helper en Bystand, belowe: *"Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan ..."* (Joh. 15:26).

Die Niceaanse Geloofsbelydenis sê: **"... wat uit die Vader en die Seun uitgegaan het"** —F. Hauss: VÄTER DER CHRISTENHEIT ("Vaders van die Christendom"), bladsy 40. Maar die Woord van God getuig baie

duidelik: Soos die Seun, as die sigbare openbaring van God, soos Immanuel, uit God uitgegaan het, so gaan die Heilige Gees uit God uit. Vandaar is in beide gevalle dieselfde uitgangspunt: naamlik God as die Finale, as die Oorsprong. Die gebedsformule: "Ere aan God die Vader en die Seun en die Heilige Gees ...", is 'n onbybelse fabrikasie.

Daar is geen plek waar die Gees van God ooit aanbid was nie. Ook het die Seun geen eer aangeneem nie, maar het gesê: *"Eer neem Ek van die mense nie aan nie"* (Joh. 5:41). Op die versoek van 'n owerste: *"Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?"*, het Jesus as Seun van die mens, geantwoord: *"Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie behalwe een, naamlik God"* (Luk. 18: 18-19). In die laaste vers van die laaste hoofstuk van Romeine, bring Paulus die regte soort aanbidding in een sin tot die punt: *"aan die alleenwyse God, aan Hom die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen"*.

Wanneer die Gees van God begin werk in 'n mens, gebeur daar hoofsaaklik drie dinge. Dit word in Johannes 16, verse 7-11 genoem: *"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel"*.

Ook hierdie drie konsepte is nie aan menslike willekeur oorgelaat nie! So, wanneer die Gees kom, sal Hy die oë van die sondaar oopmaak *"van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is"*. Dit was die ongeloof van die eerste mense wat, deur ongehoorsaamheid, tot oortreding gelei het. Dit was die sonde van ongeloof — nie die baie sondes wat die gevolg van ongeloof is nie, maar die een sonde van ongeloof, wat die mens van God en van die ewige lewe weerhou. Twee skrifgedeeltes sal dit duidelik maak. Die HERE het gesê: *"Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; want as julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe"* (Joh. 8:24). En, *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie My woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie maar het oorgegaan uit die dood in die lewe"* (Joh. 5:24).

Wanneer die Gees van God op 'n man kom, begin Hy by die wortel: die ongeloof in God en Sy Woord. Die apostel Johannes het geskryf:

*"Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak"* (I Joh. 5:10). Die oomblik wanneer 'n mens God nie glo en wat Hy in Jesus Christus doen, nie aanvaar nie, verander hy God in 'n leuenaar en word die rolle omgekeer: Hy plaas homself aan die kant van die teëstander, gee hom reg en stel hom dus as die waarheid oor God, wie hy dan verkeerdelik in die posisie van 'n leuenaar plaas. God kan dit nie aanvaar nie.

Daarom oortuig die Heilige Gees eers die sondaar van die sonde van ongeloof en lei hom dan tot bekering en daarmee tot by die tweede stap, tot geregtigheid en regverdiging. Derdens kom hy tot die besef van die oordeel, dat die prins van hierdie wêreld geoordeel word. God het die oordeel oor Satan self gespreek. Volgens Johannes 12 was die stem van God gehoor soos 'n magtige donderslag met die oordeel oor Satan: *"En die skare wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag gewees het. Ander het gesê: 'n Engel het met Hom gespreek. Jesus antwoord en sê: Hierdie stem het nie om My ontwil gekom nie, maar om julle ontwil. Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word"* (verse 29-31). Satan, die oorsprong van alle sonde is reeds veroordeel; Dit is die slang wat se kop vermorsel is.

Op Pinksterdag is die gelowiges, wat voorheen deur die Woord van die waarheid geroep is, gesuiwer en geheilig, en gevul met die Heilige Gees. Almal kan self lees wat daar gebeur het. Dit was die hoogtepunt van die verloop van die Goddelike verlossing, dat die kruisiging, opstanding en hemelvaart, tot die uitstorting van die Gees gelei het. So het hierdie gebeurtenis werklik oor hulle wie daar was gekom: *"En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het"* (Hand. 2:2). Maar dit is nie hierdie hoorbare en waarneembare nie, maar dit wat op elkeen herhaal het, wat die belangrikste is: ***"Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit"*** (v.3). Daar word nie een keer berig, dat daar nog 'n gebrul en 'n magtige wind gewees het nie, maar elke keer as gelowiges gedoop word met die Gees en met vuur, daar was 'n soortgelyke uitwerking soos op Pinksterdag: *"... En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek"* (v.4).

Op Pinksterdag het 'n tweeledige bonatuurlike wonder geskied. Die een was dat die gelowiges in ander tale deur die Gees gepraat het, en die tweede, dat die veeltalige skare wat hulle daarheen gehaas het, hulle elk in hul eie taal gehoor het: *"en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galiléërs nie? En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?"* (Hand. 2: 7+8). Op die Pinksterdag was die gawe van interpretasie nog nie nodig nie. Die Gees van God het dit direk van die spreker aan die hoorder oorgedra. Die gawe van interpretasie word later genoem onder die nege geestelike gawes. Normaalweg is dit so gehandhaaf dat daar twee, hoogstens drie, een na die ander, in 'n gees-geïnspireerde taal praat, en 'n ander dan die interpretasie gegee (IKor. 14:27).

Die HERE het dit deur die profeet Jesaja al aangekondig: *"Ja, Hy sal deur lippe wat hakkell, en deur 'n vreemde tong met hierdie volk spreek, Hy wat aan hulle gesê het: Dit is die rus, (wat rus gee) aan die vermoeides, en dit is die verkwikking. Maar hulle wou nie luister nie"* (28: 11-12). Selfs wanneer die Heilige Gees direk op 'n bonatuurlike wyse deur mense met mense praat, word dikwels nie aanvaar nie. Op Pinksterdag was daar twee groepe onder die skare: *"En hulle was almal verbaas en radeloos en sê die een vir die ander: Wat kan dit tog wees? Maar ander het gespot en gesê: Hulle is vol soetwyn"* (Hand. 2: 12-13).

Petrus het hom nie laat ontmoedig daardeur nie. Hy het uitgevoer wat hy beveel was, en verduidelik dat wat daar gebeur het, volgens God se verlossingsplan was. In sy toespraak kom hy tot die hoogtepunt van hierdie ervaring deur te getuig: *"Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is. Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor"* (Hand. 2: 32-33). Dieselfde Gees van God, wat op die Seun van God gekom het, het nou op Pinksterdag op die eerste verlose seuns en dogters van God gekom, en sedertdien aan al die seuns en dogters van God, totdat die Bruidgemeente die voleinding daarvan vind en die tyd van genade tot 'n einde gekom het. Só het God dit in Sy verlossingsplan voorsien.

Van die ontelbare beloftes van die Skrif word slegs een as die "belofte van die Vader" uitgespreek. Aan die einde van die veertig dae, waarin die opgestane HERE Sy apostels lering oor die koninkryk van God gegee het, het Hy hulle ook beveel, nie net goeie raad gegee nie:

*"En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie".* Selfs die apostels het nog nie ten volle verstaan, dat dit nie meer net oor Israel nie, maar oor al die tale, volkere en nasies gaan, waaruit die HERE die mense uitroep, want: *"Die wat bymekaar gekom het, vra Hom toe en sê: HERE, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig? En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie".* In aanvulling tot Sy sendingsbevel het die opgestane HERE na hierdie woorde gesê: *"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde"* (Hand. 1: 1-8).

Die ontvangs van die Heilige Gees is terselfdertyd die toerusting van 'n bevoelmagtigde bediening — vir die proklamasie van die evangelie van Jesus Christus, wat oor die hele wêreld plaasvind. Ware getuies van Jesus Christus het Hom as die opgestane Een ervaar en word met die krag van die Heilige Gees vervul. Gelowiges het apostels geword en het daarna die ervaring van die geestesdoop gemaak. Dit was deel van die gelowig-wording. Toe Paulus 'n groep dissipels in Éfese vir die eerste keer ontmoet, het hy hulle direk gevra: *"Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?"* (Hand. 19:2).

Die fundamentaliste leer dat 'n mens outomaties die Heilige Gees ontvang deur in Jesus Christus te glo sonder om 'n ooreenstemmende ervaring te hê. Paulus vra egter hier baie duidelik of hierdie dissipels die Heilige Gees ontvang het, nadat hulle gelowig geword het. *"Hulle het hom geantwoord: "Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie. En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes. Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus. En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die HERE Jesus. En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer"* (Hand. 19: 1-6). So was die gelowiges gedoop in die water en met die Heilige Gees vervul.

Filippus het 'n kragtige herlewing in Samaria beleef. Toe kom die apostels Petrus en Johannes daarheen. *"Hulle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die HERE Jesus. Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang"* (Hand. 8:15). Evangeliste van die twintigste eeu hou gereeld groot veldtogte, inspireer die massas, versamel die groot gelde en dan is hulle weer weg. Hulle preek nie van die doop nie en skep self 'n emosionele atmosfeer, wat hulle die werking van die Gees noem.

Met Cornelius en Petrus het God op bo-natuurlike wyse op dieselfde tyd gewerk, toe die apostel na die huis van die God-vresende hoofman gebring was. Net toe Petrus die hoogtepunt van sy preek bereik, het die Heilige Gees op almal geval wat dit gehoor het. *"En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is. Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak. Toe het Petrus begin spreek: Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie?"* (Hand. 10:45). Dit bewys dat met die gelowig-gewordenes, die geestes- en waterdoop saam hoort, en dat die orde daarvan kan verskil.

Dit is die moeite werd om die hoogtepunt wat Petrus met die gemeente te Jerusalem aangaande hierdie gebeurtenis gedeel het, te beklemtoon: *"En toe ek begin spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin"* (Hand. 11:15). In alles wat die geloofslewe betref, moet ons teruggaan na die aanvang. Vandag word alle begrippe vaag en verskillend geïnterpreteer. Mense beroep hul op dieselfde stellings maar uiter dan iets heeltemal anders.

Daar is besondere kenmerke wat die werking van die Heilige Gees beskrywe. Hy is 'n Trooster, Hy is 'n Leraar, Hy lei in alle Waarheid. Die HERE het gesê: *"Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig"* (Joh. 16: 12-15).

Alles wat aan God behoort, is gekoop en betaal deur Christus en behoort aan Hom en alles wat aan Hom behoort, ontvang Sy Gees. Daarom staan dit geskryf: "... Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie" (Rom. 8:9). Die Gees van die Waarheid leer ons alles, wat in die Woord van God geskryf staan, openbaar hoe dit saamhang en gee insig in die direkte wil en verlossingsplan van God. Ware kinders van God word onder die direkte leiding van die Gees geplaas. "*Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God*" (Rom. 8:14). Die Gees van God lei altyd volgens die woord van God.

Ook met betrekking tot die eerste opstanding en verandering van die sterflike liggaam, is die krag van die Heilige Gees noodwendig. Daarsonder is daar geen verandering nie. "*En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon*" (Rom. 8:11). In die (duitse) volksmond word gesê: "As die woord 'as' nie was nie ...". Hier word die betekenis van hierdie woord vir ons duidelik: **As** die gees in ons woon, sal dit gebeur, soos geskrywe is. **As** Hy egter **nie** in ons woon nie, dan sal die sterflike liggame nie verander en lewend gemaak word nie. Die apostel Paulus brei hierdie gedagte verder uit in dieselfde hoofstuk: "*Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God ... in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam*" (Rom. 8: 19-23).

Vir die eerstelingskare is die Gees van God die eersteling-gawe, die seël — die versekering dat nie net die siel verlos word nie, maar dat die sterflike liggame by die Wederkoms van Jesus Christus verander word. Die Gees van God word ook as 'n seël of verseëling beskryf, ook genoem salwing. "*Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus en ons **gesalf** het, is God, wat ons ook **verseël** het en die Gees as onderpand in ons harte gegee het*" (IIKor. 1: 21-22). Jesus is die "Christus". Hy is die "Gesalfde van God" (Hand. 3: 19-21; Hand. 10:38).



Die woord "Christus" beteken op sigself "gesalfde". Dis hoekom diegene, wat die Heilige Gees ontvang het, "Christene" genoem word. Wie nie op 'n bybelse manier gesalf is met die Heilige Gees nie, moet daarom volgens die getuienis van die Skrif, nie hulself "Christene" noem nie.

Op alle gebiede is daar twee onderskeidelike sade, die oorspronklike en die namaaksels. Die HERE het nie teen valse Jesusse wat in die eindtyd sal verskyn gewaarsku nie, maar van "valse christusse", "vals-gesalfdes" en van "valse profete". Hy verwys daarmee na die antichristelike ontwikkeling — aan die een kant gesalf, aan die ander kant teen Christus, teen Sy Woord. *"Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei"* (Matt. 24:24). God giet Sy Gees uit soos 'n reën op alle vlees. Maar dit gaan nie net oor die reën nie, maar op die saad wat in die menslike hart is. *"... want Hy laat Sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges"* (Matt. 5:45). Daar is gesalfdes nou in die eindtye, wat nie in ooreenstemming met die Woord van God handel nie, net soos dit voorheen die geval was, in die eerste tydperk toe daar gesalfdes was, maar waarvan sommige vals was. *"Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie"* (I Joh. 2:19).

In Matthéüs 7, verse 21-23, beskryf die HERE hierdie groep wat in Sy naam groot dinge doen, maar nie hulself laat opneem in die verlossingsplan van God nie, Hom nie herken nie en dus ook nie deur Hom erken word nie. Verwys hierdie woorde miskien na vandag se tele-vangeliste, die karismatiese bewegings, die wonderwerkende evangeliste, wie almal in hul eie rigtings gaan, sonder om hulself aan die Woord van God te onderwerp en aan Christus as die hoof, onderdanig te stel, maar Sy naam na willekeur vir hul gewildheid gebruik?

*"Want die grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val, en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word, het deel aan die seën van God. Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking — die einde daarvan is verbranding"* (Heb. 6: 7+8).

Om jousef te beroep op 'n Pinkster-ervaring as sulks, is nog lank nie genoeg nie. Dit moet, wanneer dit gaan om die ware saad, dieselfde geestelike vrugte voortbring soos in die ware gelowiges in die begin. Jesus, ons HERE, het nie gesê dat hulle aan hul gawes herken sal word nie, maar: "*aan hulle vrugte sal julle hulle ken!*" Gawes word in albei groepe gevind; die ware vrugte van die Gees sal slegs gevind word in die ware, goddelike saad wat verseël word. Baie het 'n salwing; maar die verseëling het net die eersgeborenes, diegene wie deur die Gees in ooreenstemming met die Woord van God gebring word.

In die brief van die Efésiërs spreek Paulus die woord aan die ware gelowiges: "*in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, **verseël** is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlijkheid*" (Efé. 1: 13-14). Dit is regtig nie 'n godsdienstige daad, wat 'n predikant kan verrig nie, maar 'n bonatuurlike, direk van God afkomstige ervaring. Die apostel waarsku: "*En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle **verseël** is tot die dag van verlossing*" (Efé. 4:30).

## Hoofstuk 25.

### DIE UITVERKIESING — VOORUITBESTEMMING

"Uitverkies deur God" beteken eerstens: om vir 'n diens of vir 'n opdrag bestem en georden te wees. Die uitverkiesing was duidelik aan Abraham en aan die volk van Israel getoon: *"Maar jy, Israel, my kneg, Jakob, wat Ek **uitverkies** het, nageslag van Abraham, my vriend, jy, wat Ek gegryp het van die eindes van die aarde en van sy uithoeke geroep het, en Ek het aan jou gesê: Jy is my kneg; jou het Ek **uitverkies** en jou nie verwerp nie. Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand"* (Jes. 41: 8-10).

Soos dit gewoonweg met profete is, kon Jeremia ook van sy opdrag getuig: *"Die woord van die HERE het dan tot my gekom en gesê: Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou **geken**; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profet vir die nasies **bestem**"* (Hoofstuk 1: 4-5).

Uit die twaalf stamme, het God die stam van Levi tot priesterlike diens verkies: *"Want die HERE jou God het hom uit al jou stamme **uitverkies**, dat hy altyd kan staan om te dien in die Naam van die HERE, hy en sy seuns"* (Deut. 18:5).

Van al die seuns van Ísai het God Dawid **gekies** en vir hom koning gemaak oor sy mense (ISam. 16: 6-14).

Jesus het ook die apostels vir 'n spesiale bediening **gekies**: *"Julle het My nie **uitverkies** nie, maar Ek het julle **uitverkies** en julle aangestel om vrug te gaan dra"* (Joh. 15:16).

Met Ananias het die HERE gepraat in verband met die bekering van Saul: *"Gaan, want hy is vir My 'n **uitverkore** werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel"* (Hand. 9:15). Alhoewel sy bekering wesenlik eers baie later plaasgevind het, was Paulus reeds vanaf sy moederskoot afgesonder, soos dit met die profete die geval was: *"Maar toe dit God behaag het, wat my **afgesonder** het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het, om sy Seun in my te openbaar ..."* (Gal. 1:15).

In die algemeen is van toepassing wat Paulus aan die gemeente in Korinthe geskryf het: "wat dwaas is by die wêreld, het God **uitverkies** ... en wat swak is by die wêreld, het God **uitverkies** ... en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God **uitverkies** ... sodat geen vlees voor Hom sou roem nie" (IKor. 1: 26-29).

Vir 'n beter begrip, moet ander skrifgedeeltes ook geraadpleeg word, omdat die roeping en uitverkiesing, op twee verskillende groepe gelowiges betrekking het. Die uitverkorenes is ook geroep, maar die geroepenes is nie almal uitverkies nie. In die gelykenis van die bruilofsfees sê onse HERE in Matthéüs 22, vers 14: "*Want baie is geroep, maar min **uitverkies***". In elke kerkeu, vorm die uitverkorenes die oorwinnaars-skare wat alles geërf het volgens die beloftes in die sewe sendingsopdragte in Openbaring 2 en 3. Die geroepenes glo in Jesus Christus as hulle persoonlike Verlosser, maar laat hulself nie in die hele waarheid lei nie en dus ook nie in volmaakte ooreenstemming met die Woord van God nie. Hul name is in die boek van die lewe, en hulle sal by die Laaste Oordeel ewige lewe ontvang (Openb. 20: 11-15).

In Openbaring 17 word ons vertel van die Lam wat sal veg en wen, en van die oorwinnaarsskare wat die hoogste doel bereik, op wie al drie begrippe "geroep", "gekies" en "getrou" van toepassing is: "*... want Hy is die HERE van die here en die Koning van die konings — en die wat saam met Hom is, **geroepe** en **uitverkore** en **getrou***" (vers 14).

Beide, die Verlosser en die verlore eersteelingskare, word die uitverkorenes van God genoem: "*Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my **Uitverkorene** in wie my siel 'n **welbehae** het*" (Jes. 42:1). "*My kneg wat Ek uitverkies het ...*" (Jes. 43:10; Matt. 12:18). God se **welbehae** kom eers op die Uitverkorene, om dan deur Hom, op die uitverkorenes te kom (Matt. 3:17; Matt. 17:5). So was dit vervul wat by die geboorte van ons Verlosser aangekondig is: "*Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n **welbehae!***" (Luk. 2:14). Daar is mense op aarde op wie God se welbehae uitgenade rus.

Die uitverkiesing gaan hand in hand met die vooruitbestemming. Net soos daar net een uitverkiesing is, naamlik dit wat tot saligheid lei, is daar ook net een vooruitbestemming, dié tot saligheid. Die Seun,, wat ongeveer 2,000 jaar gelede gebore was, is uitverkies voor die grondlegging van die wêreld en dus verwys Hy terug na die heerlikheid van God wat Hy voor die grondlegging van die wêreld gehad het:

*"En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was" (Joh. 17:5).*

Die frase "voor die grondlegging van die wêreld" word baie dikwels geassosieer met die verlossingsplan. Die "voor die grondlegging van die wêreld" praat van die begin, toe die Logos uit die volheid van God gekom het en was dus "by God" (Joh. 1:1). In daardie tyd was al die seuns en dogters van God reeds volgens Sy ewige verlossingsplan in Christus uitverkies. Die verlostes sal met dieselfde heerlikheid, waarmee Hy verheerlik is, in Sy beeld verander word: *"Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle My heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld"* (Joh. 17:24).

Van die verlostes word dieselfde gesê. Dit geld ook vir hulle om voor die grondlegging van die wêreld uitverkies te wees: *"... soos Hy ons in Hom **uitverkies** het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons **voorbekik** het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil"* (Efé. 1: 4-5). God, wat ewig is, het Sy doeleinde voor die grondlegging van die wêreld bepaal en deur die loop van die tyd verwerklik Hy dit, tot dit in die ewigheid inloop.

Petrus wys na die onbevleete Lam van God *"wat wel **vooruit geken** is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil"* (IPet. 1:20). Selfs die verlostes, wat in Hom verordineer was, se name was reeds voor die grondlegging van die wêreld geskryf in die boek van die lewe van die geslagte Lam. *"En al die bewoners van die aarde sal hom (die antichris) aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie"* (Openb. 13:8).

In die Ou Testament het God Israel uitverkies as 'n volk tot Sy spesiale eiendom: *"... want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God, en jou het die HERE **uitverkies** om Sy eiendomsvolk te wees uit al die volke wat op die aarde is"* (Deut. 14:2). Vanuit die standpunt van die Nuwe Testament, ten opsigte van die Gemeente uit die nasies, skryf Paulus: *"Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande ter wille van julle; maar wat die **uitverkiesing** betref, bemindes ter wille van die vaders"* (Rom. 11:28).

Uitverkiesing en vooruitbestemming lei tot toewyding en die geestelik-verwerkte heiligmaking van diegene wat uitverkies en vooruitbestem is. Israel was nie van self afgesonder en in hulself heilig nie, maar het deur goddelike afsondering 'n toegewyde en heilige volk geword. "... sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees" (Ex. 19: 5b-6). Aan die gelowiges in die Nuwe Testament skryf die apostel Petrus: "Maar julle is 'n **uitverkore** geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry" (IPet. 2:9).

Die apostel Paulus hou die uitverkiesing en vooruitbestemming in die volgende verse voor oë: "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na Sy voorneme **geroep** is. Want die wat Hy vantevore **geken** het, dié het Hy ook vantevore **verordineer** om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; en die wat Hy vantevore **verordineer** het, dié het Hy ook **geroep**; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook **geregverdig**; en die wat Hy **geregverdig** het, dié het Hy ook verheerlik" (Rom. 8: 28-30).

God het waarlik niks in die mense gesien waaraan Hy geheg kon word nie, want daar was niks in hulle wat Hy kon gesien het nie. Heil en die redding kom net van God af. Hy het die mensdom in Christus gesien; in Hom het die verlostes op Sy "Ja" gevolg — hul aanneming, en in Hom het ook die "Amen" gebeur — die plasing in die seunskap. Die skriftelike getuienis is duidelik en oorweldigend. Hy het Sy eie vooraf gesien en bestem tot die ewige lewe. Die Alwetende kan albei terselfdertyd doen: uitverkiesing en vooruitbestemming. "En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die HERE geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe" (Hand. 13:48).

Uitverkiesing is nie na willekeur nie. God maak Sy wil onmiskenbaar bekend, maar dwing dit nie af op enigiemand nie. Sy verklaarde voorneme is: "... wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom" (ITim. 2:4). Maar omdat God alwetend was, het Hy geweet wie verlossing sal aanvaar en wie dit sal verwerp. Wie nie uit God kom nie, bly ver van Hom af weg. Wie nie hulself deur Hom laat red nie, bly verlore. Daarom kon Hy diegene wat Hom sou glo,

vooraf ken, voor die grondlegging van die wêreld, en tot verlossing bestem.

Baie dikwels word dit misverstaan, wat uit die Ou Testament deur Paulus aangehaal word in Romeine 9: *"Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm ... So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil"* (verse 15+18). Diegene wat na Hom kom, is hulle wat genade by Hom vind. Slegs wie na Hom toe kom, kan Sy barmhartigheid en liefde ervaar. Die volgende vers betrek hulle: *"So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is"* (Rom. 9:16). Maar elkeen wat nie na God kom nie, kan Hy nie begenadig nie. Wie nie na Hom kom nie en eerder hulle harte verhard, sal God halsstarrig maak en hul harte heeltemal verhard. God het nie Sy oorspronklike voornemens laat vaar nie, intendeel: Hy verwerklik dit aan diegene wat na Hom kom en Hom glo. Wat verder geskryf is van die toorn van God en van die voorwerpe van grimmigheid, wat tot vernietiging bestem is, het betrekking op die ongelowiges wat niks met God te doen wil wees nie, op wie die toorn van God bly, alhoewel dit eintlik in Christus van ons weggeenem is. Daar is mense wat die goddelike vryspraak weier en dus onder die veroordeling bly. Die toorn van God bly op hulle wie nie tot Christus kom nie, omdat hulle nie die volbragte werk van verlossing aanvaar nie.

Lucifer het uit sy vrye wil in opstand teen God gekom en sal, met hulle wat hom aanhang, nooit homself aan God se plan onderwerp nie. Net so is daar mense wie hulself nooit in die plan van God sal laat insluit nie. Vergifnis en genade, sowel as totale verlossing, kan alleenlik deur God verwesenlik word, waar mense, in die geloof, die volbragte versoening aanvaar as 'n geskenk wat in Christus, in ons plek, bewerk is.

Ons word daarop gewys dat *"... die reddende genade van God het aan alle mense verskyn"* (Tit. 2:11). Die HERE roep almal toe: *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is"* (Matt. 11:28). Maar nie almal kom na Hom toe nie. Hulle luister nie na Sy oproep nie. Selfs onder die vromes, hulle wie die Woord deursoek, is daar diegene wat hul eie motiewe najaag en nie die persoonlike gemeenskap met hulle HERE en Verlosser binnedring nie. *"Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig.*

*En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie"* (Joh. 5: 39-40). Alle navorsing in die Skrif, die hele studie van teologie, is van geen nut nie, tensy elkeen werklik na die HERE kom en die ewige lewe ontvang. Die HERE sê: *"As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!"* (Joh. 7:37). Die meeste kom nie, want hulle is nie dors nie.

Die *"verhard wie Hy wil"* in Romeine 9:18 is uit verpligting bestem omdat God nie kan optree teen die wil van 'n mens nie. God kan nie wil dat mense verlore gaan nie want Hy wil hê dat almal gehelp en gered moet word, omdat Hy die Redder is. Maar as die mens nie wil dat God se wil geskied nie, dan wil God dat die mens se wil geskied. God het die volk met hierdie vrye wil toegerus aan die begin. Hy het hulle nie gedwing nie, en nie as masjiene of as poppe geskep nie; dit is hulle reg om te kies tussen lewe en dood, tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid.

Die God-geskeide mens dring aan op sy selfbeskikking, totdat Hy die goddelike beskikking erken en aanvaar. Hy dring ook aan op sy selfverwesenliking totdat hy deel word van die verwesenlikte plan van God. Hy wil onafhanklik wees en nie ondergeskik wees nie. In sy soeke na sy eie vryheid is hy in die selfverkose verderf gedompel. In die losmaking vanaf God het hy gebonde geword aan die teëstanders van God. Daarom is die bevryding nodig. Ons Verlosser is gestuur om aan die gevangenes hul vrylating te verkondig (Luk. 4:18).

Soos dit met die geloofsvader Abraham was, wat ons as voorbeeld gegee word, is dit met almal wat die Woord van God hoor, dit glo en doen. Hulle gee God die reg, staan aan Sy kant en bevestig die Verbond wat Hy met ons gesluit het. Die uitverkorenes glo God in alles — wat Hy sê, doen hulle; hulle doen wat Hy beveel het en gehoorsaam Sy opdragte. In hulle stem die Woord, die geloof en die werke ooreen. Die uitverkorenes stel hulle eie wil onder die wil van God, hulle bid opreg: *"... laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde"* (Matt. 6:10). Hulle het nie hul eie wil nie, hulle wil eenvoudig hê wat God wil hê. Hulle is soos die Seun van God 'n direkte verwesenliking van die vlees-gewordene Woord omdat hulle deur wedergeboorte deel van God geword het. Aan sulke mense rig Petrus die vermaning: *"Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie"* (IIPet. 1:10).



Soos die apostel Petrus daarop wys, word Christus ook aan ons voorgehou as die uitverkore Steen, wat vir sommige die hoeksteen is en vir andere, 'n steen-des-aanstoots en 'n rots van struikeling is. Wie tot die uitverkore geslag en die koninklike priesterdom behoort, sal Christus in geloof sien as die Hoeksteen en die Hoofsteen. Wie aan Hom aanstoot neem en kwaad word vir Hom, is in ongehoorsaamheid teenoor die Woord (IPet. 2: 3-10).

Geestelike ervaring leer, dat elkeen hul bestemde plek inneem en dit glo wat vir hul beskik is. Wie byvoorbeeld, nie in die uitverkiesing glo nie, kan nie uitverkies word nie. Dieselfde geld vir bekering, vernuwing, wedergeboorte, met elke ervaring wat ons met God kan het. Elke mens ervaar net dit wat hy glo. *"Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die HERE bemin word, dat God julle van die begin af **verkies** het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid"* (IIThess. 2:13).

*"... deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het, om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig — in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe **verordineer** is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil"* (Efé. 1: 9-11).

## Hoofstuk 26.

### EEN DAG BY GOD — EENDUISEND JAAR

Die volgende stelling is bedoel om God se tydplan vir die mensdom werklik te verstaan. Psalm 90, vers 4 sê: *"Want duisend jaar is in u oë soos die dag van gister as dit verbyskiet, en soos 'n nagwaak"*. Dieselfde gedagte word uitgedruk deur Petrus in die Nuwe Testament: *"Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die HERE soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag"* (IIPet. 3:8). Wanneer daar in die Heilige Skrif gepraat word van die laaste dae moet dit in ag geneem word, of dit oor dae in die profetiese sin handel en of daar eintlik daarmee die laaste geslag bedoel word.

God het die wêreld in ses dae geskape en op die sewende dag gerus. As 'n mens die skeppingsverslag mooi lees, sal hy dit soos volg geskryf vind: *"En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het"* (Gén. 2:2). Dit is van groot belang vir die verloop van die seweduisend-jarige geskiedenis van die mensdom. Die nommer 7 is die getal van goddelike volmaaktheid. Die agtste dag sal weer die eerste wees.

Die bybelse verloop van tyd kan in die volgende tydvakke verdeel word: Ongeveer tweeduisend jaar — twee dae met God — was vanaf Adam tot by Abraham, die volgende twee vanaf Abraham tot Christus. Ons staan nou voor die voltooiing van nog 'n twee-duisend jaar tydvak. Die sewende dag is die dag van die rus van die HERE — die duisend-jarige Vrederyk. Profete en apostels het gepraat en geskryf oor hierdie "Dag van die HERE". Johannes vertel van 'n ervaring op die eiland Patmos: *"Ek was in die Gees op die dag van die HERE"* (Openb. 1:10). Hierdie laaste dag begin met die groot slagting, bekend as die Slag van Armageddon (Openb. 16: 14-16), en die duisend jaar eindig met die groot geveg, die Gog en Magog, wanneer die Satan vrygelaat word en die volke weer verlei (Openb. 20: 7-10). Tussenin lê die duisend-jarige Vrederyk: *"dan wei die wolf by die lam en die luiperd ... by die bokkie ... die kalf en die jong leeu en voerbeeste ... bymekaar ..."* (Jes. 11: 6-8), *"en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse;*

*nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Miga 4:3; Jes. 2:4).*

*"En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Ísai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlijk wees. En in dié dag sal die HERE weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly ..." (Jes. 11: 10-11).*

Uit die profetiese oogpunt leef ons sedert die begin van die Nuwe Verbond in die twee laaste dae, ook genoem "die einde van tyd". Van Christus sê dit: *"wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie **laaste tye** geopenbaar is om julle ontwil"* (IPet. 1:20). Hierdie tydperk is nou voor sy einde. As gevolg van die verskillende berekeninge van die jare (bybels 360 dae en volgens die sonjaar 365 dae) is dit nie moontlik om die tyd presies te bereken nie. Dank God hiervoor. Slegs leidrade en 'n beraming word rofweg gegee vir oriëntasie. Deur die vervulling van voorspelde gebeure — die tekens van die tye — kan ons sien dat ons nou aan die einde van die eindtyd leef. Duidelik herkenbaar is die van-God-komende, die grootste keerpunt in die geskiedenis van die mensdom, tasbaar naby.

Op Pinksterdag het Petrus die twee profetiese dae in gedagte gehad toe Hy die uitstorting van die Gees uit Joël 3 aangehaal het: *"Maar dit is wat deur die profeet Joël (3: 1-5) gespreek is: En **in die laaste dae**, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees ..." (Hand. 2: 16 + 17).* Hy beskryf die dag van die HERE met alle akkuraatheid, dit wat vooraf gaan gebeur, wanneer die dag van verlossing tot 'n einde gekom het, wat aan die einde van hierdie laaste dae, na die einde van die tweeduisend-jarige verloop van verlossing sal geskied: *"Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige **dag van die HERE** kom"* (Hand. 2:20). Volgens Maleági (4:5) is die dag van die HERE ook die groot en vreeslike dag.

Sekere gebeure sal aan die einde van hierdie tweeduisend-jaar tydperk plaasvind, ander aan die begin van die sewende dag, op die dag van die HERE. Daar is geen bybel-gedeelte wat die sabbat of sondag beskryf as "die dag van die HERE" nie. Hierdie dag sal heerlijk wees vir die verlostes (Fil. 1:6; Fil. 2:16); maar verskriklik vir al die goddeloses (Jes. 13: 6-12). Soos God Sy skeppingswerk voltooi het op die sewende dag en toe gerus het, sal dit met die einde van Sy verlossingswerk wees.

Die genadetyd word ook as "dag van verlossing", 'n "aangename tyd" genoem, as "tyd van welbehae" (Jes. 49:8; IIKor. 6:2) en die "aangename jaar van die HERE" (Jes. 61:2; Luk. 4:19). Dit is die jaar van genade, ook genoem die "Jubeljaar", waarna in die Ou Testament verwys word as die jaar na die sewe maal sewe jare, dws, die vyftigste jaar. Elke skuld-draer en slaaf, almal wat besittings verloor het, het in die jubeljaar teruggekeer na hul oorspronklike besittings (Levitikus 25). Op die groot versoeningsdag was die basuine geblaas; alle skuldiges was een enkele dag gedurende hierdie jubeljaar vrygelaat. Nadat die universele, groot "Versoeningsdag van God" met die mensdom plaasgevind het, sal die basuin van die evangelie geblaas word, en elkeen wat daarna luister en dit glo, gaan vry uit. Die ganse tyd van genade is vir almal dieselfde, maak nie saak waar en wanneer hy gelewe het in die goddelike wederkomsjaar wat onse HERE na verwys het as die aangename jaar. Elkeen wat God in hierdie tyd glo en die volmaakte verlossing aanvaar, kan vry uitgaan. Onse HERE het uitgeroep: "*Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul*" (Luk. 4:21). Hierdie "vandag" is die deur-God-geskenkte dag van genade (Heb. 4:7).

Oor die laaste twee dae gaan Petrus verder: "*En ook al die profete van Samuel af en die wat gevolg het, almal wat gespreek het, het ook hierdie dae aangekondig*" (Hand. 3:24). Die presiesheid waarmee die manne van God in die Nuwe Testament deur openbaring die heilsraadbesluite van God kon bring, is verbasend. "*Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring*". Hierdie verbond het God in Christus op Golgota gesluit en die belofte aan Israel gegee: "*Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die HERE: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees*" (Heb. 8: 8+10).

Met verwysing na die tydsduur van die Ou Testament, wat ook as dae genoem word in 'n profetiese sin, sê dit in Hebreërs 1: "*Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun*" (vers 1). Die einde van die dae van die vaders het uitgemond met die begin van die dae waarin God deur die Seun gespreek en vir ons die antwoord gegee het. Dit is die ongeveer tweeduisend jaar — die deurlopende tyd van die Gemeente — wat huidiglik voltooi word.

Daarna kom die verwickelinge van die Plan van God met Israel; dit val aan die begin van die sewende dag, direk voor die aanvang van die duisendjarige Konink ryk.

In Hosea 6 word daarvan vermeld. *"Kom en laat ons terugkeer tot die HERE; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind. Hy sal ons ná twee dae lewend maak, op die derde dag ons laat opstaan, sodat ons voor sy aangesig kan lewe"* (verse 1-2).

Sedert die jaar 70 nC, toe die tempel deur die Romeinse leër onder Titus verwoes was, was Israel, soos voorspel deur die profeet Moses, onder al die volke verstrooi. Moses het egter ook hul terugkeer aangekondig (Deut. 4: 27-28). Die HERE het die profeet Jeremia laat sê: *"Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos 'n herder sy kudde ... En hulle sal kom en op die hoogte van Sion jubel ... en Ek sal hulle rou in vreugde verander en hulle troos en hulle tot blydschap bring uit hulle kommer"* (31: 10-13). In die profeet Esegïel, veral in die hoofstukke 36 tot 38, word baie gesê: *"So spreek die HERE Here: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land"* (37:21). In die 38ste hoofstuk word die tyd waarin dit alles gebeur, in meer detail beskryf: *"... aan die einde van die jare ... Aan die einde van die dae sal dit wees"* (verse 8+16).

In die genoemde teks vanuit Hosea word gesê dat dit na twee dae, dws, na tweeduisend jaar sal geskied, en op die derde dag sal die HERE Israel help, en hulle sal God se lewe ontvang. Die hoop vir die Messias het tot vandag toe in die gelowige Jode lewend gebly. Oor die algemeen eindig 'n gebed by die klaagmuur met die versoek dat die Messias kom en dat die tempel herbou sal word. Dan word dit genoem: *"En laat ons ken — laat ons dit najaag om die HERE te ken; sy opgang is so seker soos die dagbreek, en Hy sal tot ons kom soos die reën"* (Hos. 6:3).

Soos deur 'n wonderwerk van God, is Israel weer 'n nasie sedert 1948. In die goddelike heilsverloop van verlossing, handel God met Israel as 'n geheel in hul eie land, terwyl Hy daarteenoor van die volkere en tale net enkelinge, hulle wie glo, uitroep. Wat die voltooiing van die Gemeente van die nasies en die verlossing van Israel betref, het Paulus geskryf: *"... dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is ..."* (Rom. 11: 25-26).

Jakobus het dieselfde idee ook in die gemeente in Jerusalem so uitgedruk: "*Símeon het vertel hoe God in die begin uitgesien het om 'n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem. En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is: Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig ...*" (Hand. 15: 14-15). Die profeet Amos het dit so gestel: "*In dié **dag** sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig ...*" (9:11). Met verwysing na die volk van Israel, skryf Sefanja: "*Op dié **dag** hoef jy jou nie te skaam ...*" (3:11). "*En in dié **dag** maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke ... Ook sal Ek in dié **dag** daarna soek om al die nasies wat teen Jerusalem aankom, te verdelg. Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smeking; en hulle sal op sien na My vir wie hulle deurboor het ...*" (Sag. 12: 3+9).

Die feit van die terugkeer van die volk van Israel na hul vaderland, is die onfeilbare bewys dat die tyd van genade nou tot 'n einde kom en dat God Homself binnekort aan die Jode sal openbaar. Voordat die laaste dag begin, moet die werk van God met die Gemeente voltooi word. So sê die HERE: "*Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek*" (Mal. 4:5). Kan dit wees dat hierdie belofte reeds vervul is, en dit sonder dat die gevestigde geestelikes dit opgemerk het? Aan die begin van die genade tyd was dit sekerlik die geval met Johannes die Doper.

Omdat Johannes die Doper die eerste deel van die 6de vers vervul het, "*... om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders ...*" (Luk. 1:17), word Hy ook Elia genoem. Maar sedertdien het byna tweeduizend jaar verbygegaan, en die dag van die HERE het nog nie gekom nie. Johannes was die boodskapper volgens Maleági 3 vers 1, wat die weg vir die HERE voorberei het (Matt. 11:10; Mark. 1: 1-3).

Johannes was onder meer gevra: "*Is u Elía? En hy sê: Ek is nie*" (Joh. 1:21). Voor die dag van genade tot 'n einde kom en die dag van oordeel en toorn aanbreek, het God belowe om 'n man te stuur soos die profeet Elia. Hierdie man het die taak gehad om die harte van die kinders van God terug te bring na die harte van die apostoliese vaders (Mal. 4:6b). Soos Elía die volk Israel geroep het na die berg Karmel en die altaar van die HERE herbou het met presies twaalf klippe — wat die twaalf stamme van Israel verteenwoordig het — sodat God uit die hemel 'n beslissing gelever het, so moes die Elia van hierdie tyd die lering van

die twaalf apostels, as grondslag, opnuut in die Gemeente daarstel, sodat die lewende God Sy Woord en krag aan Sy Gemeente kan openbaar. Hierdie man kon nie 'n verteenwoordiger van 'n denominasie wees nie; dit moes 'n man wees wat deur God gestuur word met die direkte goddelike boodskap aan die volk van God.

In Matthéüs 17 vers 11 bevestig Christus hierdie bediening, wat toe nog sou kom: *"En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel"*. Dr. Scofield skryf daaroor in 'n voetnota van sy bybelvertaling, langs Matthéüs 17 verse 10-11, soos ander bybelkenners ook te kenne gee: **"Christus bevestig die spesiale en nog onvoltooide profesie in Maleági 4: 5-6: 'Elia sal eers kom en dinge regstel'. Hier, sowel as in Maleági, word die voorspelling wat in Johannes die Doper vervul is en dit wat nog in Elia moet vervul, uitmekaar gehou. Maar Johannes die Doper het alreeds gekom en sy bediening was so volmaak in die gees en krag van die toekomstige bediening van Elia (Luk. 1:17), dat dit in 'n tipiese sin gesê kon word: 'Elia het reeds gekom'."**

Die voorloper van Christus se eerste koms het in die Gees en in die krag van Elia opgetree. Die man van God voor die Wederkoms van Christus moet alles weer bybels orden en terugbring na die oorspronklike stand, soos dit in die vroeë Christendom was. Dit moet volgens die Heilige Skrif gedoen word, voor die Wederkoms van Jesus Christus plaasvind, omdat dit van Jesus Christus gesê word: *"Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete"* (Hand. 3:21).

Paulus skryf aan die Thessalonisense wat die dag van die HERE betref: *"... julle weet self baie goed dat die dag van die HERE kom net soos 'n dief in die nag"*. Daarmee is dit duidelik dat, sonder enige spesiale aankondiging, daar 'n groot verrassing sal wees. Paulus gaan voort met verwysing na hierdie dag: *"Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid — dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie"*. Op geen ander tyd het die woorde "vrede" en "sekuriteit" so 'n groot rol gespeel soos nou nie. Dit gaan oor die politici, om vrede en sekuriteit aan die lydende volke te bring. Dit is veral in die tyd, waar die slagspreuke "vrede" en "sekuriteit" uitgelig word, dat dit verbreek word. Daardie tyd is nou.

In beide die Ooste en Weste gaan die strewe na ontwapening en veiligheid in die hele Europa — en dus vir die hele wêreld — voort. Vir die kenners van die Heilige Skrifte gaan hierdie dag nie onverwags kom nie, omdat hulle sien hoe vêr die verwickelinge gevorder het, wat gegrond is op die voorspelde tekens van die tye. *"Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie"* (IThess. 5: 2-4).

Die apostel Paulus neem die tema van die Wederkoms van die HERE Jesus Christus op en ons vereniging met Hom, en vermaan in hierdie verband, om nie opgewonde te raak nie: *"... asof die dag van Christus al daar is"* (IIThess. 2:2b). In hierdie hoofstuk en elders word die geestelike kenmerke van hierdie laaste tydvak, wat ook die eindtyd genoem word, beskryf: *"In die **laaste tyd** sal daar spotters wees wat volgens hul eie goddelose begeerlikhede wandel"* (Judas 18).

Byna dieselfde woorde kan gevind word in IIPetrus 3 vers 3: *"Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die **dae** spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel ..."*.

In die volgende vers beskryf die apostel die kenmerke van hierdie spotters wat nie in 'n algemene manier spot nie, maar die beloofde Wederkoms van Christus bespot en sê: *"Waar is die belofte van sy wederkoms?"*

Die algemene toestand, soos dit in die laaste dae of in die eindtyd sal wees, word in IITimothéüs 3, verse 1-9 daargestel: *"... dat daar in die laaste **dae** swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God ..."*.

Oor die algemeen het die HERE die morele en geestelike toestand wat die mensdom in hierdie tyd sou hê uitgedruk; soos in die dae van Noag en in die dae van Sodom en Gomorra (Lukas 17). In die tyd van Noag het die groot vermenging van die twee geslagte (Seth en Kain) plaasgevind, waarop God die einde van alle vlees bepaal het (Génesis 6). Daar vind nou die grootste godsdienstige vermenging ooit plaas.



In II Timothéüs 4 word 'n waarskuwing uitgereik, teen 'n afwyking vanaf die verkondiging van die Woord van waarheid: *"want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie ... en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels"* (verse 1-5). Dit is nie die apostel nie, maar die Gees van God wat die geestelike verval in I Timothéüs 4 vooruitgespreek het: *"Maar die Gees sê uitdruklik dat in die **laaste tye** sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang ... wat verbied om te trou (d.w.s., verpligte selibaatskap) en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel (bv. om geen vleis op Vrydae te eet nie) wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken"* (verse 1-3). Wat aan die mense as besonder wenslik voorgestel word, word in die Heilige Skrif "demoniese leerstellings" genoem.

Die apostel Petrus het ook van die dag van die HERE, wat hy ook die dag van God genoem het, geskrywe: *"Maar die **dag van die HERE** sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand ... julle wat die koms van die dag van God verwag"* (IIPet. 3: 10-12).

Die profeet Daniël het herhaaldelik na die eindtyd verwys. In hoofstuk 2 vers 28 sê hy: *"... Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat aan die **einde van die dae** sal gebeur"*. In die 8ste hoofstuk, verse 17, 19 en 26, word hy vertel: *"Let op, mensekind, want die gesig sien op die **tyd van die einde** ... Kyk, ek maak jou bekend wat aan die **einde van die strafgerig** sal gebeur, want dit sien op die bepaalde tyd van die einde ... en jý, hou die gesig geheim, want dit sien op 'n verre toekoms"*. Byna dieselfde woorde word in die laaste hoofstuk aan die profeet toegevoeg: *"En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die **tyd van die einde** toe ... Gaan heen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die **tyd van die einde** toe"* (12: 4+9).

Dit was tot onlangs nie moontlik om die profetiese gedeelte van die geskiedenis uit die Heilige Skrif te plaas soos dit nou as gevolg van die politieke ontwikkeling die geval is nie. Die huidiglik-opkomende godsdienstige en politieke Europa is die weder-opstanding van die "Romeinse Ryk" ingevolge die Verdrag van Rome van 25 Maart, 1957.

Die onomkeerbare ontwikkeling in Sentraal-Europa en die algemene wêreldsituasie toon duidelik dat ons na aan die Wederkoms van Jesus Christus en die daaropvolgende dag van die HERE lewe. Die tyd is nie net naby nie, dit is hier. Vandag het bybelse profesie nie meer nodig om geïnterpreteer te word nie, ons sien hoe dit voor ons ontvou. Die tyd van genade, die **dag van heil**, neig nou na 'n einde toe; die 'countdown' het reeds begin. Een tydvak eindig en die ander, die laaste dag, begin. Na die sewende dag, die laaste duisend jaar, sal tyd tot in die ewigheid inlei.

## Hoofstuk 27.

# DIE ROMEINSE WÊRELDRYK EN DIE BESONDERE BETEKENIS DAARVAN

Die Romeinse Ryk is onafskeidbaar van die Roomse Kerk. In die tyd van Konstantyn het dit begin as 'n nasionale kerk, en toe 'n volkskerk geword en uiteindelik word dit toe 'n staatskerk. Die godsdienstige ontwikkeling het uitgedomd in die staatlike, en uit die godsdienstige instelling het 'n staatsstruktuur ontstaan, naamlik, die "Pouslike Staat" wat vir eeue lank reeds bestaan. Geen ander kerk, vanaf die "Oostelike-Kerk" tot die groot wêreldwye Anglikaanse Kerk het as 'n godsdienstige instelling 'n staatskarakter nie. Die Roomse Kerk is amptelik 'n onafhanklike staat, binne 'n ander staat. Dit is die belangrikste politieke mag op aarde. Die Vatikaan handhaaf diplomatieke betrekkinge met meer as 100 lande, dit wil sê, die uitruil van ambassadeurs, wat deur die Vatikaan 'nuncius' (pouslike gesante) genoem word. Hoekom het nie een van die ander nasionale of staatskerke sodanige diplomatieke betrekkinge nie? Hoekom net die Kerk van Rome? Omdat sy 'n politieke entiteit is en geestelik oor almal is wat aan haar behoort in alle state.

Die pous se besoek is die besoek van 'n staatshoof, wat met alle eer ontvang **moet** word. Het Christus die "Romeinse Ryk" bedoel, dat die pouse in die oë van die wêreld opgerig sal word, toe Hy gepraat het van die koninkryk van God? Kan hierdie politieke, ekonomiese en godsdienstige wêreldmag die Gemeente van Christus wees? Was dit die wil van God? Was dit die doel van Jesus Christus, toe Hy verlossing op Golgota volbring het?

Volgens wat die profeet Daniël se visioene getoon het, word vier wêreldryke tot aan die einde van die huidige beskawing vooruitgesien. Die laaste is die Romeinse Ryk (Daniël 2 en 7). Die verloop van hierdie wêreldryk is histories goed gedokumenteer: die Babiloniese Ryk het vir die periode 606-538 vC geduur. Die koninkryk van die Mede en die Perse, 538-330 vC. Dit is gevolg deur die Griekse Ryk onder Alexander die Grote, wat gestrek het vir die periode 330-30 vC.

Vanaf die Jaar 30 vC, het die Romeinse wêreldryk oorgeneem, wat tot aan die einde van hierdie tydvak sal heers, as oppergesag. Hierdie vier ryke was deur vier gediertes in Daniël 7 gesimboliseer. In bybelse profesie is 'n gedierte altyd 'n simbool van mag, van 'n koninkryk of van 'n heerser wat mag uitoefen (Dan. 7: 17+23).

Dit het begin met die welbekende man, genaamd Nebukadnésar, wat skielik, beïnvloed deur fanatici en megalomanie, die bevel gegee het dat almal wat 'n ander god kies bo die gode wat in sy koninkryk erken word, gedood moes word. Wie het nie van die drie manne in die oond gehoor nie, wie in die vuur gegooi was, net omdat hulle die een ware God aan-geroep en gedien het? Dieselfde beskuldiging was teen die profeet Daniël gemaak, waarvoor hy vir die leeu gegooi was. Maar skielik was die handskrif aan die muur, die "Menetekel", en die heerser het dit skriftelik direk uit die hemel ontvang, dat sy koninkryk geweeg is en sy dae getel was. So sal dit ook aan die einde van hierdie generasie wees.

In die afgelope tweeduisend jaar het Rome mag in alle opsigte uitgeoefen. Eers politiek-heidense, toe politiek-heidens-"Christelike". Óf deur keisers óf later deur pouse — dit het altyd gegaan oor die uitbreiding, konsolidering en verdediging van hierdie koninkryk, dws, oor magsvertoning. Dit het ten alle koste gebeur. Alle ander ryke, selfs die Britse Ryk, het ineengestort en moes hulself by hierdie algehele ontwikkeling voeg. Die Sowjet-ryk het ook geval, en die hele Oosblok word huidiglik hersaamgestel om in die "wêreldryk" te pas. Dié ontwikkeling het die Kerk geïdentifiseer as oorwinnaar oor kommunisme, soos by die Europese Sinode in Rome, November-Desember 1991, aangekondig was. Die skielike omverwerping van wêreldkommunisme beteken die verreising van die wêreldkatolesisme, ter vervulling van die Skrifte.

In hierdie Romeinse Ryk is die Rooms-Katolieke trinitariese geloof uit die 4<sup>de</sup> eeu as alleen-geldig verklaar. Keisers, pouse, prinse en almal wat 'n invloed gehad het, het hulself verplig gevoel om hul uiterste bes te doen om hierdie doelwit te verseker. Diegene wie hulself net na die een ware God gewend het, soos die Jode en andere geglo het, is meedoënloos vervolgd. Die doel het keer op keer die middele geheilig. Daar was kruistogte en baie sg. "heilige en regverdige" oorloë omdat die "heilige en regverdige" Kerk dit voorgestaan het.

Daar is geen manier om vandag te bepaal wat werklik alles gepleeg was nie. Elke mens wat die martelingsgereedskap sien wat in die "heilige" Inkwisisie gebruik was, word siek. Die onverdraagsaamheid teenoor ander gelowe en die blinde, godsdienstige fanatisme wat ontaard het in dodelike haat, het elke mate oorskry. Skrywers het net ligtelik probeer om hierdie donker hoofstuk te verlig. Duideliker kan nie gesê word, dat al hierdie gruweldade uitgevoer en geregverdig was op grond van die noodlottige houding dat in hierdie Romeinse Ryk net 'n enkele geloof geldig was, dit wat die Roomse Kerk verteenwoordig het.

Pouse en keisers het mag gedeel. Vandag sou dit "Joint-venture" of "power-sharing" genoem word. Hulle het deels in hul ryk geregeer met onuitspreeklike brutaliteit. Hierdie sogenaamde "Heilige Romeinse Ryk" is inderdaad nie heilig nie, dit is nie die koninkryk van God nie. Dit is vals en word, opsetlik of uit onkunde, slegs deur die benaming as sodanig beskou. Op geen tydstip het 'n apostel of 'n man van God, aangestel deur die HERE, ooit in die politiek ingemeng, of enige wêreldse mag uitgeoefen nie. Ware diensknegte van God het die koninkryk van God te alle tye verkondig en die politiek oorgelaat aan die politici. Die Romeinse Ryk, bestaande uit politieke, ekonomiese en godsdienstige mag, staan nou weer voor ons oë op en brei weer uit. 'n Verenigde Europa was nog altyd die droom van die pouse en speel die grootste rol in dié eindtydse profesie.

Ongeag die vorm van regering in die individuele lande wat tot hierdie Romeinse Ryk behoort het of steeds behoort — die staats- en regeringsvorme het gekom en gegaan — maar die steeds-bestaande "Reichskirche" (staatskerk), bly bestaan uit yster. Om die wêreldpubliek te beïndruk, sluit die Vatikaan ook alle ander godsdienste in en tree op as beskermheer daarvan. Vandag word nie meer vervloek of onder die banvloek geplaas nie; die arms nou word uitgestrek na almal. Die Pous ontvang in dieselfde week 'n politikus vanaf Israel én die hoof van die Palesteinse Bevrydings Organisasie (PBO); die politieke en godsdienstige leiers van alle lande, ongeag hul wêreldbeskouing en ideologie, kom na hom toe. Almal het reeds besef dat hulle, sonder 'n besoek aan die pous, nie die nodige agting in hul eie lande sal geniet nie. Die nuut-verkose president van die Verenigde State van Amerika, George Bush, het seker gemaak dat hy luister na sy raadgewers op sy reis na Europa in Mei, 1989, om eerste 'n besoek aan die pous te bring.

Mikhail Gorbatsjov en baie ander het dit ook gedoen. Dit was ook so polities besluit met die Duitse hereniging. Na aanleiding daarvan het die Kanselier Helmut Kohl vanaf Berlyn, in November 1989, die Pous in die openbaar bedank vir sy daadwerklike bystand. So word dit in die wêreldpolitiek gemaak (Openb. 17: 2+18).

Volgens bybelse profesie, sal daar na al die oorloë wat plaas sal vind, 'n skyn-vrede geproklameer word, waarin historiese vyande vriende word, sodat dit vervul sal word wat geskrywe is: "*Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid ...*" (IThess. 5:3). Die hele Europa is in 'n oorgang vasgegryp. In Oos en Wes gaan dit net oor vrede, wat onder die mense met slagspreuke soos "swaarde tot ploë" of "maak vrede sonder wapens" gedemonstreer word. Daar is onlangs groot vordering gemaak met ontwapeningsonderhandelinge. Dié politieke vrede kan nie deur 'n politikus aangebring word nie, maar slegs deur die heersende Antichris, wat homself as vredemaker en bemiddelaar voorhou. Die ware en blywende vrede sal daarna deur Christus, die ware Vredevoers, gebring word.

Met verwysing na die eindtyd, weergee Eerw. Markmann die voorspelling van a Russiese siener soos volg: **"Net voor sy dood in 1900 het die visioenêre Rus, Vladimir Solowjow, sy beroemde "Kortverhaal van die Antichris" gepubliseer. Namens die 'mense van die toekoms' laat hy hierdie woorde uitspreek voor die Wêreldkongres van die volke: "Volkere van die aarde! Ek gee u my vrede!" En so eindig dit: "Volkere van die aarde, die beloftes is vervul. Die ewige vrede van die wêreld is verseker ... Want van nou af is daar op die Aarde 'n sentrale mag wat sterker is as al die ander magte op hul eie of in hul geheel ... En van nou af, sal geen ander mag wat julle ken, "oorlog" sê nie, wanneer ek sê: "vrede". Volke van die aarde! Vrede vir julle!"** —O. Markmann: ENDZEIT, ENTRÜCKUNG, ANTICHRIST ("Eindtyd, Wegraping, Antichris"), bl. 67.

Sulke woorde kom uit die mond van die godsdienstige leier, wat die politieke beleid beslissend bepaal. Wanneer Christen apologete praat van 'n "Superman" van die eindtyd en hom soek in die Judaïsme en Islam, getuig dit duidelik van onkunde. Hierdie man sal nie 'n ateïs, 'n Jood, 'n Moslem en 'n Boeddhis of Hindoe wees nie. Hy is die gekroonde man wat homself as die heerser van die hele wêreld beskou. Dieselfde man wat homself voorheen vredeliewend voorgedoen het,

sal in die uur van X, sodra Satan hom in besit geneem het, soos met Judas, die beker van sonde en wetteloosheid volbring.

Die verwesenliking van die bybelse profesie gaan nie in die eerste plek oor China en die Verenigde State van Amerika nie, maar oor die "Verenigde Europa". Eerw. Markmann sê verder: **"Na die laaste oorlog het die Vatikaan hom sterk beywer vir 'n nuwe verenigde Europa. Pous Paulus VI veral, het die Europese eenheidsgedagtes deurgans onderstreep. Selfs sy voorgangers Pius XII en Johannes XXIII het reeds die skepping van 'n Europese Unie met 'n supernasionale karakter aangevoer. Paulus VI het beklemtoon dat dit die katolieke geloof is wat Europa voorheen een 'gemaak' het; dit kan nou weer onvergelykbaar daartoe bydra, om geestelike vitaliteit te blaas in die fundamentele gemeenskaplike kultuur wat 'n sosiaal- en polities verenigde Europa nodig. 'Die noodwendigheid van 'n verenigde Europa, word van dag tot dag al hoe meer dringend', het hy in 1963 gesê"** (bl. 70).

Die Vatikaan was die dryfkrag agter die totstandkoming van die Verdrag van Rome. So vroeg as 1970 het dit diplomatieke betrekkinge met die EG Kommissie in Brussels opgeneem. Dit sou later tot 'n verenigde Europa in sy geheel kom. Die hoog aangeskrewe Michail Gorbatsjof, wat deur baie regoor die wêreld gerespekteer was, het die konsep van "die bou van die Europese huis", wat reeds aan die einde van die 1957 Verdrag van Rome uitgedruk was, nuut uitgelig. Bekende politici en geestelikes het dit ook opgeneem in hul woordeskat. Al die belangrike stemme het verenigingsgedagtes vir die hele Europa in die jongste tyd met vasberadenheid uitgespreek.

**"Die Pous vra vir 'n 'Europa sonder grense'. Die opbou, van 'n 'Europa sonder grense', wat nie sy Christelike wortels ontken nie, het die Pous beroep. Vir hierdie projek van 'n 'Europa sonder grense' vertrou hy die voorbidding van die maagd Maria, het hy Maandag gesê voor 6,000 mense in Covadonga, Asturia, die laaste stop van sy drie-dag besoek aan Spanje"** —FRANKFURTER ALLGEMEINE ZEITUNG, Augustus 22, 1989 ('n Duitse dagblad).

Weereens is dit die pous, wat tot die regte idee gekom het om die skeiding tussen Oos en Wes te oorbrug. Die onderstaande aanhaling gee selfs nóg meer insig daaroor: **"Die dringende belang van die Pous om 'n verenigde Europa op 'n katolieke basis daar te stel,**

**word ook weerspieël in die proklamasie van beskermheiliges van Europa. Pous Paulus VI het toe alreeds vir Benedictus van Norcia as 'beskermheer van Europa' verklaar. Onlangs het Pous Johannes Paulus II aan die katolieke wêreld-kerk die heilige broeders 'Kyrillos' en 'Methodius', wie in die 9de eeu as apostels en leraars onder die Slawiërs gewerk het, as verdere beskermheiliges van Europa verklaar".**

**"Johannes Paulus II wou met die plegtige proklamasie van 'Sint Kyrillos' en 'Sint Methodius' as beskermhere van Europa enersyds op die deurslaggewende bydrae met die ontstaan van Europa uitwys. In die tweede plek wou hy graag beklemtoon dat die geestelike en kulturele profiel van Europa nie net deur die Latyns-Romeinse beskawing en die geestelike tradisies van die Weste bepaal word nie, maar net soveel deur klassieke Griekse kultuur en die Bisantynse en Bisantyns-Slawiese tradisies'.**

**Die voorsitter van die Duitse Biskopskonferensie, kardinaal Josef Hoffner het in Keulen verklaar dat die werk van die nuwe beskermheiliges as 'apostels van die Slawiërs', vergelyk kan word met wat St. Benedictus in Wes- en Sentraal-Europa gedoen het. So, al drie heiliges is die 'geestelike bouers van Europa ... inderdaad die hele Europa'.**

**Die besluit van die pous was 'n uitnodiging aan almal, om in voorbedding tot hierdie drie groot heiliges, die gesamentlike Europa ook aan die Rooms-Katolieke, wie met die reeds onderneemde beslissende stappe, op weg na volle eenheid met die Ortodokse Kerke was, toe te vertrou ..." (ENDZEIT, ENTRÜCKUNG, ANTICHRIST, bl. 72-73).**

Deur middel van sy organisasies, speel die Vatikaan op politieke en op godsdienstige gebied, die hoofrol in die eenwording van Europa. Die eindtyd profesie is daarsonder ondenkbaar. Sy strategie het na die Tweede Wêreldoorlog fundamenteel verander om so ver moontlik sonder geweld op te tree, tog met dieselfde doel. Die Tweede Wêreldoorlog was deur ingevalde lande beskou as 'n poging om 'n verenigde katolieke Europa op 'n gewelddadige manier te skep.

Die atheïstiese bolsjewisme was deur die Vatikaan, en inderdaad deur die hele Kuria en Westerse regerings, beskou as die groot gevaar



vir die hele Christelike Weste. Mussolini het homself in diens van die Kerk gestel toe hy in 1929, onder pous Pius XI, die Vatikaan as 'n onafhanklike staat erken het. Die Vatikaan het sedertdien weer 'n 'de facto' soewereine staat geword.

Historici het die verhouding van die kerk teenoor fascisme en Nazisme tot in 1945 nagevors. Hier volg 'n paar aanhalings uit hoofstukke 67 en 68 van Dr. Karlheinz Deschner se boek: **ABERMALS KRÄHTE DER HAHN** ("En weer kraai die Haan"), wat die historiese feite sonder voorbehoud uiteensit:

**"Die eerste hulp wat deur die ex-sosialis (Mussolini) aan die Heilige Stoel gelewer was, was finansiël. Hy het die Bank van Rome gered van bankrotskap, aan wie die Kuria en verskeie van haar hoogwaardigheidsbeksleërs groot bedrae geld toevertrou het. Ten koste van die Italiaanse staat, het hy die bank met ongeveer 1,5 miljard Lire gehelp ... Kardinaal Vannutelli, dekaan van die sogenaamde Heilige Kollege het reeds op daardie tydstip gesê dat hy 'gekies is om die nasie te red en om hul geluk te herstel".**

**"Pous Pius XI het homself weer op 13 Februarie, 1929, gedwing om Mussolini 'die man wie die voorsienigheid aan ons gestuur het' te noem. In hakies moet daar kennis geneem word dat na die ondertekening van die Lateraan-verdrag ook die destydse onder-burgemeester van Keulen, Konrad Adenauer, aan Mussolini in 'n gelukwensingstelegram verseker het dat 'sy naam in goue letters in die annale van die Katolieke Kerk sal verskyn".**

**"Maar terwyl bykans die hele wêreld die fascistiese aggressie (in Abessinië) veroordeel het, het die Katolieke Kerk, veral die vooraanstaande Italiaanse geestelikes, hulself aan Mussolini se kant geskaar. Op 27 Augustus, 1935, toe die oorlog voorbereidings in volle gang was in Italië, het die pous aangekondig: "n Verdedigende oorlog (!) met die doel om 'n groeiende bevolking uit te brei (!), kan geregverdig word en reg wees'. Slegs dae later, vier weke voor die aanval, het 19 aartsbiskoppe en 57 biskoppe aan Mussolini, 'n telegram gestuur, wat in 'Osservatore Romano' gepubliseer was soos volg: "Katolieke Italië bid vir die uitbreiding van sy groeiende geliefde vaderland, wat deur u regering verenig is soos nooit voorheen"**

"... Die aartsbiskop van Taranto het, nadat hy op weg op 'n duikboot 'n diens gelyk het, dit "'n aggressie genoem, 'n heilige oorlog, 'n kruistog" ... Die aartsbiskop van Milaan, Kardinaal Schuster, wat in die herfs van 1935 die troepe wat teruggekeer het na die slagveld, gesëen het, het Mussolini vergelyk met keisers Augustus en Konstantyn en het die Italiaanse skooljeug geleer dat, 'deur die werk van Ducé, antwoord God uit die hemel'.

... Verder op 12 Januarie, 1938, het Mussolini 72 biskoppe en 2,340 pastore in die Palazzo Venezia ontvang, waar die aartsbiskop Nogara in 'n toespraak, God gevra het om die Ducé in alle gevegte by te staan sodat Christelike Italië kan seëvier ... 'Met vrome begeesting, met die stem en met die harte van die volk roep ons uit: Heil Ducé!'"

"Reeds in 1933 het die Spaanse biskoppe in 'n pastorale brief en die Pous in 'n 3 Junie ensiklika, 'n 'heilige kruistog vir die volledige herstelling van die kerklike regte' aangevra.

... Franco se swaer, Serrano Suñer, sekretaris van die Katolieke Jeugorganisasie, later Spaanse Minister van Binne- en Buitelandse Sake, was 'n vriend van Mussolini en Hitler. Aan die einde van Junie, 1942, was hy die Groot Kruis van die Orde van Pius IX deur die pous toegeken. Twee maande vroeër het Suñer aan 'n Deense koerant-korrespondent gesê dat 15,000 Spanjaarde reeds op die oostelike front veg en hulle getalle kan verhoog word tot een miljoen, as Duitsland dit nodig sou vind.

... Die Duitse biskoppe het reeds op 30 Augustus, 1936, in direkte opdrag van die kardinaalsekretaris van die staat Pacelli, 'n pastorale brief gepubliseer met betrekking tot Spanje: "Watter taak ookal op ons mense en vaderland val, word goed verstaan. Mag ons leier met God se hulp, hierdie baie swaar, verdedigingswerk (!), in onwrikbare fermheid en mees getroue deelname, al die mense van ons land bereik". Op 3 Januarie, 1937, het die Duitse bisdom, weer met verwysing na Spanje, hul getroues aangepor: Geliefde Diocesane! Die leier en Rykskanselier, Adolf Hitler, het die opmars van die Bolsjewiste van ver af gesien en sy sintuie en kommer gemik op hierdie geweldige gevaar van onse Duitse mense en die westerse lande".

**"In dieselfde jaar (1933) het die katoliek, von Papen, die Konkordaat gesluit tussen Nazi-Duitsland en die Vatikaan. ... In die jare vanaf 1934 tot 1938 het von Papen, as Duitse ambassadeur in Wene, die Nazi magsgryping in Oostenryk voorberei".**

**"Die Duitse biskoppe het nooit teen die vele duisende regterlike moorde van hul teenstanders, teen die vervolging van liberales, demokrate en kommuniste gedraai nie, wat hulle eintlik wou hê. ... Hulle het nooit geprotesteer teen die verskriklike Joodse pogroms, teen die vernietiging van meer as tweehonderd Sinagoges, teen die vernedering, ontvoering en vergassing van die Jode nie. Hulle het duisend-en-'n-half jaar lank hul eie kerke oor en oor vervolg en hul lede doodgemaak. Hulle het nooit teen die stelsel van nasionale sosialisme as sodanig geprotesteer nie. Daarinteen het hoë geestelikes soos kardinaal Faulhaber van München, kardinaal Schulte van Keulen, biskop Matthias Ehrenfried van Würzburg, ens., (in 1935), eerder hul volle bereidheid verklaar om met die Nazi's saam te werk en die weerstand teen hulle betreur".**

**"Op 11 Maart, 1938, het Hitler se troepe Oostenryk beset. Kardinaal Innitzer von Wien, wat met die toestemming van die Vatikaan aan Schuschnigg hul oorgawe aanbeveel het, en verklaar het: 'Die unie is onvermydelik', het die inval gevier deur die 'Wehrmacht' met klokkelui en swastika vlae op die kerke te verwelkom en het sy geestelikes opdrag gegee om dieselfde te doen. Op 12 Maart het hy hulle genooi om 'n dankseggingsdiens te hou. Toe Hitler op 15 Maart die kardinaal ontvang, het hy aan hom die bewaring van kerklike regte verseker. Alle Oostenrykse biskoppe, met die uitsondering van die biskop Van Linz, het die mense oorgehaal om vir Hitler te stem, en hul versoek afgesluit met die groet: 'Heil Hitler'."**

Aangesien die politieke doelstelling van die wêreldkerk dieselfde gebly het, moes die gebeure van die verlede as 'n waarskuwing gesien word vir die toekoms. Die sogenaamde "Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie" bestaan uit godsdienstige en politieke mag. Hierdie formulering is regverdig in soverre die Vatikaan die Duitsers op 'n baie doelgerigte manier gebruik het, om hulle doelstellings te bereik.

Duitsland speel ook die hoofrol in die eenwordingsproses van Europa, dit was die "lokomotief van die hele trein", die middelpunt van Oos en Wes. Baie historici het uit versigtigheid, of vrees vir die kerk, in gebreke gebly om hierdie delikate godsdienstige hoofstuk, óf nie beskryf nie of net bloot op papier gesinspeel.

Voor die begin van die Tweede Wêreldoorlog het die Vatikaan gefokus op Duitsland, wat al hoe meer kragtig geword het. Dit het in katolieke Beiere begin, veral in München, waar Hitler in 1923 in sy staatsgreep misluk het. In 1924 het die Vatikaan 'n konkordaat onderteken met die staat Beiere. Merkwaardig is dat die latere Pous Pius XII in daardie jare nuncius in München was en later ook in Berlyn.

Reeds in 1938 was ongeveer 40,000 politieke teenstanders in die Duitse konsentrasiekampe gevange geneem sonder die beswaar van een. Franz von Papen het as 'n toegewyde katoliek verklaar: "**... Nasionale sosialisme is die Christelike reaksie teen die gees van 1789**" —E. Paris: THE SECRET HISTORY OF THE JESUITS ("Die Geheime Geskiedenis van die Jesuïete"), bl. 130. Hy het daarmee duidelik verwys na die Franse Revolusie, wat gelei het tot 'n verdeelde staat en kerk, en die einde van die "Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie". Soos die stemme in die buiteland hard was teen die gebeure in Duitsland, het die redakteur van die "STÜRMER" (Aanvaller), Julius Streicher, dit afgeweer met die woorde: "... dit is die Anglo-Saksiese propaganda van die Protestante teen ons". Die wat ondersteun was deur die pous, het hulself eenvoudig uitermatig sterk gevoel.

In die binnekringe van die Vatikaan het hulle ook geweet dat hulle nie net Bolsjewisme as 'n politieke teenstander gehad het nie, maar ook die afgestigte Oos-Kerk as 'n godsdienstige teenstander wou verslaan. Slegs diegene wat weet dat Hitler se SS spesiaal georganiseer en gelei is deur Jesuïete in uniform, onder wie Goebbels en andere was, verstaan ook waarom daar onder die inval van die Duitse troepe in Rusland geen godsdienste geboue in die Rooms-Katolieke Oekraïne beskadig was nie, terwyl dit in die res van Rusland roekeloos verwoes was. Vervolgens weer 'n paar aanhalings uit hoofstukke 67 en 68 van Dr. Karlheinz Deschner se boek, "ABERMALS KRÄHTE DER HAHN":

**"Na die Duitse inval in die Sowjetunie in 1941, het die katolieke veld biskop (Franz Justus Rarkowski) — van wie selfs die katolieke kant erken het dat sy pastorale briewe die Nazi**

**'Kriegsunterstützung' (oorlogsondersteuning) geniet het — 'n pastorale woord aan die katolieke weermag-lede soos volg gerig: 'soos so dikwels in die geskiedenis, het Duitsland die redder en kampioen van Europa geword. Baie Europese state ... weet dat die oorlog teen Rusland 'n Europese kruistog is ... met hierdie sterk en verpligte ervaring van jou sending in die Ooste sal jy besef hoe onuitspreeklik groot die geluk is dat ons Duitsers mag wees'".**

**"En in 'n memorandum van alle katolieke biskoppe van Duitsland van 10 Desember, 1941, bely die kerklike hoogwaardiges: 'Met tevredenheid kan ons streef na die stryd teen die mag van die bolsjewisme, waarvoor ons Duitse biskoppe in talle pastorale briewe vanaf 1921 tot 1936 die Duitse katolieke gewaarsku en gevra het vir waaksaamheid, soos die Reich-regering bekend is'."**

**"Die groot vredespous het geswyg. Hy het ook geswyg oor die vernietiging van byna tweeduisend kerke, meer as vyfhonderd sinagoges en die moord van talle geestelikes tydens die oorlog in die Ooste. Die Vatikaan wou soos in die ander gebiede wat deur Hitler se leërs beset was, ook in die ortodokse Rusland nou katolesisme versprei. ... Oor 'n samewerking van die Jesuïete met die SS en Gestapo, het die generaal van die Jesuïete, Graaf Ledochowski (1866-1942), generaal van die orde sedert 1915, reeds in 1940 vergaderings met verteenwoordigers van Hitler se intelligensiediens gelei. ... Sedert 1919, sê dit in die dokument, het die Vatikaan probeer om die kommunistiese regime omver te werp. ... Die Vatikaan was van plan om soveel priesters as moontlik na die besette gebiede van Rusland te bring, om die grond voor te berei vir die groter planne van die Vatikaan se beleid teenoor Rusland'. Op November 8, 1941, het die opperbevel van die Wehrmacht alle bevelvoerders van die Duitse leërs in die ooste beveel ingevolge die ooreenkoms met die Vatikaan ... om die sendingsaktiwiteite van die katolieke priesters in die besette gebiede te vergemaklik". ... En een hoof van die Duitse geheime diens, SS-Oberführer Schellenberg, skryf in 'n vyf bladsy verslag aan die buitelandse kantoor oor 'n gesprek met die pous: 'Die pous sal sy uiterste bes doen om 'n Duitse oorwinning te verseker. Sy doel is die vernietiging van Rusland'."**

"... Dr. Adenauer het 20 jaar later gesê: 'Daarom staan ons in hierdie (oostelike) wêreld, wie basies ons dodelike vyand is, met die uiterste waaksaamheid'. ... Maar dit gaan nie net oor die Sowjet-sone nie, dit gaan oor die bevryding van die hele Oos-Europa agter die Ystergordyn. '... Duitsland sal nie die prooi van ateïstiese kommunisme wees nie, maar dit eerder omvêrwerp'."

By die inval van die Duitse troepe in Jugoslawia in April, 1941, was die Rooms-Katolieke Kroasiërs gespaar, terwyl die ortodokse Serwiërs in hul massas vermoor was. Die fascistiese-katolieke beweging van Kroasië, die Ustasies, het met die oorwegend katolieke weermag-opperbevel van die besettingsmag saamgewerk. Dit is welbekend dat aartsbiskop Stepinac die koördineerder daarvan was. Hy self het die pous vertel dat 250,000 Serwiërs met geweld Rooms-Katoliek gemaak was. Van die destydse ongeveer 2 miljoen ortodokse bevolking van Kroasië, is 600,000 – 800,000 vermoor. Nie net Jode en ander etniese groepe was geslag nie, maar ook minderhede wat aan dieselfde etnisiteit behoort, omdat hulle 'n ander geloof gehad het.

Toe die Duitse troepe Poland binnegeval het, het 'n bloedbad van die Duitse protestante plaasgevind. Die "bloedbad van Bromberg" het 'n huishoudelike naam geword. In daardie tyd was daar meer as 40,000 vermoor — hoofsaaklik mans — in gebiede onder Poolse administrasie. Volgens berigte het die oproep daartoe vanaf die kantsels gekom. Die getal is egter onlangs wesenlik laer aangegee.

Dit is nie moeilik om te raai wat Hitler bedoel het toe hy sê: "**Ek het die katolieke van Beiere asook die Protestante van Pruise nodig om 'n groot politieke beweging te bou. Die ander kom later**" —K. Deschner: EINE JAHRHUNDERT DER HEILSGESCHICHTE ("'n Eeu van Heilsgeskiedenis"), Vol. I, bl. 360. Ook leidende protestantse teoloë het deelgeneem, in teenstelling met die belydende Kerk. In plaas van met die ewige seën van God, het hulle so die tydigse vloek opgeneem. Wat later sou gekom het, sou ons in 'n oorwinning deur Hitler ervaar het. Die suiwering van Jode, etniese minderhede en politieke teenstanders, sou gevolg word deur dié van die protestante.

Op 9 April, 1945, 'n maand voor die einde van die oorlog, was die Lutherse Pastoor, Dietrich Bonhoeffer, na twee jaar in gevangenis, op persoonlike bevel van die katolieke Himmler, terreggestel in Flössenberg. Die protestantse jeuggroepe is verban in die Derde Ryk.

Eerstens was hulle op die spore van die woordvoerders van die belydende Kerk, wat teen die Nazi-diktatuur gekant en openlik uitgesproke was, en toe op al die gelowiges in onafhanklike kerke en gemeenskappe. Die self-begrip van die Romeinse Kerk en sy toegewyde heerser, naamlik die oortuiging dat geen ander geloof die reg het om te bestaan nie, is vir alle anders dodelik. Daar moet met respek genoem word dat selfs aan die katolieke kant die gewete sommige gewaarsku het en het hulle hul stemme teen die onreg verhoog.

Op grond van die feite kan mens maklik vra of daar vandag nog protestantse kerke en al die onafhanklike kerke sou bestaan het in 'n Hitler-regeerde Europa. Sedert die Hervorming wou veral die toegewyde Jesuïete en hulle organisasies, soos dit in die Katolieke Geloofsbelydenis geformuleer is, die pous die verteenwoordiger van die "een, Heilige, Katolieke en Apostoliese Kerk" maak. **"Pous Benedictus XV het in 1915 (!), in die middel van die skietstilstand, na die volgelinge van die 'evangeliese sekte' verwys as 'sendelinge van Satan', wat 'plaagpreekstoele' gebou het, met 'rowers en diewe' as geestelike ampsdraers".** —O. Markmann: IRRTÜMER DER KATHOLISCHEN KIRCHE ("Foute van die Katolieke Kerk"), bl. 22. Die volgende aanhaling is vir almal onbegryplik: **"Die Jesuïet Mayrhofer van Ingolstadt het in sy 'predikerspieël' geleer: 'Ons sal nie geoordeel word as ons die doodmaak van protestante eis nie; net so min soos die doodmaak van diewe, moordenaars, vervalsers en revolusionêres geoordeel sal word nie"** —E. Paris: THE SECRET HISTORY OF THE JESUITS, bl. 35.

Die houding en gedrag van die Katolieke Kerk in die Tweede Wêreldoorlog kry ons in baie dokumentasie. Selfs die volgende persverklaring spreek boekdele (toe die Vatikaan by geleentheid van Hitler se dood vir Generaal Franco op 3 Mei, 1945 versoek het om dit via die Spaanse pers te publiseer): **"Adolf Hitler, seun van die Katolieke Kerk, het gesterf ter verdediging van die Christendom. Dit is dus verstaanbaar dat daar nie een was met woorde ter beklagting van sy dood nie, want so baie het in sy lewe geroem. Sy seëvierende morele vorm oorskadu sy oorblyfsels. Met die palm van die martelare gee God Hitler die louere van sy oorwinning"** —E. Paris: THE SECRET HISTORY OF THE JESUITS, bl.163.

Baie wat geskree het, "Heil Hitler!", het regtig nie geweet wat hulle doen nie. Kon die hooggeplaasdes dit dan nie weet nie? En tog het hulle hul arms uitgestrek en met die groet, "Heil Hitler", getuig dat die saligheid nou uit Hitler kom, i.p.v. God. As 'n 1933-geborene, lewe ek dit nog gedurig mee. Dikwels het ek na die weermag-parade gekyk! Dit het tog so kragtig geklink as daar met soveel stemme "Sieg Heil! Sieg Heil!" ("Salige Oorwinning!, Salige Oorwinning!") uitgeroep was.

Uiteindelik, met die ineenstorting van Hitler se diktatorskap, het baie bewus geword dat hulle tot 'n bedrieglike, misleide, en kwaadwillige oorloggenerasie behoort het. Die openbaarmaking van die gruweldade en die onthulling van die Holocaust het talle sprakeloos gelaat. Selfs vandag nog is daar mense wat dit ontken, bloot omdat hulle die gruwels, veral die vergassing van onskuldige mans, vroue en kinders nie kan verwerk nie. In die naam van God en die Duitse volk, is die mees gruwelike misdade van die 20<sup>ste</sup> eeu gepleeg. Selfs vandag nog weerklink die propaganda-woorde uit die Nazi-era in die ore van baie. Sommige onthou ook hoe daar met entoesiasme verkondig was: "... en een geloof in die hele wêreld ...". Op die gordels van die soldate was die slagspreuk: "God met ons!". Wat 'n godslastering!

Meer as 55 miljoen mense was tydens die Tweede Wêreldoorlog "verbrand", maar die werklike aanhangers was ongedeerd. **"Kardinaal Frings van Keulen, wat reeds in 'n uitsaaibespreking op 16 Desember, 1945, 'n eksklusiewe Westerse Christendom begeer het — wat natuurlik Rooms-Katolisisme was — het op 23 Junie, 1950, op die Katoliekedag in Bonn, die herbewapening van Duitsland vanaf die Weste geëis, en 'n vrede wat gebaseer is op 'n 'goddelike orde'! ... Biskop Muench het dus, soos Pius XII, in 1945 in 'n pastorale brief, vir 'toegeeflikheid' teenoor die Duitse oorlogsmisdadigers gepleit. In 1951 het hy van die Duitse Federale President die Groot Federale Kruis van Verdienste ontvang en was deur pous Johannes XXIII as kardinaal aangestel"** —K. Deschner: UND ABERMALS KRÄHTE DER HAHN, bl. 647-650.

Veral onthullend is die volgende aanhaling: **"Na die ineenstorting van die katolieke regiment, het die buitelandse Franciscaanse kloosters betekenisvol die toevlugsoorde van massamoordenaars geword, Klagenfurt in Oostenryk, Modena in Italië, ook Frankryk"** (UND ABERMALS KRÄHTE DER HAHN, bl. 625). Dit was duidelik dat hulle hul



weg presies geken het en geweet het waarheen, om nie net oop deure te vind nie, maar ook ope arms. Selfs die Franse helper van die massamoordenaar Klaus Barbie, die slagter van Lyon, genaamd Paul Touvier, was in Mei, 1989, in hegtenis geneem in 'n katolieke klooster in die suide van Frankryk, waar hy vir baie jare welvarend was.

Na die nederlaag van die Duitse leër by Stalingrad het die pous probeer om die Verenigde State na hul kant te trek, om teen die Bolsjewiste te veg. Die enigste voorwaarde van president Roosevelt was: Hitler moes bedank, waarop die pous Hitler gevra het om ter wille van die saak bes te gee. Maar hierdie keer het dit op die dowe ore van 'n magsbehepte diktator geval. Die katolieke biskoppe, wat tydens die Fulda-konferensie in Maart, 1933, hul solidariteit met Adolf Hitler uitgespreek het, het in 1945 iets heeltemal anders gesê en het 'n nuwe strategie vir die vasgestelde doelwit van 'n godsdienstig-polities verenigde Europa uitgereik.

Wat nie met militêre mag moontlik was nie, sal binnekort langs diplomatieke weë 'n werklikheid wees. Terwyl daar nog steeds miljoene mense, vlugtelinge, krygsgevangenes en ontnemdes, gedwing was om die gevolge van die oorlog te verduur, het dit die geestelikes nie gepla om van plan te verander nie en om die vlag weer in die nuwe wind te plaas nie. Die onskuldiges het gely en die wat werklik skuldig was, was in veiligheid en na hulle hul rol met groot verhewenheid gespeel het, gaan hulle net weer voort.

Sedert die Tweede Vatikaanse Raad (1962-1965) was die koers weer nuut daargestel. Die protestantse kerke is nie meer vervloek en na verwys as afvalliges nie, maar was, intendeel, as 'afgesonderde' broeders, met ope arms verwelkom. Die teen-Reformasie was verby. Dis net vreemd dat nie een van die vele vloeke wat hoofsaaklik teen die Protestante geformuleer was, veral in die Raad van Trent, onttrek was nie. Tot vandag toe het nie 'n enkele woord van verskoning teenoor die Jode, Protestante en ander gelowe vanaf die pous en die Kerk uitgegaan nie.

